

VISIE, WAARDES EN MISSIE

Visie

Om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

Waardes

Die Noordwes-Universiteit onderskryf die waardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid.

Missie

Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om ons kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer.

Die Universiteit sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.

Missie-elemente en doelwitte

Die missie bestaan uit die volgende elemente:

- Om deur middel van onderrig en leer van gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink en in staat is om die land en sy mense te dien.
- Om relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte voort te bring en te handhaaf, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.
- Brei die implementering van kundigheid – kommersieel sowel as gemeenskapsgerig – uit tot voordeel van die provinsie, die land, die SAOG-streek, die vasteland, en uiteindelik die wêreld.
- Wees 'n waardegedrewe universiteit wat daarna streef om in die nastrewing van ons missie 'n verskil te maak.
- Streef daarna om internasionaal erken te word as 'n goed bestuurde en innoverende universiteit, met 'n kliëntefokus ingebed in kwaliteit. Die Universiteit beoog om dit te bereik deur die skep van 'n instaatstellende omgewing wat die Universiteit se kernbesigheid sal uitbou en verbeter, terwyl die instelling finansiële lewensvatbaar bly.
- Voortdurende transformasie ten opsigte van posisionering, akademiese profiel, eenheid, gelykheid en herstel. Sodoende dra die Universiteit by tot die transformasie van die Suid-Afrikaanse hoërondewysstelsel ten einde gehoor te gee aan die land se maatskaplike, ekonomiese, ontwikkelings- en omgewingsbehoefes.



Die tema van ons 2008-Jaarverslag is geïnspireer deur ons slagspreuk, **Innovasie deur diversiteit**.

Hierdie kenmerke loop dwarsdeur **al ons aktiwiteite** en werksaamhede, van die navorsing wat ons doen tot ons akademiese aanbiedings, bestuursmodel, kampusstruktuur, studentekorps, gemeenskapsbetrokkenheid en sportprestasies.

“Sedert die samesmelting het die NWU nog altyd die **unieke verskeidenheid** van die NWU-gemeenskap as ‘n bate beskou, en nie ‘n hindernis nie. Ek glo dat diversiteit tot sinergie bydra indien dit omsigtig bestuur word – met ander woorde dit laat toe dat die NWU meer is as die som van sy dele. Ek het deur die jare dikwels gesien hoe die **kombinasie van die unieke talente**, kundigheid en eienskappe van ons diverse samelewing tot **vars, innoverende idees** lei.”

- Dr Theuns Eloff, Visekanselier.

INHOUDSOPGAWE



1	Visie, Waardes en Missie
4	Bestuursopsomming
OORSIG VAN INSTITUSIONELE KORPORATIEWE BESTUUR	
10	Institusionele hoogtepunte
12	Samestelling van die Raad
18	Boodskap van die Kanselier
20	Verslag van die Voorsitter van die Raad
22	Raadsverslag oor Korporatiewe Bestuur
34	Senaatsverslag
48	Verslag van die Institusionele Forum
OORSIG VAN INSTITUSIONELE BESTUUR	
52	Samestelling van die Institusionele Bestuur
54	Verslag van die Visekanselier
60	Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Onderig-Leer en Adjunkhoof
66	Verslag van die Institusionele Registrateur
72	Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling
80	Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge
84	Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie
94	Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
KAMPUSOORSIG	
104	Kampusoorsig: Mafikeng
112	Kampusoorsig: Potchefstroom
120	Kampusoorsig: Vaaldriehoek
FINANSIËLE OORSIG	
130	Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
138	Gekonsolideerde balansstaat soos op 31 Desember 2008
139	Gekonsolideerde inkomtestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2008
140	Lys van afkortings
142	Erkenning

BESTUURSOPSOMMING



Hoewel die Noordwes-Universiteit gedurende 2008 wel sekere uitdagings die hoof moes bied, was die jaar een van die beste tot op datum en het die Universiteit talle van sy eie prestasieteikens oortref en van die mees gesogte toekennings in die hoërondewysomgewing verower.

Die eksterne erkenning wat die NWU vir sy leierskap op 'n verskeidenheid gebiede ontvang het, was een van die groot hoogtepunte van die jaar. Op die gebied van korporatiewe bestuur het die Universiteit as die bes bestuurde hoërondewysinstelling in Suid-Afrika na vore getree deur PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuurstoekening vir Uitnemendheid in Hoëronderdig vir 2008 te verower. Eweneens het die NWU in die Nasionale Innovasiefondskompetisie uitgeblink deur as die Mees Tegologiese Innoverende Hoëronderdiginstelling aangewys te word. Nog erkenning wat die NWU ontvang het, was dié van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT), wat 'n spesiale toekening aan die Universiteit gemaak het vir sy dekadellange bydrae tot meertaligheid en nasiebou.

Hierdie sterk prestasie het hand-aan-hand gegaan met voortgesette verbeterings in die Universiteit se kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid, sowel as in sy finansiële stand. Aan die einde van 2008 het die NWU vir die vyfde agtereenvolgende jaar 'n netto surplus opgelewer. Dit het R71 miljoen beloop, wat die doeltreffendheid van die finansiële bestuur by die Universiteit onderstreep.

Onderrig-leer aan die NWU het gedurende die oorsigjaar gesond en lewenskragtig gebly. Die instelling het byvoorbeeld goeie toenames in graadueringskoerse behaal, wat tot 26% vir voorgraadse grade en diplomas toegeneem het, vergeleke met 24% in 2006 en 25,3% in 2007. Dit word weerspieël in die rekordgetal van 12 337 kwalifikasies wat gedurende die herfs- en lentegradeplegtighede toegeken is.

Navorsing het ook 'n aantal hoogtepunte behaal. Op grond van die 100%-sukkeskoers vir nuwe graderingsaansoeke het die Universiteit 2008 afgesluit met 103 Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorsers, 'n toename vanaf 95 die vorige jaar. Totale navorsingsuitset het in 2008 tot 1 089 eenhede toegeneem, vanaf 1 061 in 2007.

'n Belangrike mylpaal ter voorbereiding vir toekomstige stygings in navorsingsuitset was die implementering van die nuwe navorsingsentiteitemodel op al drie kampusse.

Kwaliteit en eenheid was nóg twee belangrike temas in 2008. Wat betref kwaliteit het die kollig vierkantig op die afhandeling van die voorbereidings vir die oudit van die Hoërondewyskwaliteitskomitee geval, wat vir vroeg in 2009 beplan is. Met dít in gedagte het die Universiteit regdeur 2008 aan die verfyning van die selfevalueringsverslag en -portefeulje gewerk, wat vroeg in Desember aan die HOKK voorgelê is.

Ten opsigte van eenheid, wat sedert die samesmelting in 2004 'n fokus by die Universiteit was, het die NWU 'n noodsaaklike mylpaal bereik deur die nuwe slagspreuk te aanvaar, naamlik Innovasie deur diversiteit.

Dít het die finale stap in die nuwe handelsmerkvestigingsstrategie voltooi, wat 'n eenvormige institusionele handelsmerkposisie verseker terwyl die NWU die volgende stadium van sy ontwikkeling betree.

EXECUTIVE SUMMARY



While the North-West University faced its share of challenges during 2008, the year was one of its best to date, with the University exceeding many of its own performance targets and winning some of the most prestigious awards in the higher education environment.

The external recognition received for the NWU's leadership in a range of fields was a major highlight of the year. In the field of corporate governance, the University emerged as the best-governed higher education institution in South Africa by winning the 2008 PricewaterhouseCoopers Higher Education Excellence Award for Corporate Governance.

Similarly, in the National Innovation Fund Competition, the NWU excelled by being named as the Most Technologically Innovative Higher Education Institution. Yet another accolade, this time from the Pan South African Language Board (PanSALB), saw the NWU receiving a special award for its decade-long contribution to multilingualism and nation building.

This strong performance went hand in hand with ongoing improvements in the University's core business of teaching-learning, research and implementation of expertise, as well as in its financial position.

At the end of 2008, for the fifth successive year, the NWU again produced a net surplus. This amounted to R71 million, underlining the effectiveness of financial management at the University.

Teaching-learning at the NWU remained healthy and robust during the year under review. For instance, the institution achieved good increases in graduation rates, rising to 26% for undergraduate degrees and diplomas, compared to 24% in 2006 and 25,3% in 2007.

This is reflected in the record number of 12 337 qualifications conferred during the autumn and spring graduation ceremonies.

Research also reached a number of high notes. Based on a 100% success rate for new rating applications, the University ended 2008 with 103 researchers with ratings from the National Research Foundation, up from 95 in the previous year.

Total research output increased to 1 089 units in 2008, up from 1 061 in 2007. An important milestone in preparing for future gains in research output was the implementation of the new Research Entities model on all three campuses.

Quality and unity were two other important themes of 2008. In the case of quality, the spotlight was squarely on completing preparations for the Higher Education Quality Committee audit planned for early 2009. With this in mind, the University worked throughout 2008 to perfect the self-evaluation report and portfolio, which was submitted to the HEQC early in December.

In terms of unity, which has been a focal point at the University since the merger in 2004, the NWU reached a crucial milestone by adopting the new pay-off line, Innovation through diversity. This completed the final step in the new branding strategy, ensuring a unified institutional branding position as the NWU enters the next stage of its development.



KGUTSUFATSO YA BOLAODI



Le ha Yunivesithi ya Leboya-Bophirima e bile le diphephetso tsa yona ka 2008, selemo seo e bile se seng sa tse molemo haholo, moo Yunivesithi e ipabotseng ka makgabane le ho hapa dikgau tsa bohlokwa lebatoweng la thuto e phahameng.

Thoholetso e tswang ka ntle ya botsamaisi ba NWU mafapheng a mangata e bile sehlohlolo sa selemo seo. Lefapheng le puso ka kopanelo, Yunivesithi e bile ka sehlohong mabapi le tsamaiso ho tsa thuto e phahameng. Afrika Borwa ka ho hapa Kgau ya 2008 ya PricewaterCoopers ya Makgabane Thutong e Phahameng. Ka mokgwa o jwalo, Phehisanong ya Naha ya Ntlafatso Thutong e Phahameng, NWU e nnile ya tswa tjaro ya mabonwa ka ho hlwauwa e le e Fetisang Phehisanong ya Naha Ntlafatsong ya Theknoloji. Tlotlo e nngwe e amohetsweng ke NWU e bile e tswang Lekgotleng la Dipuo Afrika Borwa (PanSALB) ka baka ntshetsopele ya dipuo le kaho ya setjhaba.

Tshebetso ena e matla e tsamaelana le dintlafatso tse tswelang pele Yunivesithing tshabetsong ya yona ya motheo ho ithuteng le ho ruta, diphuputso ekasitana le tshebediso ya bokgoni le maemo a ditjhelete. Mafelong a selemo sa 2008, lekgetlo la bohloko ka tatelano, NWU e bile le tshallo ditjheleteng. Sena e bile dimilone tse R71 tse supang tshebediso e ntle ya ditjhelete Yunivesithing.

Ho ithuteng le ho ruta NWU e maemong a matle le a hlamatsehlang selemong se boletsweng. Ho tea mohlala, institushene e bile le keketseho kabong ya dikgau, e nyolohetseng ho 26% dikring tse qalang dopoloma papisong le 24% ka 2006 le 25.3% ka 2007. Sena se pakwa

ke mangolo a 12 337 a abilweng dikapesong tsa hwetla le tsa selemo.

Diphuputso le tsona di fihletseboemo bo hodimo. Ho itshetlehlwe ka katleho ya 100% katlehong ya dikopo tse entsweng bakeng sa ho fuwa maemo, Yunivesithi e kwetse selemo sa 2008 ka bafuputsi ba 103 ba filweng maemo ke Letlole la Naha la Diphuputso, ho tloha ho 95% ya selemo se ka pele. Diphuputso tsohle tse phethilweng e bile diyuniti tse 1 089 ka 2008, ho tloha ho 1061 ka 2007. Phihlollo ya bohlokwa boitokisetsong ba ka moso diphuputsong e bile ho kenya tshabetsong Maqulwana a Diphuputso dikhampaseng tsohle tse tharo.

Boleng le bonngwe e bile bile meoko ya bohlokwa ka 2008. Mabapi le boleng, mahlo a ne a tsepamisitswe boitokisetsong ba ho oditwa ho neng ho reretswe maqalo a 2009. Ho shebilwe taba ena, Yunivesithi e sebeditse 2008 yohle ho kutletswa tlaleho le potfolio ya boitekolo e fetiseditsweng HEQC maqalong a Tshitwe.

Mabapi le bonngwe boo e bileng ntlha e shebilweng ho tloha nakong ya momahano ka 2004, NWU e ile ya fihlella kgato ya bohlokwa Ntlafatsong ka karohano. Sena e bile kgato ya ho qetela moralong wa lepetjo, o kgonahatsang NWU moralo oo ha e kena kगतong e latelang ya ntshetsopele.

TSHOBOKANYO YA KHUDUTHAMAGA



Le fa Yunibesiti ya Bokone-Bophirima e ile ya nna le mathata a yone ka 2008, ngwaga e e ne yea nna e e gaisitseng tse dingwe tsotlhe ka gonne Yunibesiti e kgonne go fitlhelela tiro e e fetang mekgele e e neng e beilwe le go fenya diawate dingwe tse di tumileng mo go tsa thuto e e kwa godimo.

Mo ngwageng e e fetileng, go amogela dikakgolo tse di tswang kwa ditheong tse di kwa ntle malebana le boeteledipele jwa YBB mo ditirong tse di farologaneng e ne e le selo se se kwa setlheong. Mo tirong ya go tsamaisa kgwebo, Yunibesiti e ne ya itshupa e le setheo sa thuto e e kwa godimo se se laolwang ka tsela e e molemo go di gaisa tsotlhe mo Aforika Borwa ka go ikgapela Awate ya Botsamaisi Jwa Kgwebo ya Thuto ya Maemo a a Kwa Godimo ya PricewaterhouseCoopers. Gape, mo Kgaisanong ya Bosetšhaba ya Letlole la Mekgwa e Meša ya go Dira Dilo, YBB e ne ya di goga kwa pele ka go kaiwa e le Setheo sa Thuto e e Kwa Godimo se se di Gogang Kwa pele go Gaisa Tsotlhe mo Thekenolojeng ya Mekgwa e Meša ya go Dira Dilo. YBB e ne ya newa kabelokhuno e nngwe gape e e kgethegileng go tswa kwa Pan South African Language Board (PanSALB), ka ntlha ya go bo e feditse dingwaga di le lesome e rotloetsa tiriso ya dipuo tse di farologaneng le go aga setšhaba.

Tiro eno e e dirilweng ka mabogo a a duleng diatla e ne e tsamaisana le go tokafadiwa ga dilo mo tirong ya konokono ya Yunibesiti ya go ruta le go ithuta, go dirwa ga patlisiso le go dirisiwa ga bokgoni mo tirong, le mo tirong e e amanang le ditšhelete. Kwa bokhutlong jwa 2008, ngwaga ya botlhano ka go tlhomagana, YBB e ne ya boa gape ya nna le madi a lefetiso. E ne e le bokana ka R71 milione, mme seno se ne se bontsha tiro e ntle e e dirwang ke setlhopha sa botsamaisi mo Yunibesiting.

Mo ngwageng ya go sekasekwa kafa ditiro di neng di dirwa ka gone, go ruta le go ithuta mo YBB go ne go dirwa ka tsela e e molemo le ka natla. Ka sekai, palo ya baalogi mo setheong e ne ya gola go fitlha go 26% ya baithuti ba ba ngwaga ya ntlha ba ba iponetseng di dikerii le di dipoloma, fa e bapisiwa le 24% ka 2006 le 25,3% ka 2007. Seno se ne

sa bontshiwa sentle ke palo e kgolo ya ditshwanelego di le 12 337 tse di neng tsa newa baithuti ka nako ya meletlo ya kalogo ka letlhabula le ka dikgakologo.

Tiro ya patlisiso le yone e ile ya gola thata. Yunibesiti e ne ya wetsa 2008 e na le babatlisisi ba le 103 ba Setheo sa Bosetšhaba sa Patlisiso se neng se ba neile maduo a a simololang ka 95 go ya kwa godimo, fa dikopo tse dintšha tse di neng di tla tsennngwa e ne e le tse go neng go lebeletswe gore di atlege ka maduo a 100%. Tiro yotlhe ya bobatlisisi e ne ya oketsega go fitlha go diyuniti di le 1 089 ka 2008, go tswa go di le 1 061 ka 2007. Phitlhelelo e e botlhokwa thata ya go baakanyetsa go nna le matswela a a seng kana ka sepe mo go tsa patlisiso e ne e le go tsennngwa tirisong ga mokgwa wa Ditlamo Tsa Patlisiso mo dikhamphaseng ka boraro jwa tsone.

Ditlhogo tse dingwe tse di botlhokwa ka 2008 e ne e le boleng le kutlwano. Malebana le boleng, go ne go tlhomilwe mogopolo thata mo go felelediweng ga dithulaganyo tsa boruni jwa 2009 jwa Komiti ya Boleng Jwa Thuto e e Kwa Godimo.

Malebana le kutlwano, e e ntseng e le selo sa botlhokwa mo Yunibesiting fa e sa le di kopanngwa tsotlhe ka 2004, YBB e nne le phitlhelelo e e gakgamatsang ka go amogela moano o moša, *Poposešwa ka pharologano*. Seno e ne ya nna kgato ya bofelo mo thulaganyong ya go dirwa ga leinakgwebo le leša, go tlhomamisa gore setheo sotlhe se dira dilo ka go tshwana malebana le tiriso ya leinakgwebo fa YBB e tsena mo setlheng se seša sa tlabololo ya yone.

Bokhutlo





**"DIE NWU SE KRAG LÊ IN ONS *DIVERSITEIT*. KOMENDE VAN
DIVERSE AGTERGRONDE KOMBINEER ONS ONS VERSKILLENDE *TALENTE*,
KUNDIGHEID EN *KARAKTEREIEKAPPE* EN DIT LEI TOT NUWE,
INNOVERENDE IDEES MET DIE OOG OP DIE TOEKOMS VAN ONS INSTELLING."
– PERSONEEL, INSTITUSIONELE KANTOOR**



OORSIG VAN INSTITUSIONELE KORPORATIEWE BESTUUR

- 10** Institusionele hoogtepunte **12** Samestelling van die Raad
18 Boodskap van die Kanselier **20** Verslag van die Voorsitter van die Raad
22 Raadsverslag oor Korporatiewe Bestuur **34** Senaatsverslag
48 Verslag van die Institusionele Forum

INSTITUSIONELE HOOGTEPUNTE

Effektiewe bestuur

- Nadat hy die afgelope vier jaar suksesvol aan die stuur van die NWU-samesmelting gestaan het, is dr Theuns Eloff vir 'n tweede termyn deur die NWU-raad as Visekanselier aangestel.
- Die NWU is weereens as die bes bestuurde universiteit in Suid-Afrika erken. Die Universiteit het op sy 2007-rekord as medewenner van die PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoëronderdig verbeter deur as die algehele wenner vir 2008 benoem te word.
- Die NWU het 'n spesiale toekenning van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) ontvang ter erkenning daarvan dat die Universiteit gedurende die afgelope tien jaar in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor die meeste tot meertaligheid en nasiebou bygedra het.
- Deur die aanvaarding van 'n nuwe slagspreuk, *Innovasie deur diversiteit*, het die NWU die finale stap in sy handelsmerkvestiging-strategie ná die samesmelting voltooi. Hierdie oorkoepelende slagspreuk geld vir die hele instelling – insluitende die Institusionele Kantoor en die drie kampusse – en dit verseker 'n eenvormige institusionele handelsmerkposisionering.

Onderrig-leer

- Volgens statistiek wat deur die Departement van Onderwys in April 2008 gepubliseer is, is die NWU die vyfde grootste universiteit in Suid-Afrika. Die NWU het in 2006 die beste graadverwerwingsnorm vir meestersgrade in die sektor behaal, die tweede beste vir baccalaureus-grade, en die vierde beste vir doktorsgrade. Die NWU het ook die vierde hoogste aantal voorgraadse en meestersgraadstudente en die derde meeste doktorsgraadstudente in die land opgelewer.
- Ongeveer 47 008 studente was gedurende 2008 by die NWU ingeskryf, ondersteun deur altesaam 2 753 permanente akademiese en ondersteuningspersoneellede.
- Die NWU het in 2008 'n rekordgetal kwalifikasies toegeken. Altesaam 6 075 grade en diplomas is gedurende die herfsgradeplegtighede toegeken, en meer as 6 262 gedurende die lentegradeplegtighede.

Navorsing en implementering van kundigheid

- In November 2008 het die Departement Wetenskap en Tegnologie aangekondig dat die NWU die Nasionale Innovasiefonds-kompetisie se kategorie vir die Mees Tegnologies Innoverende Hoëronderwysinstelling gewen het.
- Die NWU se unieke navorsingsvermoëns op die gebied van kerningenieurswese het vroeg in 2008 bykomende momentum verkry toe 'n nuwe samewerkingsooreenkoms met Pebble Bed Modular Reactor (Pty) Ltd onderteken is. Die nuwe ooreenkoms maak voorsiening vir die borgskap van 'n verskeidenheid projekte wat ontwerp is om praktiese oplossings te verseker vir die energiekrisis wat Suid-Afrika in die gesig staar. Projekte wat gedek word, sluit navorsing oor femtochemie en laserspektroskopie in, asook die toetsing en ontwikkeling van komponente vir modulêre reaktoraanlegte.
- Die Universiteit se Senaat het 'n nuwe model vir navorsingsentiteite goedgekeur, wat oor die potensiaal beskik om navorsingsuitset in so 'n mate te verbeter dat die NWU binnekort onder die voorste vyf of ses navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika kan tel. Volgens die nuwe model kan 'n groep navorsers by enige skool of kampus vir 'n nisarea, fokusarea, eenheid of sentrum van uitnemendheid aansoek doen.
- In 2008 het die NWU 11 nuwe navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting en altesaam 103 gegradeerde navorsers gehad.
- Die NWU se navorsingspublikasie-uitset het 'n opwaartse tendens gehandhaaf. In 2008 het die Universiteit 'n geraamde 512,64 publikasie-uitseteenhede (insluitende boeke, konferensieverrigtinge-publikasies en artikel-ekwivalente) geproduseer, vergeleke met 376,10 in 2007 en 360,85 in 2006.
- In 'n ander mosie van vertroue in die NWU se kundigheid het die Departement Wetenskap en Tegnologie aan die Universiteit 'n R400 000-kontrak toegeken om 'n sakeplan vir die voorgestelde Noordwes-Wetenskapspark (NWWP) te ontwikkel.



Die NWU is bekroon as die Mees Tegnologies Innoverende Hoërondewysinstelling in 2008. Hier ontvang dr Rudi van der Walt, (middel) Institusionele Direkteur: Innovasie, die toekenning van dr MacLean Sibanda (links), Waarnemende Uitvoerende Direkteur van die Innovasiefonds en mnr Mosibudi Mangena, (regs) voormalige Minister van Wetenskap en Tegnologie.



*HOEWEL DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT GEDURENDE 2008 WEL SEKERE UITDAGINGS DIE HOOF MOES BIED, WAS DIE JAAR EEN VAN DIE **BESTE TOT OP DATUM** EN HET DIE UNIVERSITEIT TALLE VAN SY EIE PRESTASIE TEIKENS **OORTREF** EN VAN DIE MEES GESOGTE TOEKENNINGS IN DIE HOËRONDERWYSOMGEWING **VEROWER**.*

Prof Marlene Verhoef, Institusionele Direkteur: Taaldirekoraat, met die toekenning wat die Universiteit van PanSAT ontvang het ter erkenning daarvan dat die Universiteit gedurende die afgelope tien jaar in die Suid-Afrikaanse hoërondewyssektor die meeste tot meertaligheid en nasiebou bygedra het.

SAMESTELLING VAN DIE RAAD

Samestelling van die Raad soos op 31 Desember 2008:



Voorsitter: Mnr PJ van der Walt
(lid van die private sektor)

Ondervoorsitter: Dr SD Mthembu-
Mahanyele (ministeriële aanstelling)

AANSTELLINGS DEUR DIE MINISTER VAN ONDERWYS



Me NML Letlape: BA in Openbare en Private Bestuur en HonsBA in Openbare Korporatiewe Bestuur (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2007 tot 2010.

Mnr OJJ Tabane: BA (Universiteit van die Noorde), BProc (Universiteit van die Wes-Kaap), MPhil (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit); in 2008 aangestel vir 'n vierjaartermyn, van 2008 tot 2012.

Dr SD Mthembu-Mahanyele: BA (Universiteit van die Noorde); Onderwysdiploma (Universiteit van die Noorde), Nagraadse Diploma in Finansiële Ekonomie (London School of Economics); in 2008 aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2008 tot 2011.

Mnr NM Fuzani: BA (Universiteit van Kaapstad); in 2008 aangestel vir 'n vierjaartermyn, van 2008 tot 2012.

LEDE UIT DIE PRIVATE SEKTOR



Mnr PJ van der Walt: GR(SA) (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MA in Sosiale Wetenskappe (HEC School of Management, Parys), AMP (Templeton College, Oxford en HEC School of Management, Parys); verkies vir 'n vyfjaartermyn, van 2006 tot 2011.

Dr C Reinecke: DSc in Chemie (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MBL (UNISA); verkies vir 'n vierjaartermyn, van 2006 tot 2010.

Dr JJ van Zyl: DCom (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n vierjaartermyn, van 2006 tot 2011.

Mnr T Makubire: MSc en DSc (Universiteit van Berlyn); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2006 tot 2009.

LEDE UIT DIE GEMEENSKAP



Me H Rupert-Koegelenberg: BMus (cum laude), HonsBMus (cum laude) (Universiteit van Stellenbosch), Fellowship of the Trinity College of Music (Londen) (met onderskeiding), Licentiate of the Royal Schools of Music UK (met onderskeiding), Onderwyserslisensiaat in Musiek (met onderskeiding) (UNISA); aangewys vir 'n driejaartermyn, van 2007 tot 2010.

Mnr TJS Thabane: Sekondêre Onderwysdiploma (Vista-universiteit); aangewys vir 'n driejaartermyn, van 2007 tot 2010.

Dr D Breed: BA, ThB, ThM en ThD (cum laude) (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangewys vir 'n driejaartermyn, van 2006 tot 2009.

Mnr S Mohapi: Gegradueerde van die Effektebeurskollege (SA), Diploma in Beleggingsbestuur (Randse Afrikaanse Universiteit), Sertifikaat van Bevoegdheid (Boedelbeplanning en -administrasie), Gekwalifiseerde Assesseerder en Fasiliteerder (ETDP SETA), Nagraadse Diploma in Maatskappyleiding (NKR7), (Nagraadse Instituut in samewerking met die Instituut van Direkteure); aangewys vir 'n driejaartermyn, van 2008 tot 2011.

LEDE AANGEWYS DEUR DIE KONVOKASIE



Mnr PJW Buys: HonsBA (Randse Afrikaanse Universiteit); aangewys vir 'n vierjaartermyn, van 2006 tot 2010.

Dr FJ Kok: MA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); DPhil (Universiteit van Stellenbosch); aangewys vir 'n vierjaartermyn, van 2006 tot 2010.

Adv JSM Henning, SC: BJuris en LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangewys vir 'n driejaartermyn, van 2006 tot 2009.

Prof LA van Dyk: MBA (Stellenbosch Sakeskool), MA in Sielkunde (Universiteit van Pretoria), MA in Konsultering en Afrigting (Hautes Etudes Commerciales, Frankryk); aangewys vir 'n driejaartermyn, van 2006 tot 2009.

*"EK WEET DAT MY MEDERAADSLEDE MY DAARIN SAL ONDERSTEUN AS EK SÊ **ONS IS TROTS** DAAROP DAT ONS DIE GELEENTHEID GEGUN IS OM DIE UNIVERSITEIT IN 2008 TE DIEN, EN **ONS SIEN UIT** NA DIE VOORREG OM DIT STEEDS TE DOEN IN DIE JAAR WAT VOORLÊ."*

*– MNR PEET VAN DER WALT,
VOORSITTER VAN DIE RAAD*

LEDE MET SPESIALE KUNDIGHEID



Mnr T Mokgatla: BCom (Universiteit van Noordwes), HonsBCompt (UNISA), GR(SA); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2007 tot 2010.

Me I Pooe: BA (Universiteit van Bophuthatswana), Diploma in Toerisme en Bemerkingsbestuur (Oostenryk); aangestel vir 'n vierjaartermyn, van 2007 tot 2011.

INTERNE LEDE LEDE VAN DIE BESTUUR



Dr T Eloff (Visekanselier):
BJuris (Econ), ThB, ThM en ThD
(Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys); ex
officio-lid.

Dr MN Takalo (Adjunkhoof):
BA en BEd (Universiteit van die
Noorde), MA (Boston Universi-
teit); EdM en EdD (Universiteit
van Columbia); ex officio-lid.

INTERNE LEDE LEDE VAN DIE SENAAT



Prof A le R du Plooy: BA, ThB,
ThM en ThD (Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys); verkies vir 'n drie-
jaartermyn, van 2006 tot 2009.

Prof F Venter: BJur et Comm,
LLB en LLD (Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys); verkies vir 'n drie-
jaartermyn, van 2006 tot 2009.

Prof TC Rabali: BA (UNISA),
ThB en ThM (Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys); DTh (UNISA); verkies
vir 'n vierjaartermyn, van 2006
tot 2010.

Dr MW Lumadi: STD (VECO),
FDE (Randse Afrikaanse Univer-
siteit), BA (UNISA), BEd Hons
(Witwatersrandse Universiteit),
HonsBA (UNISA), MEd (Uni-
versiteit van Johannesburg),
MAdmin MHB (Noordwes-Uni-
versiteit), MA (Universiteit van
Stellenbosch), DEd (UNISA),
DD (Kalifornië VSA); verkies vir
'n driejaartermyn, van 2007 tot
2010.

LEDE UIT DIE GELEDERE VAN ANDER AKADEMIESE PERSONEEL



Prof E van der Schyff: BA LLB, LLM (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), LLD (Noordwes-Universiteit); verkies vir 'n vyfjaartermyn, van 2007 tot 2012.

Prof C de W van Wyk: DCom (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n vierjaartermyn, van 2007 tot 2011.

LEDE UIT DIE GELEDERE VAN NIE-AKADEMIESE PERSONEEL



Prof AS Coetzee-Van Rooy: BA, Hoëronderwysdiploma, BAHons, MA, PhD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangewys vir 'n vierjaartermyn, van 2007 tot 2011.

Prof MM Verhoef: Hoëronderwysdiploma, Hoër Diploma in Biblioteekwese en PhD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangewys vir 'n vyfjaartermyn, van 2007 tot 2012.

VERTEENWOORDIGERS VAN DIE INSTITUSIONELE VERTEENWOORDIGENDE STUDENTERAAD

Lede dien in die Raad vir 'n tydperk soos bepaal deur die IVSR. Die volgende IVSR-lede het tot Oktober 2008 in die Raad gedien:



Mnr A Atau-Rahman: BA (PSIR) (Noordwes-Universiteit), MA (tans) (NWU, Mafikeng-kampus).

Me MM Tromp: BCom (Regte) (tans) (NWU, Potchefstroom-kampus).

Mnr M Tebakang: BEEd (tans) (NWU, Vaaldriehoek-kampus).

VERTEENWOORDIGERS VAN DIE INSTITUSIONELE VERTEENWOORDIGENDE STUDENTERAAD

Vanaf November 2008 het die volgende IVSR-lede in die Raad gedien:



Mnr P Lethobeng: LLB (tans) (NWU, Mafikengkampus).

Me A Croucamp: BEd (Noordwes-Universiteit), Honneurs in Bedryfsgigologie (tans) (NWU, Potchef-stroomkampus).

Mnr S Mbatha: BCom (Internasionale Handel en Bemarking) (Noordwes-Universiteit), Honneurs in Ekonomie (tans) (NWU, Vaaldriehoekkampus).

SEKRETARIS VAN DIE RAAD



Dr NT Mosia: BA, HonsBA en Diploma in Universiteitsonderig (Universiteit van die Noorde), MA (Portland State University), PhD (Universiteit van Pretoria); MCSSA.

*"AS GEVOLG VAN DIE UITEENLOPENDE
AGTERGRONDE EN ERVARING VAN LEDE IS DIE
RAAD IN STAAT OM 'N GOED GEBALANSEERDE
STANDPUNT IN TE NEEM OOR WATTER
AANGELEENTHEID OOK AL GEDEBATTEER WORD."*

*– MNR PEET VAN DER WALT,
VOORSITTER VAN DIE RAAD*

UITTREDENDE RAADSLEDE

Aanstellings deur die Minister van Onderwys

Mnr G Mayet: 13 Februarie 2004 tot 11 Februarie 2008

Dr LK Sebego: 13 Februarie 2004 tot 11 Februarie 2008

Lede aangewys deur die gemeenskap

Dr CJ Smit: 13 Februarie 2004 tot 11 Februarie 2008

Mnr S Ngwenya: 13 Februarie 2004 tot 11 Februarie 2008

Lid met spesiale kundigheid

Adv MNS Sithole, SC: 13 Februarie 2004 tot 11 Februarie 2008

BOODSKAP VAN DIE KANSELIER

Die Noordwes-Universiteit (NWU) het die afgelope vyf jaar geweldig ver gevorder.



Dr Popo Molefe
Kanselier

As ek terugkyk na die dag toe ek as Kanselier ingehuldig is, moet ek erken dat ek 'n mate van vrees ervaar het oor hoe twee instellings met sulke kontrasterende kulture enigsins hul verskille en vooroordele te bowe sou kon kom en as een instansie by mekaar uitkom. Aan die eenkant was daar 'n instelling wat histories en rigied tot Christelike waardes verbind was; aan die ander kant was daar 'n landelike Afrika-universiteit wat deurdrenk was met etniese tuislandtradisies.

Hoe kon twee sulke onwaarskynlike vennote enigsins hul wedersydse uitsluitlike erfenisse te bowe kom en iets groter en beter as die somtotaal van die onderdele daarvan tot stand bring?

Die feit is, hulle het inderdaad daarin geslaag. Hoewel die NWU van vandag nie 'n toonbeeld van perfeksie is nie, is dit sekerlik een van die aangrypendste suksesverhale in Suid-Afrikaanse hoërondewys. Nie net het die Universiteit daarin geslaag om bo-aan die ranglys geplaas te word as die universiteit in Suid-Afrika met die beste korporatiewe bestuur nie, maar die NWU is ook vereer met die toekenning dat dit oor die afgelope 10 jaar meer as enige ander universiteit in die land tot meertaligheid en nasiebou bygedra het.

Hierbenewens is die NWU twee maal – eers in 2005 en daarna weer in 2008 – as Suid-Afrika se mees tegnologies innoverende hoërondewysinstelling benoem.

Ons moet ook nie vergeet dat die NWU die akademiese en navorsingsleer vasbeslote bestyg het nie, met 'n beweging weg vanaf 'n betreklik onbekende status na die volgende topposisies: Ons tel tans onder die voorste sewe universiteite in die land wat betref navorsing, onder die voorste vyf wat ons voorgraadse graueringskoers betref, en ten opsigte van innovasie, onder die voorste twee.

Maar moontlik die prestasie waarop ons die trotste is, is die bestendige vordering wat die Universiteit maak in die strewe na transformasie, en veral wat betref die ontwikkeling van 'n werklik nie-rassige instelling.

Toegegee, ons streef nog na die dag wanneer studente wat nou aan een NWU-kampus verbonde is, ewe gemaklik

na 'n ander kampus toe kan skuif. Ek is egter oortuig dat ons 'n punt bereik het waar daar nie meer teruggedraai kan word nie. Onder studente sowel as personeel is daar 'n hoë mate van bewustheid dat daar geen ruimte vir vooroordeel, onverdraagsaamheid of enige ander skending van menswaardigheid is nie. En, as 'n akademiese gemeenskap wat die Grondwet onderskryf, beskou die NWU dit as sy plig om enige optrede of versuim wat afbreuk doen aan die waardes wat hy voorstaan te ondersoek en hom daarteen uit te spreek.

Hierdie verbondenheid is reeds 'n hele aantal kere oor die jare heen nagekom, byvoorbeeld in 2008 ná die sogenaamde Facebook-voorval op die Potchefstroomkampus, wat uitgeloop het op dissiplinêre stappe teen verskeie studente wat by 'n rassevoorval geïmpliseer was. Dit het ook geblyk ná die xenofobiese aanvalle op buitelanders wat in Suid-Afrika woon, wat daartoe gelei het dat die NWU-senaat 'n sterk bewoorde verklaring uitgereik het wat die waardes herhaal het wat hulle na aan die hart lê: "Ons Universiteit onderskraag onomwonde die beginsels van menswaardigheid, gelykheid en billikheid wat in ons Grondwet verskans is," het die Senaatsverklaring gelui. "Hierdie Universiteit staan vir respek vir ons medemens; ons staan vir die uitvoering van ons verskillende mandate en verantwoordelikhede, met integriteit en verbondenheid daartoe."

Die NWU het ook nie net bloot op negatiewe voorvalle gereageer nie, maar was proaktief in die stel van standarde

van gedrag wat van almal in die Universiteitsgemeenskap vereis word. Oor die afgelope jaar het die instelling sy eie Menseregtekomitee tot stand gebring, onder leiding van een van die land se mees gerespekteerde regsliu, en 'n ondersoek na die vlakke van sosiale kohesie en integrasie onder die Universiteit se residensiële studente van stapel gestuur.

Regdeur die afgelope vyf jaar wat ek as Kanselier gedien het, was dit duidelik dat nóg die Raad nóg Bestuur bang is om die bul by die horings te pak wanneer die neteliger aspekte van Suid-Afrika se sosio-politiese erfenis hanteer word. Hierdie kenmerk, tesame met die NWU se kernwaardes van integriteit, toegewydheid, aanspreeklikheid en respek, gee my hoop vir sy toekoms as 'n model-hoëronderwysinstelling en 'n prototipe van hoe gemeenskap saam kan leef, werk en vooruitgaan.

My termyn as Kanselier verstryk aan die einde van Mei 2009, maar ek sal hierdie universiteit se bereiking van selfs hoër hoogtes dophou. Ek is oortuig dat dit net so 'n groot eer vir my opvolger sal wees om hierdie instelling te dien as wat dit vir my was.



DR PS MOLEFE
KANSELIER

BY DIE NWU IS ALLE BELEIDE BELYN, ALLE PROSESSE GEDOKUMENTEER EN HET ALLE BESTUURDERS PRESTASIEOOREENKOMSTE. HIERDIE KONSEKWENTHEID VOORSIEN DIE BASIESE BOUSTENE VIR BEHOORLIKE KORPORATIEWE BESTUUR.

VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE RAAD

Wanneer 'n mens kyk na die prestasies van die NWU gedurende 2008 gee dit aan belanghebbendes die gerusstelling dat hul universiteit besig is om baie goed te vaar. Ons finansies is gesond, ons studentedeurvloei is steeds goed, navorsingsuitsette neem toe en korporatiewe bestuur is weereens as die beste in Suid-Afrika se openbare hoërondewysstelsel erken. Die besluit wat vyf jaar gelede geneem is om op die kernbesigheid van die NWU te fokus terwyl die samesmelting geïmplementeer word, was duidelik korrek.



Mnr Peet van der Walt
Voorsitter van die Raad

Dit is nie te sê dat die jaar sonder sy uitdagings was of dat ons só goed vaar dat die toekoms vir homself kan sorg nie. Dit is eerder die geval dat die Universiteit, gelei deur die Raad, verandering, uitdagings en konflik doeltreffend hanteer.

Die Raad bestaan uit 'n uiteenlopende groep mense wat een ding gemeen het: die wens om die beste belange van die Universiteit te dien. Hou in gedagte dat NWU-raadslede nie vir hul dienste vergoed word nie. As jy aangestel word, is die verwagting dat jy gekom het om te dien en deel van 'n gemeenskapspoging te wees.

As gevolg van die uiteenlopende agtergronde en ervaring van lede is die Raad in staat om 'n goed gebalanseerde standpunt in te neem oor watter aangeleentheid ook al gedebatteer word. Genoeg ruimte en tyd word voorsien om aan almal die geleentheid te gun om hul menings te lug en die betrokke kwessies behoorlik te beredeneer. Verder is ons debatte en besluite nie net op behoorlike redenasie gegrond nie, maar ook deeglik gedokumenteer sodat daar 'n papierspoor is vir elke saak wat op ons tafel beland. Hierdie kombinasie van kenmerke, tesame met ons gesamentlike verbondenheid daartoe om te doen wat die beste vir die NWU is, het oor die algemeen tot gevolg dat die Raad vrugtevolle besprekings voer en konstruktiewe besluite neem.

Dit was ook die geval met al die Raad se kritieke besluite in 2008, insluitende die heraanstelling as Visekanselier van dr Theuns Eloff, wie se ampstermyn in 2009 sal verstryk. Bewus van die onsekerheid wat 'n leierskapvakuum tot gevolg kon hê, het die Raad geen tyd verspil om 'n ad hoc-komitee saam te stel om toesig oor die vulling van die pos van Visekanselier te hou nie. Hierdie komitee is in Maart 2008 ingestel, en in November 2008 het die Raad die heraanstelling van dr Eloff vir nog 'n vyfjaartermyn eenparig goedgekeur.

Hierdie heraanstelling is uitstekend vir kontinuïteit en sal die Visekanselier toelaat om alles wat hy begin het af te handel. Die werk wat hy en sy bestuurspan oor die

afgelepe vyf jaar gedoen het, het beduidend daartoe bygedra dat die Universiteit in 2007 en 2008 in die Price-waterhouseCoopers-toekennings vir korporatiewe bestuur as die bes bestuurde universiteit aangewys is. By die NWU is alle beleide belyn, alle prosesse gedokumenteer en het alle bestuurders prestasieooreenkomste. Hierdie konsekwentheid voorsien die basiese boustene vir behoorlike korporatiewe bestuur. Die uiteindelige toets vir die doeltreffendheid van die NWU-raad word weerspieël in die selfevalueringsresultate van die Raad en sy komitees. Die oorsigtydperk is gekenmerk deur nog 'n oefening wat gebiede van deurlopende verbetering in institusionele korporatiewe bestuur identifiseer het, soos deur die kodes vir goeie praktyk van die King II-verslag beklemtoon word.

Twee ander groot sake waarmee die Raad gedurende 2008 geworstel het, was die studente-onrus op die Mafikeng-kampus en die stappe teen die studente van die Potchefstroomkampus wat in 'n rassitiese groep op Facebook geïmpliseer was.

Die NWU is 'n waardegebaseerde instelling waar alle besluite in die konteks van ons omskrewe waardes asook in die konteks van die Grondwet van Suid-Afrika en toepaslike wetgewing geneem word. Hierdie benadering voorsien die raamwerk vir die doeltreffende en besliste hantering van enige voorval by die NWU.


In die geval van Mafikeng, waar studentegeweld en vandalisme onderrig en leer ontwrig het, was die Raad se siening dat daar ferm teen misdadige optrede standpunt ingeneem moet word. Die Universiteit se standpunt hieroor is duidelik aan die studenteierskap gestel, asook die feit dat daar geen kompromis ten opsigte van hierdie standpunt kon wees nie. Kalmtte is sedertdien op die Kampus herstel.

Laat in 2008 het die Minister van Onderwys 'n taakspan aangestel om die oorsake van ontwrigtings, onstabiliteit en ongelukkigheid op die kampusse van die Noordwes-Universiteit te ondersoek, met spesifieke verwysing na die Mafikengkampus, in die konteks en doelwitte van die samesmelting en die Nasionale Plan vir Hoër Onderwys. Die Raad het aan haar ons volle samewerking verleen. Ons stem nie met al die bewerings en aanbevelings in die taakspanverslag saam nie, maar ons het erken dat die verslag gebiede uitgewys het waar ons verbeteringe kan aanbring. Daar is reeds met hierdie proses begin. Die Raad staan 'n gebalanseerde benadering in alles voor, wat beteken ons moet 'n oop genoeg gemoed hê om te erken waar ons kan verbeter, terwyl ons ons gevoelens lug indien ons nie saamstem nie.

In die geheel het die Universiteit goed gevaar om transformasie in die breedste sin te bereik, wat beteken die voorsiening van kwaliteitonderwys aan almal en die bewerkstelling van regstelling deur belegging in geboue, koshuise en fasiliteite wat die speelveld gelykmaak. Transformasie op die gebied van indiensnemingsgelykheid bly 'n belangrike fokusarea, veral op die senior vlakke, en ek is vol vertroue dat ons ook op hierdie gebied suksesvol sal wees. Die Raad het 'n "ons kan dit doen"-houding tot transformasie in die breedste sin van die woord.

Ons sit ons reis voort onderweg daarna om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word. Terwyl sommige Suid-Afrikaanse universiteite meer klem op onderrig plaas en ander meer op navorsing fokus, wil die NWU 'n balans bewerkstellig tussen onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid, die derde been van die Universiteit se kernbesigheid. Na gelang ons vorder op pad na hierdie transformasie het ons 'n toekomsvisie wat tot 2020 strek.

Namens die Raad spreek ek my innige dank uit teenoor Bestuur, personeel, studente en alle ander belanghebendes, insluitende die regering, wat besig is om die NWU te help vorm as 'n nasionale bate wat lewenskragtig, progressief, trots en presterend is. Ek weet dat my mederaadslede my daarin sal ondersteun as ek sê ons is trots daarop dat ons die geleentheid gegun is om die Universiteit in 2008 te dien, en ons sien uit na die voorreg om dit steeds te doen in die jaar wat voorlê.



MNR PJ VAN DER WALT
VOORSITTER VAN DIE RAAD

RAADSVERSLAG OOR KORPORATIEWE BESTUUR

Die Noordwes-Universiteit (NWU) verbind homself tot die hoogste standaard van dissipline, integriteit, verantwoordelikheid, regverdigheid, maatskaplike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid, en onderskryf die beginsels soos vervat in die tweede King-verslag oor Korporatiewe Bestuur in Suid-Afrika. Die integriteit van besluitneming en die korporatiewe bestuur van die Universiteit se aktiwiteite word beskerm deur gesamentlike oorlegpleging, besluitneming deur bemaagte bestuurders en deurlopende monitering van resultate en risiko's.

Hierdie beginsels word toegepas onder leiding van die Raad, die Senaat en die Institusionele Bestuur, en geld vanaf die hoogste vlak tot by die kleinste eenheid. Die Universiteit voldoen in alle wesenlike opsigte aan die vereistes van die King-verslae (1994 en 2002) oor korporatiewe bestuur en aan die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Openbare Hoërondewysinstellings soos op 1 Augustus 2007 gepubliseer.

Die rol en funksies van die Raad

Ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 is dit die Raad se taak om die Universiteit volgens die Wet en die Universiteit se Statuut te bestuur. Die generiese Standaard Institusionele Statuut (2002, soos gewysig) het gedien as die Statuut van die NWU ingevolge die Wet totdat die NWU se Statuut op 8 Augustus 2005 gepubliseer is, op welke datum hierdie Statuut in werking getree het.

Ingevolge die NWU se Statuut is die Raad verantwoordelik:

- Vir die beheer van die NWU deur die aanvaarding van doelwit- en waardestellings asook strategiese planne en beleid, sowel as die Statuut, die reëls, prosesse en delegerings van gesag. Die Raad moniteer ook die bedryfsprestasie van Bestuur en vestig komitees en (in samewerking met die Senaat) gesamentlike komitees om uitvoering te gee aan die NWU se doelwitte en waardes;
- Vir die bepaling van die NWU se taalbeleid, onderhewig aan die beleid van die Minister en met die medewerking en instemming van die Senaat;
- Vir die vestiging van die strukture vir die lewering van studentesteundienste, na oorlegpleging met die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR);
- Daarvoor om van lede te vereis om by 'n gedragskode te hou;
- Vir die delegering van die gesag om personeellede aan te stel, met dien verstande dat aan niemand magtiging verleen word om iemand aan te stel wat direk aan hom of haar verslag doen nie.

Tydens die uitvoer van hul funksies gedurende 2008, die vyfde jaar van die NWU se bestaan, was die Raad steeds

bedag op die redes vir die samesmelting-inkorporasie, te wete:

- Om die gaping tussen 'n histories wit en 'n histories swart instelling te oorbrug.
- Om 'n meer "gelyke" personeel- en studentekorps te bevorder.
- Om die ontwikkeling en voorsiening van 'n omvattende reeks programme moontlik te maak, deur inkorporering van beroepsgerigte programme (teknikontipe programme) en professionele en algemene (universiteitstipe) programme, in ooreenstemming met streeks- en nasionale behoeftes.
- Om kapasiteit met betrekking tot administrasie, bestuur, korporatiewe bestuur en die akademie uit te bou.
- Om die ontplooiing en aanwending van akademiese personeel te konsolideer.
- Om navorsingskapasiteit uit te bou.
- Om volhoubaarheid te bevorder.

Samestelling van die Raad

Aanwysings van die Senaat, die Konvokasie en Raad van Skenkers

Ter voldoening aan die NWU se Statuut moes alle strukture teen 8 Augustus 2006 aan die Statuut voldoen, wat onder meer beteken het dat Raadsverteenvoerders van die Senaat, die Konvokasie en die Raad van Skenkers reeds vóór daardie datum verkies moes word.

• Senaat

Die Senaat is behoorlik gekonstitueer op 10 Mei 2006 en die volgende vier Senaatslede is tot die Raad verkies:

- Prof A le R du Plooy
- Prof MW Lumadi (wat prof NL Mahao van Augustus 2007 af vervang het)
- Prof TC Rabali
- Prof F Venter

Hierdie aangewesenes het steeds gedurende 2008 as Raadslede gedien.

• Konvokasie

Na afloop van 'n proses soos bepaal deur die Tussentydse Uitvoerende Komitee van die Konvokasie het die Konvokasie in 2006 die volgende persone as Raadslede verkies, en hulle het steeds gedurende 2008 as Raadslede gedien:

- Mnr PJW Buys
- Adv JSM Henning, SC
- Prof LA van Dyk
- Dr FJ Kok

• Raad van Skenkers

Ooreenkomstig die reëls het die Raad 62 maatskappye/instellings as Skenkers van die NWU erken (insluitende die NWU-stigting, wat deur die Raad erken word as 'n "skenker in natura"). 'n Konstitueringsvergadering van die skenkers van die NWU is op 24 Julie 2006 gehou, waartydens die Raad van Skenkers gekonstitueer is.

Die volgende persone wat in 2006 deur die Raad van Skenkers uit die geledere van die skenkers verkies om in die Raad te dien, was steeds gedurende 2008 Raadslede:

- Dr JJ van Zyl, Albert Wessels Trust/Toyota

- Mnr PJ van der Walt, ENB, en later as individuele skenker
- Mnr T Makubire, PBMR
- Dr C Reinecke, SASOL, en later as individuele skenker

Die volledige lidmaatskap van die Raad van Skenkers gedurende 2008 was soos volg:

- Me R Phiyega, ABSA
- Prof CJ Reinecke, Dagbreek Trust
- Mnr A van der Merwe, DM Kisch Incorporated
- Me Z Mpati, Engen
- Dr S Tshabalala, Eskom
- Mnr PJ van der Walt (Voorsitter), Eerste Nasionale Bank
- Me C Ferguson, ArcelorMittal SA
- Mnr T Makubire, PBMR
- Dr C Reinecke, SASOL
- Mnr S Fourie, Telkom SA
- Me PC Modiko (gekoöpteer), NWU-stigting
- Dr T Eloff, Visekanselier (ex officio), NWU
- Prof IJ Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite (ex officio), NWU



- Mnr W Booyesen, Direkteur: Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling, NWU

In November 2008 het 'n herverkiesing van die Raad van Skenkers plaasgevind en is die volgende lede verkies of herverkies:

- Mnr J de Winnaar, ABSA
- Prof CJ Reinecke, Dagbreek Trust
- Mnr A van der Merwe, DM Kisch Incorporated
- Mnr Jan Kitshoff, Eduloan
- Me Z Mpati, Engen
- Mnr B MacColl, Eskom
- Mnr Kobus Venter, Janssen-Cilag
- Mnr T Makubire (Voorsitter), PBMR
- Mnr R Heydenreich, SASOL
- Mnr S Fourie, Telkom SA
- Dr T Eloff, Visekanselier, NWU
- Prof IJ Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, NWU
- Mnr W Booyesen, Direkteur: Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling, NWU

2008-samestelling van die Raad

Die termyn van ses Raadslede het in 2008 verstryk. Van hierdie ses lede was drie ministeriële aanstellings, twee lede van die gemeenskap en een 'n lid met spesiale kundigheid.

Die ministeriële aanstellings wie se ampstermyne op 11 Februarie 2008 verstryk het, was dr LK Sebege, die Raadsvoorsitter, mnr OJJ Tabane en mnr G Mayet. Die Minister het daarna mnr Tabane vir 'n tweede termyn aangestel, asook twee nuwe Raadslede, dr SD Mthembu-Mahanyele en mnr NM Fuzani.

Die twee gemeenskapsverteenvoerders wie se termyn verstryk het, was dr CJ Smit en mnr S Ngwenya. Hulle is deur dr D Breed en mnr SM Mohapi opgevolg.

Adv MNS Sithole, SC was die lid met spesiale kundigheid wie se termyn op 11 Februarie 2008 verstryk het. Hy is vervang deur mnr T Mokgatla, 'n finansiële kundige. Verder is die langdurige vakature in die kategorie van lede met spesiale kundigheid met die aanstelling van me I Poee gevul, wat 'n kommunikasie- en toerismekundige is.

Op die Raadsvergadering van 20 Junie 2008 is mnr PJ van der Walt, voormalige Adjunkvoorsitter, tot Voorsitter verkies. Sy verkiesing het 'n vakature in die amp van Adjunkvoorsitter tot gevolg gehad, en dr SD Mthembu-Mahanyele is tot hierdie amp verkies. Die volgende NWU-personeellede was tydens 2008 nie-stemgeregtigde lede van die Raad:

- Prof ND Kgwadi, Kampusrektor, Mafikeng
- Prof AL Combrink, Kampusrektor, Potchefstroom
- Prof PJJ Prinsloo, Kampusrektor, Vaaldriehoek

Ten einde te verseker dat alle lede van die Institusionele Bestuur op hoogte bly van dit wat op Raadsvergaderings bespreek word, en beskikbaar sal wees om inligting te verskaf, is die volgende lede van die Institusionele Bestuur ook uitgenooi om gedurende 2008 Raadsvergaderings by te woon:

- Prof IJ Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite
- Prof F van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie
- Me PP Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge
- Mnr VL Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling



Die tabel hieronder lys elke lidmaatskapkategorie van die Raad, die betrokke lede en hul ampstermyne:

Totaal (30)	Kategorie	Naam	Termyn
Ekstern (18)	Ministeriële aanstellings (4)	Me NML Letlape	3 jaar (2007 – 2010)
		Mnr NM Fuzani	4 jaar (2008 – 2012)
		Dr SD Mthembu-Mahanyele	3 jaar (2008 – 2011)
		Mnr OJJ Tabane (termyn het op 1 Februarie 2008 geëindig, maar is heraan gestel)	4 jaar (2008 – 2012)
		Dr LK Sebegu (termyn het op 11 Februarie 2008 geëindig)	
		Mnr G Mayet (termyn het op 11 Februarie 2008 geëindig)	
	Raad van Skenkers (4)	Mnr T Makubire	3 jaar (2006 – 2009)
		Dr C Reinecke	4 jaar (2006 – 2010)
		Mnr PJ van der Walt	5 jaar (2006 – 2011)
		Dr JJ van Zyl	5 jaar (2006 – 2011)
	Gemeenskapsleiers/ Oorspronklike oprigters (4)	Me H Rupert-Koegelenberg	3 jaar (2007 – 2010)
		Mnr TJS Thabane	3 jaar (2007 – 2010)
		Dr D Breed	3 jaar (2008 – 2011)
		Mnr SM Mohapi	3 jaar (2008 – 2011)
		Dr CJ Smit (termyn het op 11 Januarie 2008 geëindig)	
		Mnr S Ngwenya (termyn het op 11 Januarie 2008 geëindig)	
	Konvokasie (4)	Mnr PJW Buys	4 jaar (2006 – 2010)
		Adv JSM Henning, SC	3 jaar (2006 – 2009)
		Prof LA van Dyk	3 jaar (2006 – 2009)
		Dr FJ Kok	4 jaar (2006 – 2010)
	Spesiale kundigheid (2)	Mnr T Mokgatlha	3 jaar (2007 – 2010)
		Me I Poee	4 jaar (2007 – 2011)
		Adv MNS Sithole, SC (termyn het op 11 Januarie 2008 geëindig)	
Intern (12)	Bestuur (2)	Dr T Eloff (Visekanselier)	Ampshalwe
		Dr MN Takalo (Adjunkhoof)	Ampshalwe
	Senaat (4)	Prof A le R du Plooy	3 jaar (2006 – 2009)
		Prof TC Rabali	3 jaar (2006 – 2010)
		Prof F Venter	3 jaar (2006 – 2009)
		Dr MW Lumadi	3 jaar (2007 – 2010)
	Ander akademies (2)	Prof C de W van Wyk	4 jaar (2007 – 2011)
		Prof E van der Schyff	5 jaar (2007 – 2012)
Nie-akademies (2)	Prof AS Coetzee-Van Rooy	4 jaar (2007 – 2011)	
	Prof MM Verhoef	5 jaar (2007 – 2012)	
	Studente (2)	<u>Tot Oktober 2008:</u> Mnr A Atau-Rahman Mnr M Tebakang Me MM Tromp <u>Vanaf November 2008:</u> Me A Croucamp Mnr P Lethobeng Mnr S Mbatha	Bepaal deur IVSR
Sekretaris	Institusionele Registrateur	Dr NT Mosia	Ampshalwe

Komitees van die Raad

Alle komitees van die Raad funksioneer onder 'n mandaat van strategiese of finansiële belang vir die NWU. Hulle funksioneer onder voorsitterskap van persone met die nodige kennis, vaardighede en ervaring, en elkeen het 'n duidelike opdrag.

Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee hanteer tussen Raadsvergaderings aangeleenthede rakende korporatiewe bestuur, en doen dan op die volgende vergadering oor hierdie aangeleenthede verslag. Hierdie komitee maak seker dat daar by die Gedragskode vir Raadslede gehou word, en finaliseer kwessies wat deur die Raad na hulle verwys word.

Die twee vakatures in die Uitvoerende Komitee is gevul deur die verkiesing van dr SD Mthembu-Mahanyele as die nuwe Adjunkvoorsitter van die Raad, en die verkiesing van prof LA van Dyk as nog 'n Raadslid.

Die lede van die Uitvoerende Komitee in 2008 was mnr PJ van der Walt (Voorsitter), dr SD Mthembu-Mahanyele (Adjunkvoorsitter), mnr PWJ Buys, prof LA van Dyk, dr T Eloff (Visekanselier), dr MN Takalo (Adjunkhoof) en dr NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Gedurende 2008 is vyf vergaderings van die Uitvoerende Komitee gehou. Hierdie vergaderings het op 21 Februarie, 29 Mei, 15 September, 9 Oktober en 12 November plaasgevind.

Vergoedingskomitee

Hierdie Komitee is hoofsaaklik gemoeid met die dienskontrakte, vergoeding en prestasie-evaluering van die Visekanselier, lede van die Institusionele Bestuur en die Direkteur: Interne Oudit.

Weens die aard van sy pligte bestaan die Vergoedingskomitee uit die vier eksterne lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad, sowel as die Voorsitter van die Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid wat ook 'n eksterne lid van die Raad is. Die lede was mnr PJ van der Walt (Voorsitter), dr SD Mthembu-Mahanyele (Adjunkvoorsitter), prof LA van Dyk, mnr PWJ Buys en dr C Reinecke (Voorsitter van die Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid).

Die Vergoedingskomitee het op 29 Mei en op 21 November 2008 vergader.

Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid (MHIG)

Die mandaat van die Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid is om te verseker dat toereikende mensehulpbronne en -strategieë in plek is en om die implementering van hierdie beleid en strategieë in ooreenstemming met die gestelde kriteria en maatstawwe te monitor. Die Komitee is verantwoordelik vir alle mensehulpbron- en indiense-nemingsgelykheid-verwante aspekte, insluitende vergoedings- en diensvoorwaarde-aspekte wat nie binne die bestek van die Vergoedingskomitee val nie.

Die Komitee ontvang en evalueer verslae van Bestuur oor spesifieke mensehulpbronaangeleenthede, insluitende vol-doenings- en statutêre vereistes, en verseker dat Bestuur vir die implementering van mensehulpbronverwante strategieë en -beleid aanspreeklik gehou word.

Die lede was dr C Reinecke (Voorsitter), me NML Letlape, mnr T Makubire, mnr TJS Thabane, prof AS Coetzee-Van Rooy, prof A le R du Plooy, prof C de W van Wyk, dr T Eloff (Visekanselier), dr NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad), mnr VL Mothobi, mnr C de Wit en prof MS Zibi.

Die Mensehulpbronnekomitee en die Komitee vir Indiense-nemingsgelykheid het op 7 Mei en 9 Oktober 2008 vergader.

Transformasie-oorsigkomitee (TOK)

Die Transformasie-Oorsigkomitee hou toesig oor die implementering van die transformasie-aspekte van die Institusionele Plan, en bestaan uit vier eksterne lede en een interne lid van die Raad, sowel as die Visekanselier en die Adjunkhoof.

Die lede gedurende 2008 was prof LA van Dyk (Voorsitter), prof MM Verhoef, me I Poole, mnr T Makubire, mnr OJJ Tabane, dr T Eloff (Visekanselier), dr MN Takalo (Adjunkhoof), dr NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad) en mnr VL Mothobi.

Mnr Tabane se ampstermyn het op 11 Februarie 2008 verstryk, maar hy is in die Transformasie-oorsigkomitee heraan-gewys nadat hy weer vir 'n verdere termyn as 'n ministeriële aanstelling aangestel is.

Die Transformasie-oorsigkomitee het op 22 Mei en 10 Oktober 2008 vergader.



Komitee vir Oudit, Voldoening en Risikobestuur

Hierdie Komitee is verantwoordingspligtig teenoor die Raad wat betref die uitvoering van hul pligte, synde om die NWU se bates te beskerm, toereikende rekeningkundige rekords in stand te hou, 'n doeltreffende stelsel van interne beheer te ontwikkel en in stand te hou, toesig te hou oor Bestuur se rol in die skepping en instandhouding van 'n behoorlike risikobestuurproses, en om magtiging vir die eksterne ouditeure se jaarlikse ouditgelde te verleen.

Die Komitee bied 'n kommunikasiekanaal tussen die Raad, Bestuur, die interne ouditfunksie en die eksterne ouditeure. Die Komitee het onbeperkte kommunikasie met die Voorsitter van die Raad (wat nie lid is van die Ouditkomitee nie), die Visekanselier, die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, en die interne en eksterne ouditeurs.

Die ampstermyn van die Voorsitter van die Komitee, mnr G Mayet, het op 11 Februarie 2008 verstryk en hy is deur mnr NM Fuzani vervang. Die Raad het ook mnr T Mokgatla, 'n geektrooieerde rekenmeester, in die kategorie van persone met spesiale kundigheid aangestel om in die Komitee vir Oudit, Voldoening en Risikobestuur te dien.

Die lede van die Komitee gedurende 2008 was adv JSM Henning, SC (Voorsitter), mnr NM Fuzani, mnr T Mokgatla, prof F Venter en prof E van der Schyff. Die Komitee is geadviseer deur twee onafhanklike finansiële kundiges, me H Möller en mnr MP Tjie.

Daar word van die verteenwoordigers van die eksterne ouditeure vereis om by Komiteevergaderings teenwoordig te wees, en ook van dr T Eloff (Visekanselier), dr NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en mnr D Rothman, Direkteur: Interne Oudit.

Hierdie komitee het op 27 Mei en 4 Oktober 2008 vergader.

Finansiële Komitee

Die mandaat van die Finansiële Komitee is om die Raad oor finansiële en beleggingsaangeleenthede te adviseer, sowel as oor langtermyn-infrastruktuurontwikkeling by die NWU. Die Komitee moet dus die Raad se korporatiewebestuur-funksie ten opsigte van gesonde, verantwoordelike en doeltreffende finansiële beplanning, finansiële administrasie, finansiële bestuur en behoorlike finansiële verslagdoening ondersteun.

Die Finansiële Komitee het vyf eksterne lede en een interne lid van die Raad. Die termyn van dr CJ Smit sowel as van mnr OJJ Tabane as Raadslede het op 11 Februarie 2008 verstryk. Dr D Breed en mnr SM Mohapi is deur die Raad aangewys om in die Finansiële Komitee te dien. Die lede van die Finansiële Komitee was dr JJ van Zyl (Voorsitter), dr D Breed, dr FJ Kok, mnr SM Mohapi, adv JSM Henning, SC, en dr T Eloff (Visekanselier). Die Komitee se ex officio-lede was prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en dr NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Gedurende 2008 het die Finansiële Komitee op 9 Junie en 4 November 2008 vergader.

Die Finansiële Komitee maak gebruik van drie subkomitees, naamlik die Tenderkomitee, die Beleggingskomitee en die Batekomitee.





Tenderkomitee

Hierdie komitee se rol is om die tenderbeleide en -prosedures goed te keur wat deur die Bestuur opgestel word, om seker te maak dat dit voldoen aan die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003, om te bevestig dat tenderbeleide wel geïmplementeer word, en om tenders vir kontrakte van tussen R2 miljoen en R15 miljoen te evalueer en goed te keur. Vir kontrakte wat R15 miljoen oorskry, evalueer die Komitee die ontvangde tenders en doen dan 'n aanbeveling aan die Raad.

Die tenderkomitee het drie eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede was dr K van der Walt (Voorsitter en 'n onafhanklike ouditeur), adv JSM Henning, SC en dr D Breed, wat dr CJ Smit ná die verstryking van sy termyn vervang het. Die ex officio-lede is dr T Eloff (Visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en dr NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Die Tenderkomitee het op 11 Februarie 2008 vergader.

Beleggingskomitee

Die belangrikste taak van hierdie komitee is om maatreëls in plek te stel sodat die NWU die hoogste moontlike opbrengs op beleggings kan verdien, met toepaslike risikoblootstelling. Hierdie komitee se pligte is om portefeuljebestuurders aan te stel en evaluering te doen van beleggingsbeleid, die beleggingsprestasie van portefeuljebestuurders en die kredietreëlings waarbinne die geldmarkbestuurder mag optree.

Die Komitee het tot vyf eksterne lede, insluitende die Voorsitter, mnr J van den Berg, en twee tot drie onafhanklike beleggingskundiges. Die ex officio-lede is dr T Eloff (Visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en dr NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Die Raad het mnr SM Mohapi aangewys om in die Beleggingskomitee te dien, in die lig van sy kundigheid op die gebied.

Gedurende 2008 het die Beleggingskomitee op 22 Februarie, 8 Mei, 13 Augustus en 14 November vergader.

Batekomitee

Die Batekomitee se belangrikste verantwoordelikheid is om langtermynontwikkeling en die instandhouding van die Universiteit se infrastruktuur te verseker.

Die Batekomitee het twee eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede was dr FJ Kok (Voorsitter) en mnr SM Mohapi, wat mnr OJJ Tabane ná die verstryking van sy termyn vervang het. Die ex officio-lede was dr T Eloff (Visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en dr NT Mosia (Institusionele Registra- teur en Sekretaris van die Raad).

Hierdie Komitee het op 8 Mei en 9 Oktober 2008 vergader.

Eretoekenningskomitee

Die Eretoekenningskomitee bestaan uit die Visekanselier, Voorsitter van die Raad, twee lede van die Raad, drie lede van die Senaat, die dekaan van die betrokke fakulteit in 'n raadgevende hoedanigheid, en die Institusionele Regi- strateur (Sekretaris van die Raad).

Die Komitee het op 20 Februarie 2007 vergader om nomi- nasies vir eredoktorsgrade te oorweeg.

Advieskomitee vir Studentesteundienste (AKSSD)

Die pligte van die Komitee is:

- Om die Raad te adviseer oor die beleid oor studentesteun by die Noordwes-Universiteit ingevolge artikel 27(3) van die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997, en paragraaf 3(3) van die Statuut van die Noordwes-Universiteit (NWU- statuut);
- Om die Raad te adviseer oor die lewering van studente- steundienste, om tekortkominge in die lewering van hierdie dienste te identifiseer en daarmee te handel en om die enkele kontakpunt binne die Universiteit vir inligting oor die lewering van studentesteundienste te wees.
- Om sodanige werkspanne tot stand te bring, wat uit per- soneel en studente van die Universiteit bestaan, as wat die Universiteit nodig ag om sy mandaat te vervul.

Die lede gedurende 2008 was me H Rupert-Koegelenberg (Komiteevoorsitter en Raadslid), me NML Letlape (Raad- slid), dr T Eloff (Visekanselier) dr EM Sedibe en dr NT Mo- sia (bestuurslede), prof A Combrink, prof ND Kgwadi en prof PJJ Prinsloo (kampusrektore), mnr VL Mothobi (Uitvoe- rende Direkteur: Mensontwikkeling), mnr SS Mokoena

(Adjunkregistrator) en me M Tromp (IVSR-voorsitter). Mnr H Stavast is genomineer om namens prof PJJ Prinsloo, Rektor van die Vaaldriehoek kampus, teenwoordig te wees.

Op aanbeveling van die AKSSD het die Raad op 21 November 2008 besluit dat die Komitee ontbind sou word en deur die Institusionele Komitee vir Studentesteundienste (IKSSD) vervang word. Hierdie komitee sal van 2009 af begin funksioneer.

Die struktuur van die Institusionele Komitee vir Studente- steundienste is verder goedgekeur, en so ook die aanbeve- ling dat me H Rupert-Koegelenberg aangewys word om te dien in die Komitee vir Mensehulpbronne en Indiensne- mingsgelykheid (KMHIG), aan wie die IKSSD in die toekoms sal rapporteer.

Die Advieskomitee vir Studentesteundienste het op 3 Maart en 31 Oktober 2008 vergader.

Bywoning van vergaderings

Gedurende 2008 is vier gewone Raadsvergaderings ge- hou, naamlik op 14 Maart, 20 Junie, 19 September en 21 November, en 'n buitengewone Raadsvergadering op 16 Oktober.

Die bywoningsrekord vir die Raad en die komitees daarvan vir 2008 was soos volg:

Komitee	%
Raad	76%
Uitvoerende Komitee	100%
Finansies	90%
Transformasie-oorsig	72%
Mensehulpbronne en Indiensnemingsgelykheid	75%
Tender	83%
Eretoekennings	67%
Oudit, Nakoming en Risikobestuur	64%
Vergoeding	83%
Bates	90%
AKSSS	95%

Die totale gemiddelde bywoningsyfer was 81%.

Belangrike aangeleenthede waaraan die Raad en sy komitees aandag gegee het

Gedurende 2008 het 'n aantal beduidende aangeleenthede wat die instelling raak op die agendas van die Raad en sy komitees gekom, insluitende die heraanstelling van die Visekanselier, die onrus op die Mafikengkampus, die aanstelling van 'n Ministeriële Taakspan om 'n ondersoek na die sake van die NWU te doen, transformasie by die Universiteit en uiters belangrike onderrig-leer-ontwikkelings, soos die minimum toelatingsvereistes vir 2009. Aan die einde van 2008 was geen beduidende aangeleenthede op die agenda van die Raad uitstaande nie.

• Heraanstelling van die Visekanselier

Die Raad het op 14 Maart 2008 'n ad hoc-komitee tot stand gebring om die proses te oorweeg wat vir die aanstelling van die Visekanselier gevolg moes word. Dit was nodig in die lig daarvan dat die ampstermyn van die bestaande Visekanselier, dr T Eloff, in Mei 2009 verstryk. Op 21 November 2008 het die Raad die heraanstelling van die Visekanselier, dr Eloff, vir 'n verdere vyfjaartermyn tot 2014 goedgekeur.

Die Raad het hierdeur nie net die belangrike rol erken wat dr Eloff gespeel het om die Noordwes-Universiteit as 'n toonaangewende universiteit te posisioneer nie, maar wou ook aan hom die geleentheid gun om die verskillende strategieë wat sedert die samesmelting in 2004 geïmplementeer is af te handel.

• Studente-onrus op die Mafikengkampus

Die studente-onrus op die Mafikengkampus, die daaropvolgende sluiting van die Kampus in Maart en Mei 2008 en die studentedissiplinêre optrede wat uit die onrus voortgespruit het, was 'n groot bekommernis en belangrike prioriteit vir die Raad. Die Raad het gereelde verslae van die Visekanselier en Bestuur ontvang en omvattend op hul vergaderings oor die aangeleentheid beraadslaag. Verder het die Raad eksterne lede van die Raad aangestel om die studente se bewerings te ondersoek ten einde seker te maak dat die korrekte prosesse in die doen van dissiplinêre stappe teen die studente gevolg is en die Raad en Bestuur oor verskeie aspekte te adviseer.

Ná oorweging van al die feite en verslae wat deur verskillende rolspelers voorgelê is, het die Raad sy tevredenheid uitgespreek met die stappe wat deur Bestuur gedoen is om

die situasie op te los en het hulle ook hul steun vir Bestuur se verdere planne vir die normalisering van aktiwiteite op die Mafikengkampus uitgespreek.

Nadat klagtes van beweerde wangedrag deur die Mafikengse Verteenwoordigende Kampusstudenteraad (VKSR) teen die Kampusrektor, prof ND Kgwadi ingedien is, het die Raad 'n onafhanklike ondersoek na hierdie aangeleentheid gelas. Hierdie ondersoek is deur twee eksterne Raadslede en die NWU se Interne Ouditafdeling uitgevoer. Op hul vergadering van 21 November 2008 het die Raad die bevindinge van die ondersoekkomitee aanvaar dat al die beskikbare feite daarop gedui het dat klagtes teen prof Kgwadi heeltemal ongegrond was.

Die Raad het ook met die Ministeriële Taakspan saamgewerk wat aangestel is om die onrus op die Mafikengkampus te ondersoek.

• Transformasie

Die afsonderlike beleide, reëls en prosedures wat ten tyde van die samesmelting bestaan het, is belyng, verouderde beleide en reëls is geskrap en, in sommige gevalle, deur nuwe, belynde beleide, reëls en prosedures vervang wat nodig is om die NWU ooreenkomstig die Institusionele Plan (IP) verder die toekoms in te neem. Hierdie belyng, tesame met 'n groter begrip regdeur die Universiteit van die IP en die beleidsraamwerk wat dit ondersteun, dra by tot verhoogde organisatoriese eenheid en samehorigheid.

Die belyngingsproses van bestaande beleide, reëls en prosedures regdeur die NWU het in 2005 begin en duur steeds voort. Die Raad het die volgende beleide in 2008 goedgekeur:

- Beleid oor studente met gestremdhede
- Beleid vir terugvoer oor onderrig en leer deur studente
- Beleid vir bestuur van akademiese programme
- Beleid vir bestuur van navorsings- en innovasiekontrakte
- Die webbeleid vir die Noordwes-Universiteit

Die ontwikkeling van die nuwe, ten volle belynde beleide, reëls en prosedures is 'n deurlopende aktiwiteit as deel van die proses om die NWU-kultuur van bestuursdoeltreffendheid stewig te vestig.

Die Raad het kennis geneem van die finale verslag van die Kultuur-en-klimaat-opname wat in 2007 onder NWU-personeel gedoen is. Bestuur het hulle daartoe verbind om die toepaslike aanbevelings van die verslag in die Institusionele Plan in te sluit.

Die Raad het 'n verslag oorweeg wat deur 'n subtaakspan van die NWU se Menseregtekomitee (MRK) opgestel is en wat die vlakke van sosiale kohesie onder 'n verteenwoordigende steekproef van voorgraadse NWU-studente ondersoek het. Die Raad het die behoefte erken aan diversiteits-opleiding en het konstruktiewe voorstelle gemaak oor hoe rasse- of kulturele konflik teëgewerk kon word. Verskeie navorsingsprojekte en programme is goedgekeur en het 'n aanvang geneem, of sal in 2009 van stapel gestuur word.

'n Ministeriële Komitee oor die vordering onderweg na transformasie, sosiale kohesie en die uitskakeling van diskriminasie in openbare hoërondewysinstellings het op 20 Junie 2008 die Potchefstroomkampus besoek. Die uitslag van die ondersoek is nog nie deur die Minister aan die hoërondewyssektor gepubliseer nie.

• Onderrig-leer

Die Raad het die minimum toelatingsvereistes vir 2009 goedgekeur vir generiese en professionele kwalifikasies wat deur die NWU aangebied word. Hierdie vereistes is daarna aan Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA) gerapporteer en op die NWU-webwerf gepubliseer. Die NWU se Varsité-studentestelsel word aangepas om die studenteregistrasiedyperk van 2009 te hanteer, terwyl dit ook die nodige uitfasering van die Senior Sertifikaat-bedeling moontlik maak. Inligting en advies oor die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat en vakke word so wyd moontlik voorsien.

Insette is ook gelewer in die HESA-proses vir die ontwikkeling van die vereiste nuwe toelatingsregulasies wat in gevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, deur die Minister van Onderwys afgekondig moet word. Die Universiteit moniteer die praktiese implikasies van onder andere die nuwe benadering tot toelating, assessering en die uitslaeregime noulettend.

• Ander belangrike aangeleenthede waaraan die Raad aandag gegee het

- Die Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2008 is goedgekeur.
- Die begroting vir 2009 is goedgekeur, wat ooreengestem het met die elemente van die befondsingsformule en met die Institusionele Plan belyn is.
- 'n Nuwe Voorsitter en Adjunkvoorsitter van die Raad is verkies en lede is genomineer om in die Raadskomitees te dien waar vakatures ontstaan het as gevolg van die verstryking van die ampstermyne van voormalige Raadslede.

- Wysigings aan die IVSR-grondwet is goedgekeur.
- Die toekenning van die volgende eredoktorsgrade is goedgekeur: 'n Doctor Philosophiae aan mnr JM Ntsime, 'n Doctor Pharmaciae aan mnr APG Goossens en 'n doktorsgraad in Statistiese Wetenskappe aan mnr JH Venter.
- 'n Handves vir die Komitee vir Oudit, Nakoming en Risikobestuur is goedgekeur.
- Die Institusionele Plan 2009 - 2011 is aanvaar, wat vroeg in 2009 aan die Departement van Onderwys voorgelê sal word.
- Die selfevalueringsportefeulje vir die HOKK se Institusionele Oudit is oorweeg en goedgekeur.
- Die ontbinding van die Advieskomitee vir Studentesteundienste en die vervanging daarvan deur die Institusionele Komitee vir Studentesteundienste is goedgekeur.

Deelname van werknemers en studente

'n Breë spektrum van deelnemende strukture was gedurende 2008 op die kampusse en in die Institusionele Kantoor in plek. Hierdie strukture is ontwerp om verhoudinge uit te bou deur oorlegpleging, die doeltreffende uitruil van relevante inligting en die identifisering en bylê van geskille. Studente en werknemers het volle stemreg in al die strukture waar hulle verteenwoordiging geniet.

Etiese Kodes en Gedragskodes

Gedurende die samesmeltingsproses is daar erken dat beide samesmeltingsvennote duidelike waardegebaseerde kulture het, wat die aanvaarding van 'n gemeenskaplike, verenigende stel waardes vir die nuwe Universiteit sou noodsaak. Hierdie proses het gedurende 2004 begin toe die NWU-raad 'n Gedragskode vir Raadslede aanvaar het en 'n verteenwoordigende Kerntaakspan van vier mense aangestel het om 'n Etiese Kode en Gedragskode vir die hele NWU te ontwikkel.

Die proses is voortgesit met die 2005-visioneringsproses, waartydens 11 NWU-eindwaardes goedgekeur is. Die Kerntaakspan het daarna met ongeveer met 60 kampuspaneellede uit alle afdelings saamgewerk om die eindwaardes te omskryf. Na gelang hierdie proses sy einde genader het, het dit duidelik geword dat die gedragsveranderinge wat nodig was om 'n nuwe kultuur te bou, slegs bewerkstellig kon word deur 'n instellingwye veranderingsbestuuroefening wat op die toepassing van gedeelde waardes in die daaglikse werksaamhede van die Universiteit fokus.

In die daaropvolgende proses is vier instrumentele of 'doen'-waardes geselekteer, naamlik integriteit, toewyding, aanspreeklikheid en respek, vir integrering in elke aspek van die NWU se bedrywighede. Die proses is gekonsolideer met die identifisering van 11 NWU-eindwaardes, naamlik menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid. Al die personeel en studente is aangemoedig om aan die instellingwye veranderingsproses deel te neem deur hierdie doen-waardes prakties in hul daaglikse aktiwiteite te demonstreer.

Die finale stap in hierdie proses is om 'n samehangende Etiese Kode en Gedragskodes vir die NWU aan te neem. Die belangrikheid daarvan om met die verskillende strukture by die Universiteit in gesprek te tree in die proses om 'n omvattende Etiese Kode tot stand te bring is egter erken. Daar is besluit dat die Diversiteitshandves, wat deur 'n taakspan van die Institusionele Forum vir Indiensnemingsgelykheid en Vaardigheidsontwikkeling (IFIGVO) ook by die Etiese Kode ingesluit moet word, aangesien albei diversiteit onderskryf en daarop gerig is om 'n verenigende etos binne die institusionele kultuur tot stand te bring.

Die Institusionele Forum, in samewerking met die NWU se Menseregtekomitee en ander toepaslike strukture sal voortgaan om die proses in 2009 te finaliseer en die Raad te adviseer, soos deur die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997, vereis word.

Verklaring oor konflikbestuur

Daar is binne die NWU verskeie groepe waar konflik potensieel kan ontstaan. Hierdie groepe sluit in studente, akademiese en ondersteuningspersoneel, vakbonde, die drie kampusse, die Institusionele Kantoor en Bestuur, en almal op alle vlakke wat bestuur word.

Daar is strukture en prosesse in plek binne hierdie groepe om konflik te hanteer en te keer dat dit eskaleer. Dit sluit in beleidsdokumente, prosedures en komitees en forums, wat geleenthede vir oorlegpleging en die lug en debattering van sienings skep. Op gebiede waar nuwe strukture nog nie tot stand gebring is ná die samesmelting-inkorporasie nie, word die bestaande strukture gebruik. Kundi-ges op die gebied van konflikbestuur is aangestel om hulp te verleen waar nodig.

Selfevaluering van die Raad

Die doeltreffendheid van die Raad, sy komitees en sy verhouding met die Senaat en Bestuur is 'n prioriteit vir die


Raad. Dit is 'n saak wat sedert middel-2005 prominent in die agendas van Raadsvergaderings en werksinkels gefigureer het, en hierdie fokus het regdeur 2008 voortgeduur. 'n Belangrike norm vir korporatiewe bestuur is die jaarlikse PricewaterhouseCoopers-toekennings vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys. In Augustus 2008 is die eerste plek uit 10 voorleggings aan die NWU toegeken, wat die beduidende vordering bevestig wat daar met betrekking tot korporatiewe bestuur gemaak is.

Die tekortkominge wat in die vorige jaar se evaluering vir hierdie toekenning geïdentifiseer is, is opgelos; 'n voorbeeld hiervan is die Raad se benutting van sy komitees, in die besonder die Ouditkomitee, en risikobestuurprosesse. 'n Gesamentlike poging is gedurende 2008 aangewend om die funksionering van die Raad en sy komitees verder te verbeter. Die vraelys wat vir die 2007-rondte van selfevaluering gebruik is, is ooreenkomstig nasionale en internasionale beste praktyk hersien en gewysig. Ná goedkeuring van die gewysigde vraelys is 'n selfevalueringproses gedurende Oktober en November 2008 onderneem om die doeltreffendheid en aanspreeklikheid van die Raad en sy komitees te evalueer.

Die resultate van die 2008-selfevalueringproses sal vroeg in 2009 deur die Raad oorweeg word. Die Raad van die NWU het die doeltreffendheid van sy korporatiewebestuur- en toesigfunksie gedurende 2008 verbeter. Dit is duidelik dat die Raad onafhanklik is in die neem van besluite en dat die sake van die Raad hierbenewens ook altyd op hul vergaderings afgehandel word. Verder begryp die Raad hul toesighoudende korporatiewe bestuursrol in verhouding tot die daaglikse bestuur wat aan die Visekanselier toegewys is. Verantwoordelike-slyne is duidelik uiteengesit. Dit is vir die Raad standaardpraktyk om sy eie prestasie te evalueer.

Hierdie verslag is op 19 Junie 2009 deur die NWU-raad goedgekeur.

*OP DIE GEBIED VAN KORPORATIEWE BESTUUR
HET DIE UNIVERSITEIT AS DIE **BES BESTUURDE**
HOËRONDERWYSINSTELLING IN SUID-AFRIKA NA
VORE GETREE DEUR PRICEWATERHOUSECOOPERS
SE KORPORATIEWEBESTUUR-TOEKENNING VIR
UITNEMENDHEID IN HOËRONDERWYS
VIR 2008 TE **VEROWER**.*



SENAATSVERSLAG

Die Senaat is verantwoordelik vir die bestuur van die akademiese kernbesigheid van die NWU, wat beteken dat die Senaat alle akademiese, navorsings- en akademieseondersteuning-funksies van die Universiteit reguleer. Die Senaat vervul hierdie mandaat ingevolge die Wet op Hoër Onderwys en die Statuut van die NWU.

Rol en samestelling

As die hoogste akademiese beheerstruktuur binne die NWU keur die Senaat alle akademiese programme en akademiese verwante werk goed, wat insluit onderrig-leer, navorsing en innovasie en die implementering van kundigheid (met insluiting van gemeenskapsbetrokkenheidsprogramme). Aangesien die Senaat teenoor die Raad aanspreeklik is, voer hulle ook enige ander funksie uit wat deur die Raad aan hulle opgedra word.

Die NWU-senaat is op 10 Mei 2006 goedgekeur ingevolge die Statuut van die NWU, wat op 8 Augustus 2005 in die Staatskoerant afgekondig is. Die lidmaatskap daarvan, in ooreenstemming met afdeling 12(1) van die Statuut, bestaan uit:

- Die Visekanselier (Voorsitter)
- Die Adjunkhoof
- Die kampusrektor
- Die Institusionele Registrateur
- Die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie
- Die dekanes van alle fakulteite
- Akademiese personeel wat deur akademiese personeel in die fakulteit verkies is (altesaam 33)
- Nie-akademiese personeel wat deur nie-akademiese personeel verkies is (altesaam twee)
- Studente aangewys deur die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) (altesaam vier)
- Die Voorsitter van die Raad of 'n gedelegeerde en een ander Raadslid verkies deur die Raad
- Vier persone verantwoordelik vir navorsing, akademiese ondersteuning, biblioteek- en inligtingsdienste
- Akademiese personele wat deur die Senaat op advies van die vaste komitees van die Senaat gekoöpteer is (met spesiale inagneming van ras en geslag, altesaam agt)

Verskillende verkiesingsprosesse het gedurende 2008 plaasgevind om die vakatures in die Senaat te vul, sowel as om die Senaat se aangewese lede in die Raad in ooreenstemming met die Statuut te verkies.

Vier gewone senaatsvergaderings is gedurende 2008 gehou, naamlik op 5 Maart, 27 Mei, 13 Augustus en

22 Oktober. Die gemiddelde bywoning van Senaatsvergaderings was 61%.

Vaste senaatskomitees en taakspanne het aandag geskenk aan spesifieke take soos die hersiening en ontwikkeling van beleid, die implementering van die Kritieke Kruiserein-uitkomst by die NWU, die institusionele navorsings- en innovasieaktiwiteite en die belyning van akademiese programme en navorsing.

Die volgende vaste senaatskomitees was gedurende 2008 in plek:

- 'n Kampussenaatskomitee per kampus
- Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (IKNI)
- Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard (IKAS)
- Institusionele Toelatingskomitee

Die volgende komitees, wat oor 'n tydperk ontwikkel is maar finaal gedurende 2007 en 2008 tot stand gebring is, doen aan IKNI en dus ook aan die Senaat verslag:

- Institusionele Navorsingsteunkommissie
- Navorsingsetiekkomitee
- Komitee vir Gevorderde Grade
- Komitee vir Klassifikasie van Proefskrifte en Verhandelings

Institusionele Navorsingsteunkommissie

Die Institusionele Navorsingsteunkommissie evalueer jaarliks die vordering van elke navorsingseenheid (nisarea, fokusarea, navorsingseenheid en sentrum van uitnemendheid), asook hul beplanning en aansoeke om fondse vir strategiese doeleindes. Die Kommissie voer hierdie evaluering uit met die oog daarop om advies oor die bevordering van innovasie, die verbetering van gehalte en die toepassing van navorsingsbeleid en prosedures te voorsien. Die lede daarvan word deur die Institusionele Senaat aangestel.

Navorsingsetiekkomitee

Die rol van die Navorsingsetiekkomitee is om norme te formuleer vir die etiese riglyne waaraan alle navorsing op mense, diere en mens- en diere materiaal asook genetiese



materiaal van alle lewende organismes moet voldoen. Die Komitee ontwikkel dan op grond van hierdie norme die dokumentasie wat nodig is om aansoek vir die goedkeuring van protokolle te doen. Na evaluering van die protokolle deur die kampussubkomitees reik die Navorsingsetiëkkomitee 'n brief van goedkeuring uit of maak aanbevelings vir die verbetering van die protokol. Geen navorsingsprojek wat deur die etiese riglyne geregleer word mag sonder 'n goedkeuringsbrief 'n aanvang neem nie, en indien dit wel gebeur, sal die navorsers en proefpersone/deelnemers nie deur die NWU se versekering gedek word nie.

Gedurende 2008 is altesaam 99 aansoeke by die Komitee ingedien, waarvan 76 van die Potchefstroomkampus, 19 van die Vaaldriehoekkampus en vier van die Mafikengkampus afkomstig was.

Komitee vir Gevorderde Grade

Die opdrag van die Komitee vir Gevorderde Grade was soos volg:

- Evaluering en monitering van alle prosesse wat tans op die drie kampusse vir die toekenning van gevorderde grade in gebruik is, met die oog op die optimalisering van prosesse, standaardisering van prosedures en die versekering van kwaliteit;
- Formulering en bepaling van beleid, standarde en administratiewe prosedures (toelatings, toesig, eksaminering, vordering en prestasie) vir die toekenning van gevorderde navorsingsgrade;
- Die maak van aanbevelings vir die Senaat oor wetgewing, statute, regulasies, beleid en prosedures met betrekking tot gevorderde navorsingsgrade en, indien toepaslik, die maak van aanbevelings by die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie;

- Oorweging van alle beleidsverwante aanbevelings van die Kampussenaatskomitees met betrekking tot gevorderde grade en die maak van aanbevelings aan die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie;
- Oorweging van jaarlikse verslae van Kampussenaatskomitees, oorsig van uitkomsdetail en statistiese verslae vir alle gevorderde navorsingsgrade, asook voorsiening van 'n jaarlikse opsomming aan die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie;
- Oorweging van alle aanbevelings van die Komitee vir die Klassifikasie van Proefskrifte en Verhandelings;
- Monitering van die navorsingstudieleier-werkslading per akademikus en dienooreenkomstige advies aan Bestuur; en
- Monitering van die toepassing van NWU-beleid soos die Algemene Akademiese Reëls, insluitende die vereiste dat geen studieleier as eksaminator van 'n gevorderde graad mag optree nie.

Komitee vir Klassifikasie van Proefskrifte en Verhandelings

Aansoeke om klassifikasie van proefskrifte en verhandelings as hetsy vertroulik of geheim word deur hierdie vaste komitee van die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (IKNI) hanteer, wat bestaan uit:

- Die Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning
- Die Voorsitter van die Universiteit se Etiekkomitee
- Die Direkteur van die Institusionele Regskantoor
- Die Institusionele Adjunkregistrator (sekretaris)
- 'n Sittende lid van die Senaat (voorsitter en sameroeper)

Die direkteur van die navorsingseenheid/skool wat geassosieer word met die navorsing of vakgebied van die besondere proefskrif of verhandeling woon die vergadering by waarop die betrokke aansoek bespreek word. Aansoeke gaan vergesel van motiverings van die betrokke student, navorsingsdirekteur en/of maatskappy. Wanneer so 'n aansoek oorweeg word, word die etiese implikasies ook in aanmerking geneem.

Ná klassifikasie moet al die betrokke persone aan sekerheidsvereistes voldoen en, indien toepaslik, vertroulikheidsooreenkomste onderteken.

Deel van die Komitee se mandaat is ook om bewusmaking op die Mafikeng- en Vaaldriehoekskampus te doen van die noodnag daarvan om verhandelings en proefskrifte en die betrokke navorsing wat gedoen word te klassifiseer.

Senaatstaakspanne

Die Taakspan oor Gedeelde Dissiplines, wat tot stand gebring is om beginsels en/of riglyne vir vakverwante aansoeke vanaf akademiese fakulteite te bepaal, het in 2008 hul aktiwiteite voortgesit. 'n Vaste komitee van die Senaat is ingestel om 'n koördinerende en kwaliteitsversekeringsfunksie vir die implementering van die Kritieke Kruisterreinuitkomste van modules in Akademiese Geletterdheid te vervul. Insgelyks is 'n vaste komitee met dieselfde koördinerende en kwaliteitsversekeringsfunksie vir die modules van die Begrip van die Wêreld tot stand gebring, wat by die NWU ingestel is ná die xenofobie-aanvalle wat landswyd ervaar is. Hierdie modules is daarop gerig om waardes te bevorder en te kweek wat bevorderlik vir 'n diverse maar vreedsame nasie is.

'n Taakspan is ook aangestel om die doeltreffendheid van oorlegpleging tydens die aanstelling van senior bestuurders te heroorweeg.

Doelstellings wat bereik is

Gedurende 2008 het die Senaat hulp verleen met die handhawing van hoë standaarde vir onderrig-leer en navorsing, in ooreenstemming met die stelling in die Samesmeltingsriglyne dat dit "lewensbelangrik is dat (samesmelgende) instellings die akademiese integriteit van hul bedrywighede gedurende die tydperk van verandering beskerm."

Die Senaat se hoofverantwoordelikhede en -doelstellings het uit die korporatiewe bestuur van die akademiese besigheid bestaan, onder andere deur die monitering van die vordering met die akademiese belyningsproses en die finalisering van die minimum toelatingsvereistes vir 2009 vir generiese en professionele kwalifikasies. Die Senaat het ook die implementering van die nuwe Ontwikkelingsmodel vir Navorsingseenhede gemoniteer en die Raad geadviseer oor strategiese akademiese aangeleenthede wat 'n impak op die Institusionele Plan het.

• Toelatingsvereistes 2009

Die Universiteit het die minimum toelatingsvereistes vir 2009 goedgekeur vir generiese en professionele kwalifikasies wat deur die NWU aangebied word. Hierdie vereistes is daarna aan Hoër Onderwys Suid-Afrika (HESA) gerapporteer en op die NWU-webwerf gepubliseer. Die NWU se Varsité-studentestelsel is aangepas om die studenteregistrasietydperk van 2009 te hanteer en die uitfasering van die Senior Sertifikaat-bedeling te ondersteun.

Die NWU het ook bygedra tot die HESA-proses van ontwikkeling van die vereiste nuwe toelatingsregulasies wat ingevolge die Wet op Hoër Onderwys deur die Minister van Onderwys afgekondig moet word. Die praktiese implikasies van die nuwe benadering tot toelating, assessering en die uitslae-regime word noulettend gemoniteer.

• Die nuwe bestuursmodel vir navorsingsentiteite

Gedurende die vorige jaar het die NWU sy bestuursmodel vir navorsingsentiteite hersien en 'n verbeterde model ontwikkel wat ontwerp is om navorsing op die pad van hoë groei en hoë prestasie te plaas. Die fokus in 2008 was op die implementering van die nuwe bestuursmodel, wat die vorming van meer navorsing-inisieringsgroepe aanmoedig en 'n groeipad vir bestaande fokusareas skep.

Die nuwe bestuursmodel maak voorsiening vir die volgende vier kategorieë of vlakke van navorsingsinstansies:

- Navorsingsnisareas: Dit is klein navorsingsgroepe, gewoonlik op 'n spesifieke kampus geleë, wat op navorsing met 'n plaaslike impak fokus.
- Navorsingsfokusareas: Dit is fokusareas wat navorsing doen wat gekoppel is aan streeks- en nasionale navorsingsprioriteite en minstens 50% van hul befondsing van eksterne bronne verkry.
- Navorsingseenhede: Die werk van hierdie eenhede is gekoppel aan nasionale navorsingsprioriteite met 'n nasionale impak. Minstens 60% van hul befondsing behoort van eksterne bronne afkomstig te wees.
- Navorsingsentrums van uitnemendheid: Dié is internasionaal erkende sentrums wat betrokke is by multidisiplinêre en transdisiplinêre navorsing. Hul navorsingsaktiwiteit moet gekoppel wees aan nasionale prioriteite en moet 'n internasionale impak hê.

Hierdie entiteite is geïdentifiseer nadat eksterne oorsigverslae, almal deur spesialiste op die gebied, deur die Institusionele Navorsingsteunkommissie bestudeer is. Aanbevelings is daarna by die Institusionele Bestuur (IB) en die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (IKNI) gedoen. Teen die einde van die jaar het die NWU een nuwe sentrum van uitnemendheid, 11 navorsingseenhede, drie fokusareas en sewe navorsingsnisareas tot stand gebring.

• Veranderinge in akademiese struktuur

Die herbelyning van akademiese strukture oor die drie kampusse gaan gepaard met 'n hersieningsoorsig van die NWU se bestek van akademiese programme. Een van die grootste veranderinge in akademiese strukture gedurende 2008 het op die Vaaldriehoek-kampus plaasgevind. Ná 'n herstrukturering-proses op hierdie kampus is die Vaaldriehoek-fakulteit in twee verdeel. Op die Mafikeng-

kampus is goeie vordering met die totstandbrenging van skole en die aanstelling van skooldirekteure gemaak.

Die NWU het in 2008 altesaam 15 fakulteite gehad, wat soos volg versprei was:

- Vyf fakulteite, 14 skole, een Gemeenskapsregsentrum en een deskundigheidsentrum op die Mafikeng-kampus. Die vyf fakulteite is Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Geestes- en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Handel en Administrasie, en Regte. Die nisarea op die Mafikeng-kampus staan as *Population and Health* bekend.
- Twee fakulteite en sewe skole op die Vaaldriehoek-kampus. Die fakulteite is die Fakulteit Geesteswetenskappe en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie. Die sewe skole is Gedragwetenskappe, Tale, Basiese Wetenskappe, Opvoedkundige Wetenskappe, Rekeningkundige Wetenskappe, Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie.
- Agt fakulteite, 32 skole, 21 navorsingsentiteite, vier institute en 14 navorsingsfokusareas op die Potchefstroom-kampus. Die agt fakulteite is Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Teologie, Opvoedingswetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regte, Ingenieurswese en Gesondheidwetenskappe. Die navorsingsentiteite is:
 - Opvoedkundige tegnologie vir effektiewe onderrig, leer en fasilitering
 - Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en toepassings
 - Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA)
 - Sosio-ekonomiese impak van Toerisme
 - Hipertensie in Afrika Navorsingspan (HART)
 - Fisieke Aktiwiteit Sport en Rekreasie (FASRek)
 - Volhoubare Sosiale Ontwikkeling
 - Chemiese hulpbronveredeling
 - Onderrigleerorganisasies
 - Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika
 - Navorsingseenheid: Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat
 - Eenheid vir Geneesmiddelenavorsing en -Ontwikkeling
 - Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur
 - Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks
 - Eenheid vir Energiestelsels
 - Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
 - Eenheid vir Ruimtefisika
 - Afrika-eenheid vir Transdisiplinêre Gesondheidsorg (AUTHeR)
 - Workwell: Navorsingseenheid vir Mense, Beleid en Prestasie
 - Think!Well: Ekonomiese Waardes van Welstand Navorsing
 - Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV)



Akademie programme belyning

As gevolg van die samesmelting in Januarie 2004 het dit vir die NWU nodig geword om sy akademiese programme te hersien en te belyn ten einde eenvormigheid betreffende akademiese standaarde, lewering en strukture te verseker. Die Senaat het aktief tot akademiese programme belyning bygedra deur die betrokkenheid van hul Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS), tesame met die vier akademiese komitees van IKAS. Gesamentlik dek hulle alle leergebiede en fakulteite by die Universiteit.

Daar is in 2007 met die implementering van die programme belyningsraamwerk voortgegaan en dit het regdeur 2008 voortgeduur. Teen 31 Desember 2008 was ongeveer 32% van die voorgraadse programme belyn en gerasionaliseer, wat gelykstaande is aan 114 uit altesaam 355 programme. Oor dieselfde tydperk is 22 nagraadse programme belyn en gerasionaliseer, gelykstaande aan 6% van alle programme op voorgraadse vlak.


In 'n verwante ontwikkeling het IKAS gedurende 2008 altesaam 128 aansoeke om akademiese programme en 123 aansoeke om kortkursusse hanteer.

Vir meer inligting oor programme belyning en die programme belyningstelkaart, lees die verslag van die Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof.


Rasse- en geslagsamestelling van die studentekorps in 2008

Jaar	Ras					Geslag		Totaal
	Wit	Afrikaan	Bruin	Asiër	Onbekend	Manlik	Vroulik	
2003	11 446	21 717	1 050	325	1 860	14 052	22 346	36 398
2004	12 657	24 975	1 255	321	938	15 344	24 802	40 146
2005	13 389	23 454	1 195	338	220	14 866	23 730	38 596
2006	14 288	22 412	1 221	616	172	14 766	23 943	38 709
2007	16 209	26 440	1 359	701	17	16 128	28 598	44 726
2008	17 071	27 722	1 602	585	28	16 279	30 729	47 008

Ras 2008



Geslag 2008




Onderrig-leer Studente-inskrywings


• Studente ingeskryf vir 2008

	Mafikeng	Potchefstroom	Vaal-Driehoek	Totaal
Eerstejaars	1 146	3 300	672	5 118
Seniors	6 944	31 874	3 072	41 890
Totaal	8 090	35 174	3 744	47 008

• Studente ingeskryf vir 2008 – kontak en afstand



• Geografiese oorsprong van studente



DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT
 ONDESKRYF DIE WAARDES VAN
 AKADEMIESE **VRYHEID**,
GEREGTIGHEID EN
DEURSIGTIGHEID.



• Registrasie volgens kwalifikasietipe

2008*	Bywonningsmodus			Groototaal
	Afstand	Kontak	Afstand VOO ¹	
Algemene akademiese eerste baccalaureusgraad	2	10 051		10 053
Doktorsgraad	24	734		758
Honneursgraad	78	1 840	4 533	6 451
Meestersgraad	13	2 464		2 477
Nagraadse baccalaureusgraad				
Nagraadse diploma		1 049	13	1 062
Voorgraadse diploma (1 en 2 jaar)		1 020	12 406	13 426
Voorgraadse diploma (3 jaar)		363	3 553	3 916
Professionele eerste baccalaureusgraad (4 jaar)	117	6 758	263	7 138
Professionele eerste baccalaureusgraad (3 jaar)	263	1 287		1 550
Geleentheidstudente	2	174	1	177
Groototaal	499	25 740	20 769	47 008

* Soos op 1 Mei 2008 (volgens 2e HEMIS 2008-indiening)

¹ VOO staan vir "Verdere Onderwysersopleiding" en beskryf die afstand- of fleksiprogramme van die NWU vir onderwysers wat reeds in die diens van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente is.



• Eksamens

Die eksamens het soos volg plaasgevind:

Eerste semester

Eerste eksamen: 2 tot 23 Junie 2008

Tweede eksamen: 7 tot 17 Julie 2008

Tweede semester

Eerste eksamen: 27 Oktober tot 15 November 2008

Tweede eksamen: 20 November tot 1 Desember 2008

Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) is doeltreffend gebruik om eksamenuitslae vry te stel. Benewens konvensionele kanale is uitslae ook op die NWU se webwerf geplaas en via SMS-boodskappe gestuur. Hierdie innoerings is deur studente verwelkom en het die administratiewe las op die eksamenafdeling verlig.

Studentesteun, finansiële hulp en onderriggelede

Studenteberadingsdienste: Mafikengkampus

Die NWU het die omvang en gehalte uitgebrei van beradingsdienste wat tot die beskikking van studente op die Kampus is, met die volgende prestasies wat in 2008 behaal is:

- 46 portuurhelpers is opgelei en in die fakulteite en by studentekoshuise ontplooi.
- Die Gestremdhedslessenaar, wat een voltydse personeelid het, het 20 studente met gestremdhede bygestaan en het geskakel met die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes (SANRB) en met *Disabled People South Africa* (DPSA).

Studenteberadingsdienste:

Potchefstroomkampus

Hierdie kampus het omvattende studenteberadingsdienste, insluitende:

- Die Studenteondersteuningstelsel, wat in 2008 uit ongeveer 180 opgeleide portuurhelpers (studente) bestaan het. Die portuurhelpers het 'n beduidende getal studente na die Studenteberadingsdienste en die Instituut vir Psigoterapie en Berading verwys, wat altesaam 764 beradingsessies gehad het. 'n Krisislyn vir die hantering van trauma gevalle was ook regdeur 2008 in gebruik.
- Toetsings-, siftings- en beradingsdienste, wat gedurende 2008 aan meer as 11 000 studente voorsien is, vergeleke met 9 000 in 2007.
- 'n Fakulteitspesifieke siftingsproses wat in 2008 vir die eerste keer deur die Regsfakulteit ingestel is. Dit sal in 2009 gestroomlyn word.
- Bystand vir studente met gestremdhede, wat deur die

Studenteberadingsdiens op die Kampus gekoördineer sal word. 'n Proseduredokument is opgestel om doeltreffende samewerking tussen verskillende afdelings te verseker, soos Akademiese Administrasie, Kommunikasie, die Biblioteek en Inwoning en Voedseldienste. 'n Konsepbeleid oor gestremdheid is op institusionele vlak saamgestel en is in die proses van voltooiing.

- Werkswinkels oor veelrassige psigoterapie en oor die profilering van suksesvolle studente, met die oog op ekstrapolering van hul ervaring sodat ander studente daarby baat kan vind.

Studenteberadingsdienste:

Vaaldriehoekkampus

Beradingsdienste is op 'n deurlopende grondslag aan studente beskikbaar deur strukture soos:

- Die portuurhelpergroep bekend as CH@S (*Connecting Helpers and Students*), wat studente met 'n behoefte aan psigososiale of akademiese steun bystaan en hulle vir professionele ingrypingsessies verwys.
- Die Departement Studenteontwikkeling, wat studente bystaan om toepaslike en realistiese studie- en loopbaankeuses te maak. Werkswinkels is ook aangebied om voorgraadse en nagraadse studente in staat te stel om hul akademiese profiele en individuele bevoegdhede op 'n professionele wyse aan te bied.
- Die Loopbaansentrum, wat help met die opstel van CV's en voorbereiding vir werksonderhoude, studente met voornemende werkgewers in kontak bring, ens. Benewens 'n uiters suksesvolle loopbaangeleentheid waaraan 12 werkgewers deelgeneem het, is verskeie werkgewersdae ook op die kampus aangebied.
- Die primêre gesondheidsorgklyniek, wat akute en chroniese primêre gesondheidsorgdienste vir onder andere griep, diabetes, reprodktiewe gesondheid en Vrywillige Berading en Toetsing (VBT) lewer.

Finansiële hulp

Gedurende 2008 het Finansiële Steundienste 'n onontbeerlike rol in die hantering van finansiële hulp vir studente gespeel. Een van die belangrikste aktiwiteite van hierdie afdeling was die administrasie van fondse wat deur die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente ("NSFAS") aan behoeftige studente beskikbaar gestel word. Al drie kampeuse het hierdie fondse gedurende 2008 benut.

Verskeie faktore het bygedra tot die sukses van Finansiële Steundienste om as 'n doeltreffende "eenstopwinkel" vir

studentesteun op te tree. Verbetering van die NSFAS-uitbetalingstelsel het byvoorbeeld 'n vinniger, meer professionele diens aan studente tot gevolg gehad. Hierbenewens het gestroomlynde kommunikasie met studente ten einde algemene voldoening aan reëls te verhoog, minder laat of onvolledige aansoeke tot gevolg gehad.

Finansiële bystand aan studente word uit die volgende bronne toegeedeel:

- Universiteitsfondse
- Nasionale en provinsiale befondsingskemas
- NSFAS
- Buitelandse befondsingskemas (Botswana, Lesotho)
- Parastaatsinstellings, maatskappye en NRO's

Die volgende tabel toon die toedeling van finansiële hulp aan voorgraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2008:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
Universiteitsfondse	Mafikeng	1,0
Universiteitsfondse	Potchefstroom	27,2
Universiteitsfondse	Vaaldriehoek	2,0
Totaal	NWU	30,2

Die tabel hieronder toon die toedeling van finansiële hulp aan nagraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2008:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
Universiteitsfondse	Mafikeng	1,6
Universiteitsfondse	Potchefstroom	7,3
Universiteitsfondse	Vaaldriehoek	1,7
Totaal	NWU	10,6

*DIVERSITEIT BEHOORT ALTYD
VERGESEL TE WORD DEUR 'N
WAARDERING VIR EENHEID,
VERDRAAGSAAMHEID
EN RESPEK.*

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan voorgraadse studente uit eksterne befondsingsbronne in 2008:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
Buitefondse	Mafikeng	23,4
Buitefondse	Potchefstroom	25,8
Buitefondse	Vaaldriehoek	6,0
Skenkings en trustfondse	Mafikeng	0,8
Skenkings en trustfondse	Potchefstroom	1,5
Skenkings en trustfondse	Vaaldriehoek	1,8
Totaal	NWU	59,3

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan voorgraadse studente uit Regeringsbefondsing (NSFAS) in 2008:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
NSFAS	Mafikeng	25,1
NSFAS	Potchefstroom	18,2
NSFAS	Vaaldriehoek	16,5
Totaal	NWU	59,8

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan nagraadse studente uit Regeringsbefondsing (NSFAS) in 2008:

Bron	Kampus	Waarde (R miljoen)
NSFAS	Mafikeng	2,4
NSFAS	Potchefstroom	20,3
NSFAS	Vaaldriehoek	1,1
Totaal	NWU	23,8
Groottotaal	NWU	183,7

Klas- en registrasiegeld vir 2008

Klasgeld op die Potchefstroom- en Vaaldriehoek-kampus het gemiddeld met 7% toegeneem, en dié op die Mafikengkampus met 13%.

Registrasiegeld op die Potchefstroom- en Vaaldriehoek-kampus het met R800 toegeneem, en dié op die Mafikengkampus met R600.

DIE NASIONALE FINANSIËLHULPSKEMA VIR STUDENTE ("NSFAS") HET DIE NWU SE FINANSIËLE ONDERSTEUNINGSDIENSTESPAN 'N GRADERING VAN "UITSTEKEND" VIR HUL BEURSBESTUURSVERMOËNS TOEGEKEN.



• Losies- en etegelde

Besonderhede	2008 R
Mafikengkampus	
- Koshuisgeld – op kampus	
- Voorgraads	6 500
- Nagraads	8 000
- Koshuisgeld – Gloria Park	14 500
- Etegeld	NVT
Potchefstroomkampus	
- Losiesgeld	9 640
- Etegeld het gemiddeld met 8,5% gestyg	
Vaaldriehoek	
- Losiesgeld	10 275
- Etegeld	6 800

• Gelde betaalbaar by registrasie

Besonderhede	2008 R
Mafikengkampus	
- Registrasiegeld	600
- Klasgelder 1e betaling	2 500
- Koshuisgeld per semester	Volle bedrag
Potchefstroomkampus	
- Registrasiegeld	800
- Bykomende heffings vir voltydse nie-inwonende studente	50
- Klasgeld 1e betaling	3 400
- Koshuisgeld 1e betaling	3 200
- Verpligte betaling vir etes:	600
Losies eerstejaar studente	
- Voorgestelde betaling vir etes	1 500
- Koshuisdeposito vir 2009: Eerstejaarstudente	1 500
- Koshuisdeposito vir 2009: Senior studente	500
Vaaldriehoekkampus	
- Registrasiegeld	800
- Bykomende heffings vir voltydse nie-inwonende studente	70
- Klasgeld 1e betaling	3 500
- Etedeposito	850
- Koshuisgeld 1e betaling	3 000
- Koshuisdeposito vir 2008: Eerstejaarstudente	550
- Koshuisdeposito vir 2008: Senior studente	280

• Sukseskoers

Die verhouding tussen die getal voorgraadse studente en die totale voltydse ekwivalente (VE's) het gedurende 2008 toegeneem, in die kontak- sowel as die afstandkategorieë.

Sleutelverhoudings van VE's tot inskrywingsgetalle – kontak	Kontak	
	2007	2008*
VE voorgraads as % van voorgraadse getalle	89%	95%
VE nagraads < meesters as % van nagraadse getalle < meesters	87%	65%
VE intermed nagraads as % van meestersgetalle	32%	31%
VE hoër nagraads as % van doktrale getalle	52%	50%
Totale VE as % van totale getalle	83%	84%

* Soos op 1 Mei 2009 (volgens 2e HEMIS 2008-indiening)

Sleutelverhoudings van VE's tot inskrywingsgetalle – afstand	Afstand	
	2007	2008*
VE voorgraads as % van voorgraadse getalle	67%	47%
VE nagraads < meesters as % van nagraadse getalle < meesters	30%	44%
VE intermed nagraads as % van meestersgetalle	31%	43%
VE hoër nagraads as % van doktrale getalle	55%	49%
Totale VE as % van totale getalle	59%	46%

* Soos op 1 Mei 2009 (volgens 2e HEMIS 2008-indiening)

VOLGENS STATISTIEK WAT DEUR DIE
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS IN
APRIL 2008 GEPUBLISEER IS,
HET DIE NWU DIE BESTE
GRAADVERWERWINGSNORM
VIR **MEESTERSGRADE** IN DIE SEKTOR
BEHAAL, DIE TWEDE BESTE VIR
BACCALAUREUSGRADE, EN DIE VIERDE
BESTE VIR DOKTORSGRADE.

Deurvloeiokers van voorgraadse kontakstudente*	Getal 2008	Gegra-dueerdes 2008	Deur-vloeiokers 2008	Deur-vloeiokers 2007	Deur-vloeiokers 2006
1e sertifikate en diplomas van 2 jaar of minder	1 020	360	35%	49%	59%
1e diplomas en baccalaureusgrade: 3 jaar	11 701	2 497	21%	20%	21%
Professionele 1e baccalaureusgraad: 4 jaar en langer	6 758	1 152	17%	18%	18%

* Die omskrywing van "deurvloeiokers" is die totale getal voorgraadse studente gedeel deur die getal inskrywings in die spesifieke jaar.

Deurvloeiokers van voorgraadse afstandstudente	Getal 2008	Gegra-dueerdes 2008	Deur-vloeiokers 2008	Deur-vloeiokers 2007	Deur-vloeiokers 2006
1e sertifikate en diplomas van 2 jaar of minder	12 406	4 178	34%	32%	26%
1e diplomas en baccalaureusgrade: 3 jaar	3 818	780	20%	15%	15%
Professionele 1e baccalaureusgraad: 4 jaar en langer	380	93	24%	26%	27%

Deurvloeiokersinisiatiewe

Die NWU fokus steeds intensief op inisiatiewe wat op verbetering van studentedeurvloeiokerse gerig is. Een van die belangrikste strategieë wat vir hierdie doel aangewend word, is sogenaamde aanvullende onderrig (Engels: *Supplementary Instruction (SI)*) vir studente in risikomodule. SI is sedert 2006 aan die Universiteit in gebruik en is gedurende 2008 gekonsolideer om konsekwentheid in lewering oor al drie kampusse te verseker.

In 2008 is aanvullende onderrig vir altesaam 350 modules oor die drie kampusse geïmplementeer. Altesaam 7 609 sessies is aangebied, wat ongeveer 76 000 deelnemers bereik het. 'n Doelgerigte poging is aangewend om die kapasiteit van fasiliteerders van aanvullende onderrig te verhoog, waarvan 376 gedurende die jaar aktief by die program betrokke was.

SI is een van die belangrikste strategieë wat by die NWU gebruik word om studente akademies te ondersteun. Benewens die voorsiening van aanvullende onderrig het die Universiteit met die totstandbrenging van leeslaboratoriums begin. Ander inisiatiewe wat geneem is om beter studentedeurvloeiokerse te bereik, het vaardigheidsontwikkeling van dosente ingesluit, in die vorm van aansporings

vir akademiese personeel wat verdere akademiese studie wil onderneem, asook beloningstelsels soos die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU).

Graduandi vir 2008

(Volgens plegtigheidsdatum ná voltooiing aan die eksamenvereistes in 2008)


Kampus	Plegtigheid	Totaal
Mafikeng	April 2008	1 446
	Oktober 2008	615
Totaal		2 061
Potchefstroom	Maart 2009	3 516
	Mei 2009	453
	Junie 2008	4
	September 2008	2 943
	November 2008	546
Totaal	Desember 2008	2 060
		9 522
Vaaldriehoek	Mei 2009	656
	Oktober 2008	98
Totaal		754
Totaal		12 337

• Grade en diplomas toegeken sedert 2003*

Grade en diplomas toegeken	2003	2004	2005	2006	2007	2008
Eerste grade	2 323	3 032	3 237	3 719	3 646	3 698
Diplomas	2 856	4 459	2 450	3 553	5 266	5 964
Honneurs	1 345	1 453	1 284	1 678	1 691	1 992
Meesters	615	626	700	764	618	583
PhD's	92	87	82	110	124	100
Totaal	7 231	9 657	7 753	9 824	11 345	12 337

* Die syfers vir 2003, voor die samesmelting, word teruggeprojekteer asof die samesmelting reeds plaasgevind het.

• Grade en diplomas toegeken per kwalifikasietipe



Navorsing

Die NWU se oorkoepelende navorsingstrategie is om 'n gebalanseerde onderrig- en navorsingsuniversiteit te word, en om sy kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer. Hierdie transformasie is uiteengesit in die Institusionele Strategie vir Navorsing en Innovasie 2008 – 2011, wat die Senaat in Oktober 2008 gefinaliseer en goedgekeur het. Hierdie strategie, wat bedoel is om nuwe momentum aan die Universiteit se navorsingsuitset te verleen ná vier jaar van bestendige, inkrementele groei, het in 2008 'n beduidende toename tot gevolg gehad. Die bykomende momentum wat nodig is, sal deur 'n aantal innoverende elemente van die strategie voorsien word, insluitende die nuwe navorsingsentiteit-bestuursmodel.



Artikelekwivalente gepubliseer

Vir die 2008- akademiese jaar is die Universiteit se totale geakkrediteerde navorsingsuitset vir artikels, boeke en konferensieverrigtinge-publikasies op 513 geraam, vergeleke met 376,20 gedurende die vorige jaar. Binne hierdie kategorie was daar 'n sterk toename in boeke en konferensieverrigtinge-publikasies, wat 33,78 bygedra het, vergeleke met 17,54 in 2007. Die totale getal geakkrediteerde vaktydskrifartikels het beduidend vanaf 358,23 in 2007 tot 468 in die oorsigjaar toegeneem.

Die tabel hieronder weerspieël die NWU se gesubsidieerde uitset tussen 2004 en 2008:

Navorsingsuitset*	2004	2005	2006	2007	2008*
Artikelekwivalente	271,60	318,38	351,50	358,23	473,77
Konferensieverrigtingepublikasies	3,30	7,58	7,80	12,62	34,04
Boeke	0,15	0,23	1,55	5,35	4,82
Totaal	275,05	326,19	360,85	376,20	512,64

* Geraam

Nasionale Navorsingstigting-gradering

Op 31 Desember 2008 het die Universiteit 103 navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gehad, vergeleke met 95 in Desember 2007. Dit is 'n toename van byna 8% in die getal gegradeerde navorsers en dit is bo die teiken van 5% wat die NWU vir die jaar 2008 vir homself gestel het.

Die volgende tabel toon die getal gegradeerde NWU-navorsers, tesame met hul graderingskategorieë, op elke kampus:

Kampus	Kategorie	Totaal
Mafikeng	C	1
	L	1
Totaal		2
Potchefstroom	A	2
	B	11
	C	65
	L	4
	P	1
	Y	17
Totaal		100
Vaaldriehoek	Y	1
Totaal		1
NWU-groottotaal		103

Ander sleutelaanwysers van die NWU se navorsingsprestasie is die getal meestersgrade en doktorsgrade wat toegeken is en die getal artikelekwivalente.



Die tabel hieronder weerspieël die NWU se prestasie in hierdie kategorieë vanaf 2004 en verder.

Navorsingsprestasie	2004	2005	2006	2007	2008
Meestersgrade toegeken	628	700	765	618	583
PhD's toegeken	84	85	110	124	100
Artikelekwivalente	275	326	361	376	513
Totale navorsingsuitset-eenhede*	798	865	1 074	1 061	1 089

* Sluit navorsingsmeestersgrade, PhD's maal drie en publikasies in (insluitende 'n raming van boeke, konferensieverrigtinge-publikasies en artikels)

Nagraadse werwing

In 2008 was 2 477 studente vir meestersgrade en 758 vir PhD's ingeskryf, vergeleke met die 2 629 meestersgrade en 827 PhD's in 2007. Hierdie effense daling het weereens die Universiteit se voorneme verstewig om meesters- en doktorsgraadstudente aktief te werf.

Aansporings vir verbeterde navorsingsuitset

Aansporings soos die NNS-graderingsaansporings en die aansporingsmodel vir navorsingsartikels, wat daarop gerig is om personeel aan te moedig om meer gereeld te publiseer en die kwaliteit van publikasies te verbeter, het vrugte afgewerp en tot die verbeterde navorsingsuitset van die NWU bygedra.

Ten slotte

	2004	2005	2006	2007	2008
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 709	44 726	47 008
Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand)	75,20%	78,80%	78,36%	79,48%	81,20%
Grade en diplomas toegeken (totaal)	9 657	7 746	9 825	11 345	12 337
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618	583
PhD's toegeken	87	85	110	124	100
Totale navorsingsuitset-eenhede*	798	865	1 074	1 061	1 089
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95	103

* Sluit navorsingsmeestersgrade, PhD's maal drie en publikasies in (insluitende 'n raming van boeke, konferensieverrigtinge-publikasies en artikels)



DR T ELOFF
VOORSITTER VAN DIE SENAAT

VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die permanente Institusionele Forum (IF) is in Februarie 2007 tot stand gebring en het op 1 Maart 2007 hul konstitueringsvergadering gehou. Dus was 2008 die tweede jaar van die nuwe IF, wat die mees gediversifiseerde en verteenwoordigende instansie in die NWU is.



Prof C de W van Wyk
Voorsitter: Institusionele Forum

Rol en samestelling van die IF

Ingevolge die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-Statuut vervul die IF 'n belangrike adviserende rol. Hierdie rol is spesifiek om die Raad te adviseer oor die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en nasionale beleid oor hoër onderwys, die aanstelling van lede van die Institusionele Bestuur, NWU-beleid oor ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, beleid oor bemiddeling en dispuutoplossing, die bestuur van kulturele diversiteit en die bevordering van 'n institusionele kultuur gebaseer op verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte. Die IF het, uit hoofde van sy mandaat, breed gebaseerde verteenwoordiging en die kundigheid van sy lede, sy adviserende verantwoordelikhede gedurende die jaar op bevoegde wyse nagekom.

Lede van die IF vir 2008

Die IF het uit 25 lede bestaan, wat die drie kampusse verteenwoordig het. Die IF se Uitvoerende Komitee het uit drie lede bestaan, naamlik prof C de W van Wyk (Voorsitter), me R Roos (Adjunkvoorsitter) en mnr TP Venter (Sekretaris), 'n lid van die NWU se administratiewe personeel. Aangesien mnr Venter teen die einde van 2008 as Sekretaris bedank het, sal 'n nuwe Sekretaris vroeg in 2009 verkies word.

Nege groepe belanghebbendes is gedurende die jaar in die IF verteenwoordig. Hierdie groepe en hul verteenwoordigers was:

Raad:	Mnr TJS Thabane
Bestuur:	Prof ND Kgwadi
Senaat:	Me R Roos, prof LM Vermeulen en dr MSM Molefe
Akademies, nie-Senaat:	Prof C de W van Wyk en dr RFA Maarman
Nie-akademiese personeel:	Mnr TP Venter, mnr JA van der Walt en mnr VL Mothobi
Vakbonde:	Mnr PJM van Niekerk, me J Pires-Putter, mnr MA Molefi en mnr N Ndandani
Studente:	Mnr P Kgosinkwe, mnr P Lethobeng, mnr C Moloto, mnr S Mbatha, mnr N Nhlapo en me A Croucamp

Konvokasie: Adv TJ Kruger en prof MW Stander
Spesiale kundigheid: Dr EM Sedibe en prof MS Zibi

Die burgerlike gemeenskap, die tiende belanghebbersgroep van die IF, is nie in hierdie stadium verteenwoordig nie.

Sake wat hanteer is

Die Institusionele Registrateur het die IF genooi om die Raad oor die heraanstelling van die Visekanselier te adviseer. Die IF is in die paneel verteenwoordig wat dr T Eloff as Visekanselier heraan gestel het en ten gunste van sy heraanstelling vir 'n tweede termyn gestem het. Die IF is ook verteenwoordig in die paneel wat prof LA du Plessis as Viserektor: Akademies en Ontwikkeling op die Vaaldriehoekkampus aangestel het.

Die Universiteit se Menseregtekomitee (MRK), wat deel van die IF is, het op 19 Junie 2008 'n werkwinkel in strategiese beplanning gehou. Hierdie werkwinkel het 'n aantal aanbevelings tot gevolg gehad wat in 'n verslag aan die Raad voorgelê is. Die Raad is onder andere versoek om te bevestig dat die MRK behoorlik as 'n permanente substruktuur van die IF tot stand gebring is. Hierbenewens het die IF die Institusionele Bestuur bygestaan in die verkryging van die dienste van adv MNS Sithole, SC ('n voormalige lid van die Raad) om sedert die begin van 2009 as Voorsitter van die MRK op te tree. Adv Sithole het ingestem om vir vier sessies van die MRK as Voorsitter op te tree, om met die geskeduleerde Raadsvergaderings saam te val.

Op 23 Oktober 2008 het die IF die Ministeriële Taakspan ontmoet wat aangestel is om studente-onrus op die Mafikengkampus vroeër in die jaar te ondersoek. Verder het die IF sy lede versoek om insette betreffende die Institusionele Plan (2009–2011) in te dien, asook oor die Diversiteitshandves.

Ander aangeleenthede wat aandag geniet het, was die Ontvangs- en Bekendstellingsprogram vir 2009 op alle kampusse en die Universiteit se voorbereidings vir die 2009-oudit van die Hoëronderrys-kwaliteitskomitee (HOKK). Die IF het ook 'n brief aan die Raad geskryf oor 'n kwessie waarby NWU-studente betrokke was wat na bewering lede was van 'n rassitiese groep op die oop wêreldwye sosiale netwerk, Facebook, en daardeur 'n afdeling van die Statuut van die Universiteit oortree het. Dissiplinêre verhore is oor die studente se gedrag gehou en die saak is bevredigend afgehandel.

Ten slotte

Die IF het beide die mandaat en die vermoë om uitvoering te gee aan die belangrike adviserende rol wat die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-Statuut vir dié liggaam in die vooruitsig gestel het. Die verskillende aangeleenthede waaraan die IF gedurende 2008 aandag geskenk het, was wesenlik en ten volle in ooreenstemming met hul statutêre mandaat, en die advies wat aan die Raad gegee is, is beide konstruktief gegee en gebruik. Wat betref die toekoms is die IF goed geposisioneer om steeds 'n institusionele klimaat te bevorder wat met die Grondwet van Suid-Afrika en die visie, missie en waardes van die NWU belyn is.



PROF C DE W VAN WYK
VOORSITTER: INSTITUSIONELE FORUM



ME R ROOS
ADJUNKVOORSITTER: INSTITUSIONELE FORUM



"SOMMIGE VAN ONS PERSONELLEDE KOM VAN SO VER AS DIE *VERENIGDE KONINKRYK, FRANKRYK EN KAMEROEN*. TUSSEN ONS IS DAAR AFRIKAANS-, ENGELS-, SETSWANA- EN ISIZULU-SPREKENDE SUID-AFRIKANERS. WANNEER ONS AL HIERDIE VERSKILLENDE MENSE EN PERSPEKTIEWE IN DIE LESINGLOKAAL BYEENBRING, LEI DIT TOT BETEKENISVOLLE, DIVERSE OPVOEDING WAT TOT VOORDEEL VAN ONS STUDENTE STREK."

– PERSONEEL, MAFIKENKAMPUS



OORSIG VAN INSTITUSIONELE BESTUUR

- 52** Samestelling van die Institusionele Bestuur **54** Verslag van die Visekanselier
60 Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof
66 Verslag van die Institusionele Registrateur **72** Verslag van die Uitvoerende
Direkteur: Mensontwikkeling **80** Verslag van die Uitvoerende Direkteur:
Korporatiewe Sake en Verhoudinge **84** Verslag van die Uitvoerende Direkteur:
Navorsing en Innovasie **94** Verslag van die Uitvoerende Direkteur:
Finansies en Fasiliteite

SAMESTELLING VAN DIE INSTITUSIONELE BESTUUR

Die Institusionele Bestuur is as uitvoerende arm van die NWU verantwoordelik vir die implementering van die strategieë, planne, begrotings, beleide en reëls wat deur die Raad goedgekeur word.

Ná die samesmelting-inkorporasie in Januarie 2004 het die Universiteit 'n tweevlak-besigheidsmodel aanvaar wat by sy bedrywighede pas, wat oor twee kampusse sowel as 'n aantal leerterreine in twee provinsies strek. Hierdie model

bestaan uit 'n kern- institusionele vlak wat konsekwentheid deur die Universiteit in die geheel verseker, en drie kampusse wat as gedesentraliseerde en gekoördineerde besigheidseenhede funksioneer.



Lede van die Institusionele Bestuur is agter vanaf links: Prof Annette Combrink, prof Frikkie van Niekerk, prof Johan Rost, prof Dan Kgwadi en mnr Victor Mothobi. Voor vanaf links is dr Themba Mosia, dr Ngoato Takalo, dr Theuns Eloff (Visekanselier), me Phumzile Mmope en prof Piet Prinsloo.

IB-lede	Portefeulje	Kwalifikasies
Dr T Eloff	Visekanselier	Dr T Eloff: BJuris (Econ), ThB, ThM en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).
Dr MN Takalo	Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof	Dr MN Takalo: BA en BEd (Universiteit van die Noorde), MA (Boston Universiteit); EdM en EdD (Universiteit van Columbia).
Dr NT Mosia	Institusionele Registrateur	BA, HonsBA en Diploma in Universiteitsonderrig (Universiteit van die Noorde), MA (Portland State University), PhD (Universiteit van Pretoria); MCSSA.
Prof F van Niekerk	Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie	BSc, MSc en DSc (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).
Prof IJ Rost	Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite	BCom, HonsBCom, MCom en CTA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Hoër Diploma in Belastingreg (Universiteit van die Witwatersrand), GR(SA).
Mnr VL Mothobi	Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling	Sertifikaat in Personeelbestuurspraktyke (SBL, Universiteit van Suid-Afrika), Sertifikaat in Arbeidsverhoudinge (Universiteit van Suid-Afrika), BA Lettere en Wysbegeerte (Randse Afrikaanse Universiteit).
Me PP Mmope	Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge	Nasionale Diploma en BTech-graad in Joernalisme (Technikon Pretoria); HonsBA (Kommunikasiekunde) (Universiteit van Suid-Afrika); PRP (PRISA).
Prof ND Kgwadi	Kampusrektor: Mafikeng	BSc (Universiteit van Bophuthatswana), MSc (Ball State Universiteit), MPhil (Universiteit van die Noorde), PhD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).
Prof AL Combrink	Kampusrektor: Potchefstroom	BA, MA en DLitt (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), HOD (UNISA).
Prof PJJ Prinsloo	Kampusrektor: Vaaldriehoek	BA, MA en DLitt (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), THOD (Potchefstroomse Onderwyskollege).

"DIE RAAD HET BESTUUR IN 'N GEES VAN **KRITIESE SOLIDARITEIT ONDERSTEUN EN **ONS GELEI** OM SELFS DOELTREFFENDER TE WORD.**"

– DR THEUNS ELOFF, VISEKANSELIER

VERSLAG VAN DIE VISEKANSELIER

Hierdie jaarverslag vier die eerste vyf jaar van die Noordwes-Universiteit. As 'n "jong samegesmelte instelling" het ons nie slegs al die uitdagings wat deur die samesmelting-inkorporasieproses gestel is suksesvol hanteer nie, maar het ons ook 'n mate van wasdom bereik, soos blyk uit die erkenning wat belangrike rolspelers aan die NWU verleen het. Die belangrikste is dat ons kernbesigheid stabiel gebly en floreer het.



Dr Theuns Eloff
Visekanselier

Ons missie

Die NWU het in 2008 verdere goeie vordering gemaak om ons missie te verwesenlik, naamlik om 'n doeltreffende en getransformeerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te wees. Die Universiteit het dit bereik deur sy waardes uit te leef, gesonde bestuur en transformasie na te streef, en plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.


Uit hierdie jaarverslag sal dit duidelik word dat ons ses missie-elemente met die NWU se filosofie ooreenstem: ons fokus op ons kernbesigheid, ons doen dit omdat ons waardegedrewe is, ons ondersteun dit met goeie en doeltreffende bestuur, en intussen is ons besig om te transformeer – ons pas voortdurend aan by veranderende omstandighede.

Ons kernbesigheid

As ons die 2008-resultate soos uiteengesit in hierdie verslag met dié van 2004 (die eerste jaar van die nuwe instelling) vergelyk, kan daar onomwonde gesê word dat die NWU gedurende die afgelope vyf jaar die regte strategiese keuses gemaak het:

- Ons onderrig-leer-aktiwiteite het verbeter:
 - Die NWU het studente uit al nege provinsies en die res van Afrika na sy drie kampusse gelok, en die profiel van die studente is uiters uiteenlopend. Altesaam 64% van die 47 008 studente (insluitende afstandstudente en studente in verdere opleiding vir onderwysers) wat vir 2008 ingeskryf was, was swart, en 36% wit.
 - Die voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand) het van 75,2% in 2004 tot 81,2% in 2008 toegeneem.
 - Altesaam 12 337 grade is in 2008 toegeken, 'n styging van 21,7% sedert 2004 (9 657).

** PricewaterhouseCoopers: NWU - "Universiteit met die beste korporatiewe bestuur" in Suid-Afrika. * Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad: NWU – "die universiteit wat die afgelope tien jaar die meeste vir nasiebou en meertaligheid gedoen het." * Die Nasionale Innovasiekompetisie: NWU – "Mees innoverende universiteit".*



Voor vanaf links is dr Maarten Venter, Adviseur en Projekbestuurder: Kantoor van die Visekanselier, dr Theuns Eloff, Visekanselier, en mnr Theo Venter, Adviseur: Kantoor van die Visekanselier. Agter vanaf links is mnr Frans du Preez, Direkteur: Kantoor van die Visekanselier, me Ria Nel, Bestuurder: Projekkantoor, en me Annetjie de Waal, Bestuurder: Bestuursinligting.

- Die akademiese programbelyningsproses vir voorgraadse programme het in dié mate gevorder dat die meerderheid van die voorgraadse belynde programme in 2010 gereed vir implementering sal wees.
- Ten einde studente akademies by te staan, is programme soos aanvullende onderrig en studente-ondersteuningstelsels in plek. In 2008 is aanvullende onderrig vir altesaam 350 modules oor die drie kampusse geïmplementeer.
- Hoewel die poel van studente met hoër as gemiddelde matriekpunte steeds klein is, het die NWU reeds aansienlike vordering gemaak met toegang tot programme soos die Ikateleng-program (wat graad 12-leerders uit benadeelde skole voorberei); die Heleskool-ontwikkelingsprogram (15 skole in die Noordwes-Provinsie); steun aan sewe Dinaledi-skole in die Noordwes-Provinsie; en die Grondslagprogramme op die Mafikengkampus. Dit bly egter 'n reuse-uitdaging om die gaping tussen die skoolstelsel en gereedheid vir universiteitstudie te vernou.
- In die besonder is volgehoue pogings oor die afgelope aantal jare om die kwaliteit van navorsing en nagraadse onderrig te verbeter, nou besig om vrugte af te werp.
 - Om verskeie redes is die getal meestersgrade wat toegeken is nou besig af te plat vanaf die sterk basis van 626 grade wat in 2004 toegeken is, tot 583 wat in 2008 toegeken is.
 - Die getal PhD's wat toegeken is, het met 13% van 87 in 2004 tot 100 in 2008 toegeneem.
 - Die totale navorsingsuitset-eenhede het met 24% van 798 in 2004 tot 1 089 in 2008 toegeneem.
 - Die getal gepubliseerde artikelekwivalente het met 46,3% van die 275 van 2004 tot 512 in 2008 toegeneem.
 - Die getal NNS-gegradeerde wetenskaplikes het met 29% van 73 in 2004 tot 103 in 2008 toegeneem.
 - In 2008 het die NWU die meeste THRIP-inkomste (R25 miljoen) van alle Suid-Afrikaanse universiteite ontvang. Die befondsing het van net minder as R9 miljoen in 2004 tot die bogenoemde bedrag in 2008 toegeneem. Dit beteken dat die Universiteit van 2004 tot 2008 deurlopend onder die voorste sewe ontvangers van THRIP-befondsing was, wat 'n aanduiding is van die relevansie van die navorsingsprojekte wat die Universiteit onderneem.

- Innovasie en die implementering van kundigheid is 'n kenmerk van die NWU, en die toekenning wat as die mees innoverende universiteit in Suid-Afrika ontvang is in die Nasionale Innovasiekompetisie wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie se Innovasiefonds aangebied word, getuig hiervan. Hierbenewens:
 - Het die getal geregistreerde patente met 61% vanaf 18 in 2004 tot 29 in 2008 toegeneem.
 - Het derdegeldstroom-inkomste met 108,7% van R311 miljoen in 2004 tot R649 miljoen in 2008 toegeneem.
 - Is 'n Bestuurder: Gemeenskapsbetrokkenheid aangesel om te verseker dat ons gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte belyn is, tot die voordeel van ons gemeenskappe.

Doeltreffende bestuur en volhoubare transformasie

- Die NWU se toegewydheid tot die handhawing van beste praktyk in algemene en korporatiewe bestuur het erkenning ontvang toe die Universiteit die eerste plek in Price-waterhouseCoopers se Korporatiewebestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoëronderdig vir 2008 behaal het.
- Die tweede fase van die handelsmerk-uitrolplan het momentum verkry met die aanvaarding van die nuwe slag-spreuk "*Innovasie deur diversiteit*", sowel as die eksterne implementering van die handelsmerk. Goeie vordering is ook gemaak met die vervanging van tekens en borde.
- Die nuwe ERP Oracle-stelsel is gestabiliseer en goeie vordering is gemaak met die verbetering van die beskikbaarheid en akkuraatheid van bestuursinligting en die toeganklik maak daarvan deur 'n nuut ontwikkelde intranet-webwerf.
- Goeie vordering is gemaak met die totstandbrenging van 'n raamwerk en stelsels vir die aktiwiteite van die Loopbaansentrum, en 'n teenwoordigheid is op elk van die kampusse gevestig.
- Die NWU kon die 2008- finansiële jaar met nog 'n gesonde surplus afsluit, hierdie keer van R71 miljoen.
- Goeie vordering is gemaak wat betref regstelling ten opsigte van geboue en fasiliteite, en infrastruktuurontwikkelings van meer as R77 miljoen is voltooi.
- Ná 'n moeilike begin het ons die aanvanklike elektrisiteitsvoorsieningskrisisse oorleef en het ons beduidende beleggings gemaak om te verseker dat ons kernbesigheid onder alle omstandighede op al drie kampusse kan voortgaan.
- Ons het goeie vordering gemaak met die totstandbrenging van 'n Skenkingsfonds, wat reeds R1,3 miljoen aan die einde van 2008 verkry het.
- Die Institusionele Kantoor het na 'n nuwe kantoorgebou verskuif, en hierdie gebou sluit 'n nuwe Raad- en Senaatsaal in.
- Goeie vordering is gemaak met die uitrol van die Hoëronderwys-MIV/VIGS-program (HEAIDS).
- 'n Nuwe Leierskapsakademie is tot stand gebring met die oog op die begin van omvattende opleiding van bestuurders in 2009.
- Wat betref kwaliteitmeganismes is die interne programhersienings voortgesit en is die NWU se selfevalueringsportefeulje vir die 2009-HOKK-oudit afgehandel ná 'n intensiewe proses wat alle belanghebbendes betrek het.
- Met verhoogde eenheid as een van ons sleuteldrywers vir 2008 was dit goed om te sien dat die NWU erkenning ontvang het omdat hy die afgelope 10 jaar die meeste tot meertaligheid en nasiebou in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor bygedra het (toekenning van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad).
- Verskeie programme is deur die Personeelwielstandsprogram geïnisieer om te verseker dat daar op proaktiewe wyse na die fisiese en psigologiese gesondheid van personeel omgesien word.
- Die interkampus- sosiale dae het baie gedoen om personeel van die verskillende kampusse aan te moedig om saam te kom en sosiaal te verkeer.
- Die Universiteit was in die gelukkige posisie dat hy oor toereikende personeel beskik het, veral op die kritieke gebiede. Dit bly egter 'n uitdaging om akademiese personeel in die professionele velde soos Ingenieurswese, Rekeningkunde en Inligtingstechnologie te lok en te behou.
- Dit bly ook 'n uitdaging om indiensnemingsgelykheidsteikens te behaal, maar verslag is gereeld oor indiensnemingsgelykheid aan die Raad en sy komitees gedoen. Dit het die herberekening van teikens tot gevolg gehad, ten einde te verseker dat dit realisties en haalbaar was binne die voorgeskrewe tydsraamwerke.
- Studente op al drie kampusse het weereens besonder goed op sport- sowel as kulturele gebied gevaar. Ons het nog nie behoorlike norme vir hierdie kategorie nie, maar die NWU bly beslis een van die toppresterende instellings in die land in die groot sowel as in sommige van die kleiner sportkodes. Interkampus-sportdae is nou gevestig en hou belowende vooruitsigte in vir verbeterde eenheid tussen die kampusse.
- Die befondsing wat beskikbaar gestel is deur NSFAS het marginaal toegeneem, maar is steeds nie voldoende nie, aangesien talle akademies verdienstelike maar finansiële behoeftige studente weggevoers moes word.



2008 was ook 'n moeilike jaar:

- Die nasionale gebeurtenisse en klimaat het tot die Ministeriële Komitee se ondersoek rakende sosiale kohesie en rassisme gelei en het ons as 'n instelling gesensiteer, en proaktiewe stappe is waar nodig gedoen. Die NWU kon ook bevestig dat beleid om sosiale kohesie te bou en wat dade van rassisme ontmoedig, in plek en geïmplementeer was. In hierdie opsig het die waardestelsel en mense-regte kultuur van die NWU 'n belangrike rol gespeel.
- Hoewel die NWU oor 'n hoë mate van stabiliteit met die minimum personeel- en studente-onrus gedurende die samesmeltingsfase beskik het, het onnodige studente-onrus, geweld en vernietiging van eiendom in die loop van 2008 op die Mafikengkampus voorgekom. Dit het tot die sluiting van die Kampus by 'n aantal geleenthede gelei. In 'n taamlik kommerwekkende ontwikkeling het die Minister van Onderwys, sonder enige voorafgaande oorleg met die Raad van die Universiteit, die aanstelling aangekondig van 'n onafhanklike en omvattende taakspan vir die evaluering van die sake van die Noordwes-Universiteit, wat op die implementering van die samesmelting sou fokus.
- Die Taakspan is inderdaad aangestel as 'n regstreekse gevolg van die gebeure wat tot die sluiting(s) van die

Mafikengkampus gelei het. Terwyl die Taakspanverslag toegegee het dat die moontlikheid van eksterne invloede op die protesaksies in Mafikeng "nie noodwendig sonder meriete was nie", het dit verkies om die breër politieke omgewing en die impak daarvan te onderspeel. Dit is duidelik dat hierdie aspek beter begryp en in aanmerking geneem moet word. Die Raad sal vroeg in 2009 op die verslag reageer.

- Ten spyte van die probleme wat ondervind is, het die Bestuur en personeel daarin geslaag om die suksesvolle afsluiting van die akademiese jaar op al die kampusse te verseker.
- Die Raad en Bestuur het die moeilike roete aangepak om die Mafikengkampus te transformeer tot een waar studente hul demokratiese reg op onderwys ongehinderd kan uitoefen, en waar ope debat en bespreking en die soek van oplossings aan die orde van die dag is, in plaas van stakings, boikotte en geweld.
- Dit is duidelik dat sommige van die onderliggende kwessies nog 'n tyd lank met ons sal wees, maar ons is vol vertroue dat, met die doelwitte wat ons vir onself gestel het om die NWU te transformeer, asook die bykomende maatreëls wat getref is om 'n gladde begin vir die 2009- akademiese jaar te verseker, ons al hierdie dinge ook te bowe sal kom.



*IN NOVEMBER 2008 HET DIE DEPARTEMENT WETENSKAP EN TEGNOLOGIE
AANGEKONDIG DAT DIE NWU DIE NASIONALE INNOVASIEFONDS-KOMPETISIE
SE KATEGORIE VIR DIE **MEES TEGNOLOGIES INNOVERENDE**
HOËRONDERWYSINSTELLING GEWEN HET.*

Ten slotte

Dit is duidelik dat die NWU se strategie om stabiliteit in ons kernbesigheid te verseker terwyl ons nuwe instelling op 'n beplande en volhoubare wyse getransformeer word in ooreenstemming met die doelwitte soos in die Institusionele Plan uiteengesit, besig is om vrugte af te werp.

Die volgende tabel demonstreer dit grafies:

	2004	2005	2006	2007	2008
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 709	44 726	47 008
Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand)	75,2%	78,8%	78,4%	79,5%	81,2%
Gradueringsyfer (getal grade as % van totale studentetal)	24%	20%	25%	25%	26%
Grade en diplomas toegeken (totaal)	9 657	7 746	9 825	11 345	12 337
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618	583
PhD's toegeken	87	85	110	124	100
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	275	326	361	376	513
Totale navorsingsuitset*	798	865	1 074	1 061	1 089
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95	103
Totale begroting	R953m	R1,080m	R1,253m	R1,420m	R1,650m
% inkomste vanaf regering	45,1%	43,2%	42,8%	39,8%	40,0%
Selfgegenereerde inkomste	R311m	R371m	R441m	R578m	R649m
Finansiële surplus/tekort	R14,7m	R68,7m	R71m	R85m	R71m
Infrastruktuur: makro-instandhouding	R20,9m	R17,8m	R32,1m	R54,1m	R50,3m
Kapitaalbesteding aan nuwe geboue	R5,9m	R29,3m	R44,5m	R46,8m	R46,2m

* Sluit navorsingsmeestersgrade, PhD's maal drie en publikasies in (insluitende 'n raming van boeke, konferensieverrigtinge-publikasies en artikels)

Ek spreek graag my dank uit teenoor alle studente en personeel wat tot hierdie uitnemende prestasie bygedra het. Bestuurders regdeur die NWU se vier sake-eenhede moet ook bedank word. Meer spesifiek het lede van die Institusionele Bestuurspan (insluitende die drie kampusrektore) uitnemende diens aan die NWU gelewer.

Die pad vorentoe bly uitdagend. In wese moet ons:

- Voortgaan om die kernbesigheid van die NWU te verbeter;
- Ons kwaliteitsversekeringsprosesse verbeter;
- Die tempo van transformasie verbeter;
- Die eenheid en diversiteit en die sentralisasie en desentralisasie in die instelling balanseer;
- Relevansie en impak verseker, nie net wat betref nasionale prioriteite nie, maar ook om internasionaal erken te wees.

In die laaste instansie het die Raad en sy Uitvoerende Komitee Bestuur in 'n gees van kritiese solidariteit ondersteun en ons gelei om selfs doeltreffender te word. Ek wil afsluit met 'n spesiale woord van dank aan die Voorsitter van die Raad, mnr Peet van der Walt, sonder wie se wysheid en sake-ingesteldheid dit nie moontlik sou wees nie.



DR T ELOFF
VISEKANSELIER

VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERRIG-LEER EN ADJUNKHOOF

In die vyf jaar sedert die samesmelting in Januarie 2004 het die NWU sy studentesukseskoerse egalig verbeter. In 2008 was die sukseskoers vir alle voorgraadse studente 20%, vergeleke met 16% in 2004. Insgelyks was die 2008-graadverwerwingskoers vir voorgraadse grade en diplomas 20%, teenoor slegs 16% vyf jaar tevore. Hierdie voortgesette verbetering in koerse weerspieël die aansienlike belegging in tyd en hulpbronne wat die Universiteit in sy onderrig-leer-bedrywighede gemaak het.



Dr Ngoato Takalo
Uitvoerende Direkteur:
Onderrig-Leer en Adjunkhoof

Hierdie portefeulje is trots daarop om 'n bydrae te kon lever tot die robuuste stand van onderrig-leer by die NWU deur akademiese ontwikkelings- en ondersteuningsdienste, institusionele kwaliteitsinisiatiewe, akademiese programbelyning en die stroomlyning van biblioteekdienste.

Akademiese ontwikkeling en ondersteuning

Die gebalanseerde ontwikkeling van akademici (in onderrig) en studente (in leer) lê aan die hart van die NWU se benadering tot akademiese ontwikkeling en ondersteuning.

Sleutelaktiwiteite vir 2008 was om aanvullende onderrig te verstewig, uitdagings wat betref wetenskap- en handelstoegangsprogramme die hoof te bied en te begin om 'n opvoedkundigetegnologie-raamwerk vir die NWU te ontwikkel.

Die portefeulje het ook die opleiding van nuwe dosente gedoen en die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid bestuur.

Akademiese ondersteuning van studente

Aanvullende onderrig (Engels: *Supplementary Instruction* (SI)) is een van die belangrikste strategieë wat by die NWU gebruik word om studente akademies te ondersteun, veral diegene in risikomodules.

In 2008 is aanvullende onderrig vir altesaam 350 modules oor die drie kampusse geïmplementeer. Altesaam 7 609 sessies is aangebied, wat ongeveer 76 000 deelnemers bereik het. Studente se slaagsyfer het gemiddeld tussen 7% en 10% verbeter.

Hierbenewens word voorbereidings getref om leeslaboratoriums op die drie kampusse tot stand te bring en te bedryf.



Vanaf links is prof Susan Coetzee-Van Rooy, Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning, dr Jannie Jacobz, Direkteur: Kwaliteitskantoor, me Bernice Smit, Bestuurder: Loopbaansentrum en dr Ngoato Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof.

Die tabel hieronder toon die mate waarin die NWU aanvullende onderrig op al drie kampusse ontplooi het.

Kampus	Modules wat in 2008 SI implementeer het	Fakulteite / skole / program wat in 2008 aan SI deelgeneem het	SI-fasiliteerders werksaam in 2008	SI-sessies in 2008 gefasiliteer	Getal studente in SI-sessies in 2008	% risiko-modules op K-skyf waarin SI in 2008 ontplooi is
Mafikeng	109	5	92	3 486	34 860	18,7%
Potchefstroom	146	8	162	2 589	25 890	4,7%
Vaaldriehoek	102	5	122	1 534	17 340	32%
Totaal	357	18	376	7 609	78 090	18,3%

Bevordering van toegang tot handel en die wetenskappe

Die NWU is daartoe verbind om die vaardigheidspeel van skoolverlaters in die natuurwetenskappe en handel uit te brei. Met die oog hierop bied die Mafikengkampus twee verlengde programme aan wat daarop gerig is om toegang te verleen aan studente wat, op grond van hul prestasie in Graad 12, nie andersins toegang tot graadstudie sou verkry het nie. Vir albei programme was die minimum kriteria vir keuring in 2008 'n M-telling van vier en 'n SATAP-telling van 40%. In die geval van die Handelstroom is dit bereken deur die gemiddelde van Engels en Gesyferdheid te neem. Vir die Wetenskapstroom is die berekening gebaseer op die gemiddelde van Engels, Wiskunde en Wetenskap. Altesaam 116 studente was in 2008 vir die Verlengde BSc-program geregistreer, vergeleke met 105 in 2007. Vir die Verlengde BCom-program het registrasies in 2008 op 91 gestaan, teenoor 195 die vorige akademiese jaar.

Dit het ook duidelik geword dat nie alle studente wat vir die programme aansoek gedoen het, uiteindelik geregistreer het nie. Dit is te wyte aan finansiële redes, of omdat hulle toelating tot ander programme verkry het.

Die laer as verwagte registrasiesyfers het die Onderrig-leer-portefeulje aangespoor om 'n bemerkingsveldtog in verskillende dele van die Noordwes-Provinsie van stapel te stuur. Die Mafikengkampus het ook 'n taakspan saamgestel om sekere ander uitdagings wat met die verlengde programme ondervind is, die hoof te bied. Dit het die behoefte aan voorsiening van bykomende akademiese ondersteuning en loopbaanberading vir studente in verlengde programme ingesluit. Een van die oplossings wat ondersoek is, was om aanvullende onderrig aan alle studente in verlengde programme beskikbaar te stel en dosente in verlengde programme in metodes van aanvullende onderrig op te lei.

Raamwerk van opvoedkundige tegnologie word ontwikkel

In die geheel is onderrig-en-leer-tegnologie by die NWU goed gevestig en word dit ook goed op 'n daaglikse grondslag deur studente en dosente gebruik. Die aktiewe deelname van die NWU aan die internasionale SAKAI-gemeenskap verseker dat die kwaliteit van die tegnologie wat gebruik word, aan die beste moontlike nasionale en internasionale standaarde voldoen. Ten einde die langtermyn-doeltreffendheid van tegnologie-ontplooiing vir onderrig-leer te verseker, is dit egter nodig om 'n volwaardige tegnologieraamwerk vir onderrig en leer te ontwikkel. Die eerste konsep van hierdie raamwerk is in November 2008 voltooi. Die volgende stap in die ontwikkeling van hierdie raamwerk, wat vir 2009 beplan word, is om met belanghebbendes op die kampusse en by die Institusionele Kantoor oorleg te pleeg.

Loopbaansentrum ten volle in bedryf

Wat betref studenteontwikkelingsdienste, was 'n belangrike hoogtepunt van 2008 die kapasiteit wat in die NWU se Loopbaansentrum ontwikkel is, wat voornemende studente, voorgraadse studente en gegradueerdes, behulpsaam is met die maak van realistiese loopbaankeuses en om hulle weg suksesvol deur die arbeidsmark te vind. Groot projekte wat deur die nuut geopende Loopbaansentrum onderneem is, het die volgende ingesluit:

- Die hou van loopbaanuitstallings op alle NWU-kampusse, wat studente en gegradueerdes in staat gestel het om met voornemende werkgewers in kontak te kom.
- Die ontwikkeling van CareerZone, 'n aanlyn-werwingsportaal vir gegradueerdes waar werkgewers vakatures kan adverteer en studente hul CV's kan plaas.
- Die van stapel stuur van die NWU se voorkeurwerkgewer-inisiatief, wat aan gekeurde werkgewers die geleentheid bied om hul teenwoordigheid ten opsigte van werwing van gegradueerdes te verstewig.
- Die aanbieding van CV- en onderhoudvoeringswerkswinkels om studente te help om die arbeidsmark te betree.

Die tabel hieronder toon hoe die toekennings oor die kampusse versprei is, volgens toekenningskategorieë:

2008				
	Totale getal ITOU's vir 2008 gemaak	ITOU-kategorieë in 2008		
		A	B	Ontwikkelingsbaan
Mafikengkampus	Sal as gevolg van onvoorsiene omstandighede in Junie 2009 gefinaliseer word			
Potchefstroomkampus	27	13	7	7
Vaaldriehoekkampus	5	0	3	2
Totale getal ITOU's in 2008 gemaak	32	13	10	9

- Die fasilitering van netwerkgeleenthede tussen NWU-alumni en maatskappye deur 'n webgebaseerde loopbaanportaal.
- Die publisering van die Loopbaansentrum se eerste NWU-loopbaangids, wat fokus op werk soek en verwante aangeleenthede, asook die eerste twee elektroniese Loopbaansentrum-nuusbriefe.
- Die ontwikkeling van die Loopbaansentrum-webwerf tot altesaam 63 bladsye in Engels en Afrikaans.
- Die skepping van 'n elektroniese databasis van aktuele loopbaanverwante artikels.
- Die skepping van 'n Loopbaansentrum-Facebook-groep in 'n poging om die groot groep studente op Facebook te bereik.

Ontwikkeling van akademiese personeel

Die twee belangrikste akademiese personeelontwikkelingsaktiwiteite van die jaar was die gestandaardiseerde implementering van die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) op alle kampusse en die aanbieding van die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND).

ITOU is 'n meganisme om erkenning te verleen aan dosente vir hul onderrigvaardighede en hulle aan te moedig om dit te ontwikkel en doeltreffende leer te bevorder. Om die impak van die toekennings te meet, word jaarlikse teikens in die Institusionele Plan gestel vir sover dit die getal geprojekteerde ontvangers op elke kampus betref. In 2008 was die teiken om altesaam 55 ontvangers te bereik, wat sou bestaan uit vyf vanaf die Mafikengkampus, 40 vanaf die Potchefstroomkampus en 10 vanaf die Vaaldriehoekkampus. Die werklike getal toekennings wat gedurende die jaar gemaak is, het op 32 te staan gekom, wat om verskeie redes onder die teiken was. Van die redes het die studente-onrus op die Mafikengkampus ingesluit, wat die ITOU-proses vir 2008 beïnvloed het.

Die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente is 'n waardevolle hulpmiddel om nuut aangestelde akademici te bemagtig om hulle vinnig op die hoogte van die NWU se onderrig- en navorsingspraktyke te bring en doeltreffende leeromgewings vir studente te skep. Gedurende die jaar het altesaam 84 nuwe dosente Fase 1 van die kursus bygewoon. Hiervan was drie deelnemers van die Mafikeng-kampus, 64 van die Potchefstroomkampus en 17 van die Vaaldriehoekkampus.

Die kursus word hoog geag onder deelnemers, aangesien dit hulle bekendstel aan beste praktyke en nuwe tendense in hoër onderwys en personeel van al drie kampusse in staat stel om hul ervaringe met mekaar te deel. Ná voltooiing van die kursus behoort dosente goed toegerus te wees om doeltreffende leeromgewings te skep, betroubare assesserings te doen, die navorsingstrukture van die NWU te verstaan en te weet waar om ondersteuningsdienste te vind vir onderrig, leer en navorsing.

Nog 'n ingryping vir akademiese personeel was die aanbieding van gevorderde opleiding in aanvullende onderrig. Dit is gereël as gevolg van terugvoer wat ontvang is van personeel betrokke by akademiese ontwikkeling en ondersteuning wat in 2007 opleiding in aanvullende onderrig bygewoon het en aangedui het dat sodanige opleiding vir almal waardevol sou wees. Om akademici te

akkommodeer wat meer omtrent aanvullende onderrig wou leer, is opleidingsessies in November 2008 gehou. Altesaam 38 personeellede het die sessies bygewoon, wat aangebied is met die bystand van die nasionale opleier in aanvullende onderrig van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit.

Akademiese program- en beleidsbelyning

Ná die samesmelting in Januarie 2004 het die NWU begin om sy akademiese programme te hersien en te belynten einde konsekwente akademiese standaarde, lewering en strukture te verseker. Implementering van die programbelyningsraamwerk is regdeur 2008 voortgesit. Teen 31 Desember 2008 was ongeveer 32% van die voorgraadse programme belyn en gerasionaliseer, wat gelykstaande is aan 114 uit altesaam 355 programme. Oor dieselfde tydperk is 22 nagraadse programme belyn en gerasionaliseer, gelykstaande aan 6% van alle programme op voorgraadse vlak.

Die volgende telkaart toon die vordering wat daar gedurende die oorsigjaar met die belyning van akademiese programme in die breë gemaak is:

2008-telkaart tov akademiese programbelyning				
Belyningstap gedoen 2008	Voorgraadse programme	%	Nagraadse programme	%
Totale getal programme	317		334	
Getal programme belyn	33	10%	10	3%
Getal programme uitgefaseer	3	1%	2	1%
Totale getal programme belyn en gerasionaliseer	36	11%	12	4%
	(277 programme nog nie belyn nie) (87% uitstaande)		(322 programme nog nie belyn nie) (96% uitstaande)	
Totale getal programme belyn en gerasionaliseer van 2007 tot 2008	114 / 355	32%	22 / 350	6%

DIE INSTELLING HET BYVOORBEELD GOEIE TOENAMES IN GRADUERINGSKOERSE BEHAAL, WAT TOT 26% VIR VOORGRAADSE GRADE EN DIPLOMAS TOEGENEEM HET, VERGELEKE MET 24% IN 2006 EN 25,3% IN 2007.

Die programbelyningsproses het die hantering van aansoeke vir meer as 250 akademiese programme en kortkursusse vanaf die drie kampusse ingesluit. Hierdie aansoeke is na die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) van die Senaat gekanaliseer, wat 'n aansienlike toename in IKAS-aktiwiteite gedurende 2008 tot gevolg gehad het.

Die tabel hieronder toon die getal IKAS-aansoeke wat in 2008 verwerk is:

	Getal akademieseprogram-aansoeke by IKAS in 2008	Getal kortkursusaansoeke by IKAS in 2008
Mafikengkampus	19	26
Potchefstroomkampus	97	79
Vaaldriehoekkampus	12	17
Institusionele Kantoor	0	1
Totaal	128	123

Nog twee prestasies op hierdie gebied was die suksesvolle transformasie van die IKAS-proses vanaf 'n papiergebaseerde proses na 'n elektroniese proses, en die suksesvolle ooreenkoms met DALRO betreffende kopieregreëlings en betalings aan DALRO in 2008.

'n Belangrike mylpaal vir die NWU se akademiese programmengsel was die Senaat se goedkeuring in Augustus 2008 van 'n vyfjaar-implementeringsplan vir die verbetering van kortkursusbestuur.

Inbed van 'n kwaliteitskultuur

Die ontwikkeling van 'n kwaliteitskultuur regdeur die NWU se kernbesigheid is 'n strategiese imperatief. Die Institusionele Kwaliteitskantoor voorsien die hulpbronne, infrastruktuur en hulpmiddele wat 'n kwaliteitsversekering-ingesteldheid regdeur die organisasie vestig. 'n Belangrike kwaliteitsversekeringsaktiwiteit is programmevaluering, wat terugvoer van onskatbare waarde vir die voortgesette akademiese belyningsproses bied, asook vir voortgesette kwaliteitsverbetering. Gedurende 2008 het die Universiteit 'n besonder besige skedule van eksterne evaluering gehad wat al drie kampusse geraak het:

- Op die Mafikengkampus is die BA (Toerisme), BA (Maatskaplike Werk), BNSc (Verpleging), BSc (Biologie) ekstern geëvalueer.
- Programme wat op die Potchefstroomkampus ekstern geëvalueer is, was die BAHons (Openbare en Korporatiewe Bestuur), die BEd (Grondslagfase) en alle BSc-, BScHons- en MSc-programme in die Sentrum vir Bedryfswiskunde. Hierbenewens het die Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS) wat op die Potchefstroomkampus aangebied word, volle akkrediasie van die HOKK ontvang.
- Op die Vaaldriehoekkampus is eksterne evalueringe gedoen vir Openbare Bestuur en Administrasie, Psigologie, Bedryfsosiologie, Sesotho, Politieke Wetenskap en die BSc in Inligtingstechnologie.

Nog 'n belangrike kwaliteitsverwante inisiatief was die herontwikkeling en opgradering van die kwaliteitshandleidings wat gebruik word binne die ondersteuningsdienseenhede wat die NWU se kernbesigheidsbedrywigheede ondersteun. Die hooffokus van die opgraderingsprojek was op die versekering van belyning tussen al die kampusse se ondersteuningsdienste en die prosesse en prosedures wat hulle ter ondersteuning van die kernbedrywigheede volg. Die behoefte aan sodanige belyning is in die NWU se selfevalueringsverslag vir die HOKK-oudit uitgelig, asook in die verslag oor Institusionele Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning wat deur prof Nan Yeld van die Universiteit van Kaapstad opgestel is.

Die Institusionele Kwaliteitskantoor is 'n integrerende deel van die Projekspan vir die HOKK-kwaliteitsoudit, wat oorkoepelend verantwoordelik is vir die voorbereidings vir die kwaliteitsoudit in Maart 2009 wat vanuit die Projekspan binne die kantoor van die Visekanselier gelei word. Gedurende die oorsigjaar is die finale selfevalueringsverslag en -portefeulje deur die Institusionele Senaat en die Raad goedgekeur, en het die Projekspan vir die HOKK-kwaliteitsoudit terreinbesoekplanne vir al die kampusse en die Institusionele Kantoor opgestel.

Biblioteekdienste

Die biblioteke van die NWU se drie kampusse is 'n hoeksteen van doeltreffende onderrig-leer en navorsing aan die Universiteit. Gedurende 2008 het al drie biblioteke die inisiatief geneem om hul waarde vir die universiteitsgemeenskap te verhoog deur hul gebruik van tegnologie, dienslewering en inhoud te verbeter:

- Die Mafikengkampus se bestuur het 'n bedrag van R1 miljoen beskikbaar gestel om die biblioteek in staat te stel spesifiek om voorgeskrewe handboeke te koop. Dit was daarop gerig om toegang tot hierdie leerhulpbronne onder minderbevoorregte voorgraadse studente te verbeter. Verder het die biblioteek programmatuur verkry en geïnstalleer om die behoeftes van 'n blinde regstudent te ondersteun wat andersins ernstig in sy studie belemmer sou gewees het.
- Die Potchefstroombiblioteek het aan die 2008-LibQUAL-opname van die *Association of College and Research Libraries* in die Verenigde State deelgeneem. Dit word as een van die mees gesaghebbende opnames vir die bepaling van gebruikerstevredenheid met verskeie aspekte van 'n biblioteekdiens beskou. Die bevindinge het getoon dat, wat gebruikerstevredenheid betref, die biblioteek homself duidelik in die geleedere van die beste in Suid-Afrika bevind. Hierbenewens het die biblioteek ook begin met 'n kampusbewaarplek van die akademiese produksie van die Kampus, 'n stelsel genaamd Boloka, wat Setswana is vir 'bewaar'. Dit sal toegang van buite tot die jongste proefskrifte en verhandelinge fasiliteer en sal ook in 'n latere stadium skakels na wetenskaplike artikels voorsien.
- Gedurende 2008 het die Vaaldriehoekskampus sy nuwe, opgeknapte biblioteekgebou geopen. Dit het meer ruimte geskep vir die biblioteek se voortdurend groeiende versameling van materiaal en vir studente om van die fasiliteite gebruik te maak om te studeer.

Ten slotte

Die onderrig-leer-omgewing van die NWU is vinnig besig om die punt te bereik waar akademiese belyning dwarsoor die kampusse nie meer 'n aspirasie nie, maar 'n werklikheid sal wees. Die drie kampusse volg reeds gestandaardiseerde, billike beleide en prosesse vir onder meer akademiese kwaliteitsversekering, die toekennings vir onderriguitnemendheid, die oriëntasie van nuwe dosente en die lewering van akademiese steun aan studente. In die nabye toekoms, sodra die proses van akademiese programbelyning afgehandel is, sal die NWU ook volledige konsekwentheid in die struktuur, lewering en evaluering van akademiese programme bereik.

Ongeag waar hulle aan hierdie universiteit gebaseer is, ons studente en personeel kan gerus voel dat hulle van hierdie portefulje hoëkwaliteit-, billike ondersteuning ter verwezenliking van hul akademiese potensiaal sal ontvang.



DR MN TAKALO
UITVOERENDE DIREKTEUR:
ONDERRIG-LEER EN ADJUNKHOOF

VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE REGISTRATEUR

Die akademiese administrasie en korporatiewe bestuur van die NWU was in 2008 in die kollig toe die instelling erkenning ontvang het as die voorste Suid-Afrikaanse universiteit vir sover dit korporatiewe bestuur, meertaligheid en rekordbestuur betref.



Dr Themba Mosia
Institusionele Registrateur

Die Institusionele Registrateur is bevoorreg om te kon bydra tot die Universiteit se rekord op al hierdie gebiede, met die steun van bevoegde personeel in die Afdeling. In die geval van funksionele meertaligheid en rekordbestuur is die Institusionele Registrateur die hoofsetel van hierdie funksies. Op die gebied van korporatiewe bestuur, wat natuurlik die mandaat van die NWU-raad is, speel die Institusionele Registrateur 'n klein maar konstruktiewe rol om die Raad by te staan om hul verantwoordelikhede na te kom.

'n Onmiddellike prioriteit aan die begin van 2008 was byvoorbeeld om die Raad behulpsaam te wees met hul voldoening aan hul lidmaatskapvereistes deur te help om ses raadsvakatures te vul. Stelsels is in plek gebring om te verseker dat die Raad deurlopend kon funksioneer en in die uitvoering van hul fidusiêre pligte voordeel uit 'n voltallige lidmaatskap kon put. Hierdie opdrag was ook die eerste taak van die nuwe Institusionele Registrateur, dr N Themba Mosia, wat in Januarie 2008 ná die aftrede van prof CFC van der Walt oorgeneem het.

Nadat daar suksesvol tot die Raad se aaneenlopendheid bygedra is, het die Institusionele Registrateur voortgegaan om die regs-, korporatiewebestuurs- en administratiewe kennisbasis te ontwikkel en te verfyn wat daartoe bygedra het om die NWU in die toonaangewende posisie te plaas wat dit vandag beklee.

'n Veranderende regslandskap – hantering van die uitdagings

Die Institusionele Regsdienste het die oorkoepelende verantwoordelikheid vir alle institusionele regsangeleenthede. Die veelvuldige aktiwiteite wat die NWU in die nastreef van sy kernbesigheid tot die voordeel van al sy belanghebbendes genereer, het 'n taamlik veeleisende regsomgewing geskep.

Hierbenewens word hoëronderwysinstellings deur 'n steeds toenemende volume wetgewing en hofbeslissings



Voor sittende vanaf links is me Elize Schutte, Bestuurder: Studente Administratiewe Stelsels, en dr Themba Mosia, Institusionele Registrateur. Agter vanaf links is mnr Simon Mokoena, Adjunkregistrateur: Sekretariaat, Administrasie en Argiewe, prof Marlene Verhoef, Direkteur: Taaldirektoraat, en mnr Frans Kruger, Direkteur: Regsdienste.

beïnvloed. Die NWU se Regskantoor word dienooreenkomstig gereeld deur ander afdelings genader om hulle oor voldoening aan 'n veranderende regslandskap te adviseer.

Gedurende 2008 het die Kantoor toegesien dat die Universiteit se ooreenkomste met verskillende diensverskaffers in ooreenstemming gebring is met die Wet op Mededinging se verbod op assosiasies wat teen mededinging gerig is.

Nog 'n fokuspunt was die wetgewing oor Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BGSEB), in die besonder wat betref voldoening aan en die totstandbrenging van sektorspesifieke riglyne. As gevolg van hul kundigheid oor hierdie belangrike stukke wetgewing is die NWU se regspan deur Hoëronderwys Suid-Afrika ("HESA") versoek om hul kundigheid met ander hoëronderwysinstellings te deel.

Dit het gedurende 2008 duidelik geword dat sommige aspekte van studente- en personeel dissipline doeltreffender

maatreëls vereis. Met dit in gedagte het die Regskantoor met Bestuur saamgewerk om te begin met 'n proses van totstandbrenging van kampuskantore om studentedisipline wat betref die Statuut en dissiplinêre reëls te administreer en te koördineer. Hierbenewens is aanbevelings oor die doeltreffender hantering van studentedisipline binne die konteks van die Grondwet, die Wet op Hoër Onderwys, die NWU-Statuut en die betrokke reëls aan Bestuur gemaak.

Die Regskantoor het voortgegaan om die NWU se groot intellektuele-eiendomsregisters te bestuur, in stand te hou en uit te brei. Verskeie voorlopige en finale indienings van nuwe patentaansoeke in Suid-Afrika, Afrika en oorsee is gedoen en oor toesig gehou. Hierbenewens was die Afdeling behulpsaam met die bedinging en opstel van lisensie-, kommersialiserings- en navorsingsooreenkomste tussen die Universiteit en nywerheidsvennote soos Sasol Tegnologie.





Benewens die toenemende vraag na die gebruik van die NWU se sport- en akkommodasiefasiliteite was die Regskantoor ook behulpsaam met onderhandelings op sportgebied. Een voorbeeld was die ooreenkoms wat bereik is met Match, die maatskappy wat deur FIFA aangestel is om kaartjieverkope-, akkommodasie- en geleentheidsinligting gedurende die FIFA 2010-wêreldbeker te voorsien. Volgens die ooreenkoms met die NWU sal akkommodasie gedurende die Wêreldbeker in NWU-koshuise aan toeriste voorsien word. Nog 'n ooreenkoms wat opgestel is, was dié tussen die NWU en die nasionale Departement van Sport en Rekreasie om die Sone 6-Afrikaspele vir Onder-20's in 2008 te bied. Hierbenewens was die Regskantoor instrumenteel in die verkryging van 'n borgskap deur MTN vir die bou van 'n BMX-baan van wêreldstandaard vir internasionale fietsrykampioenskappe in Potchefstroom, in samewerking met die Internasionale Fietsryfederasie.

Ander dienste wat deur die Regskantoor gelewer is, sluit regsangeleenthede in met betrekking tot diensvlakoooreenkomste, tenders, algemene kommersiële kontrakte, beskerming van die NWU se belange in openbare en private verwantskappe, die stigting van nuwe korporatiewe entiteite en die totstandbrenging van trusts en strukture ter ondersteuning van die kommersialiseringsverantwoordelikhede en korporatiewe maatskaplike verantwoordelikhede van die drie kampusse en die Institusionele Kantoor.

Hierbenewens was die Regskantoor ook ten nouste betrokke by eiendomstransaksies wat deur die NWU gesluit is.

Belangrike bydrae tot meertaligheid en nasiebou

Besonder goeie vordering is gedurende 2008 gemaak met die uitrol van die NWU se meertaligheidsbeleid, bekend as funksionele meertaligheid.

Vroeg in die jaar het die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) die NWU uitgesonder as 'n meertalige rolmodel in die hoëronderryssektor. Die spesiale PanSAT-toekenning het erkenning aan die Universiteit verleen omdat dit die meeste in die sektor tot meertaligheid en nasiebou oor die afgelope 10 jaar bygedra het.

Nog 'n mylpaal was die publikasie van 'n hoogs aangeskrewe navorsingsmonografie oor opvoedkundige tolking. Die boek, getitel *Multilingualism and Innovation: Innovation and Delivery*, bevat 11 vakkundige artikels geskryf deur navorsers van die Institusionele Taaldirektoraat en ander Suid-Afrikaanse universiteite.

Een van die internasionale resensente van die boek het soos volg oor die kwaliteit van die bydraes kommentaar gelewer (uit die Engels vertaal): "Dit is selde dat 'n mens die geleentheid het om 'n versameling referate te lees wat so weldeurdag saamgestel is. In hierdie geval verteenwoordig dit 'n brawe en vasbeslote poging om taalbillikheid in opvoedkundige instellings in Suid-Afrika te vestig, en in die besonder by die NWU. Die kennis en ervaring wat in hierdie proses opgedoen is, dra by tot die veld van toegepaste linguïstiek, en ook tot die domein van taalbeplanning. Ek sal verbaas wees as hierdie volume nie wyd buite Suid-Afrika gelees word nie."

Meer bewyse van die groeiende sigbaarheid van funksionele meertaligheid by die Universiteit was die beduidende groei in die opvoedkundige tolkdienste wat aan studente gebied word. Gedurende 2008 is opvoedkundige tolkdienste tydens ongeveer 500 periodes per week in onderrigprogramme op die Potchefstroom- en Vaaldriehoek kampus gelewer.

Leiers op die gebied van rekordbestuur

Die gehalte, betroubaarheid en akkuraatheid van die NWU se bestuursrekords ondersteun die Universiteit se verpligtinge ten aansien van korporatiewe verslagdoening. Om die NWU se rekordbestuursvermoëns te verbeter, het die Institusionele Registrateur voortgegaan om 'n rekordbestuursprogram regdeur die instelling te implementeer.

Die belangrikste implementeringshoogtepunte van 2008 het die volgende ingesluit:

- Erkenning van die Departement van Onderwys wat betref die NWU se sukses in die implementering van sy rekordbestuursprogram. Hierdie erkenning het die vorm aangeneem van 'n uitnodiging aan die Rekordbestuurder om in Desember 2008 'n werkswinkel vir 27 afgevaardigdes vanaf ander hoërondewysinstellings aan te bied. Nog twee werksinkels word in 2009 by die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van KwaZulu-Natal beplan. Hierbenewens het die Universiteit 'n uitnodiging aanvaar om dieselfde werkswinkel by die Konferensie van die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (BIVSA) in Mei 2009 aan te bied. Hierdie betrokkenheid bewys nie net die NWU se leierskap wat betref rekordbestuursangeleenthede nie, maar dit genereer ook derdegeldstroominkomste vir die afdeling.
- Die aanbied van opleiding in rekordbestuur vir 78 NWU-personelede, waarvan 15 ingeskryf was vir die kortkoursevaluering en die kortkursusertifikaat vir "Rekordbestuur in 'n Tersiêre Onderwysinstelling". Dit lewer ses krediete in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.
- Voltooiing van 'n konsepplan vir die NWU met gebruik van die selfevalueringsportefeulje vir die HOKK-oudit as die grondslag vir die identifisering van sleutelrekords.
- Voorbereiding van die dokumentkamer vir die HOKK-oudit se terreinbesoek in Maart 2009. Alle rekords waarna daar in die selfevalueringsportefeulje verwys word, tesame met sekere ander rekords wat oor kwaliteitsversekering handel, is ooreenkomstig die konsepplan versamel, geklassifiseer en geliasseer. Hierdie voorbereiding is ook gebruik as 'n loodsprojek vir die klassifiseringsgedeelte van die rekordbestuursprogram en sal in 2009 verfyn en gefinaliseer word.

Hierdie vordering het die scenario geskep vir die finale uitrol van die rekordbestuursprogram na die Universiteitsgemeenskap in 2009. Ter voorbereiding hiervoor is rekordbestuursvertegenwoordigers op elk kampus aangestel.

Verbetering van dienslewering aan studente

Die NWU is trots op sy doeltreffende, goed geoutomatiseerde en glad funksionerende studenteadministratiewe stelsels vir registrasie, eksamens en gradeplegtighede. In die oortuiging dat selfs die beste stelsels en prosedures verder verbeter kan word, het die Institusionele Registrateur gedurende 2008 na 'n aantal verbeterings aan die Varsité-studentestelsel (VSS) omgesien.

Hierdie ontwikkelings het die volgende ingesluit:

- Instelling van die funksionaliteit om graadsertifikate regstreeks vanaf die stelsel te druk, met gebruik van ingeboude en beproefde sekuriteitsmaatreëls.
- Instaatstelling van gebruikers om poskodes regstreeks vanaf die Poskantoor se webwerf na VSS af te laai ten einde te verseker dat die korrekte poskodes te alle tye gebruik word.
- Voorbereiding vir die implementering van die Kortkursusstelsel gedurende die eerste semester van 2009.
- Stelselaanpassings wat toelaat dat die data van die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat vanaf die Departement van Onderwys afgelaai en aan die voornemende studente vir 2009 gekoppel word.
- Verfyning van die selfregistrasieprosesse vir gebruik deur studente in al die fakultete van die Potchefstroomkampus (uitgesonderd die Fakulteit Opvoedingswetenskappe en Fakulteit Lettere en Wysbegeerte).

Argief en Museums: van verlede tot hede

Verskeie projekte is suksesvol gedurende 2008 voltooi, byvoorbeeld:

- Die opening van 'n nuwe uitstalling wat die vroeë geskiedenis van die Teologiese Skool in die ou skoolgebou en die Postma- en Cachet-studeerkamer in Burgersdorp uitbeeld.
- 'n Nuwe uitstalling wat die vroeë geskiedenis van die Teologiese Skool uitbeeld, is in die ou skoolgebou geopen.
- Die renovering van die begraafplaas van die Ossewabrandwag in Centurion.
- Die vervanging van foto's van die Rugbyinstituut en die Atletiekklub met duplikate sodat die oorspronklikes veilig bewaar kan word.
- Die viering van Internasionale Museumdag op 21 Mei 2008.



- Die verkryging van ongeveer 6 000 digitale foto's vir die fotografiese versameling.

Goeie vordering is ook gemaak met die totstandbrenging van argiefbewaarplesse en die opstel van 'n argiefprogram op die Mafikeng- en Vaaldriehoekampus.

Institusionele Sekretariaat

Die Institusionele Sekretariaat speel 'n belangrike skakelrol en voorsien waardevolle administratiewe inligting en steun aan alle rolspelers wat op die verskillende vlakke van die korporatiewe en algemene bestuursfunksie van die NWU betrokke is.

Die Sekretariaat hanteer vergaderings op institusionele vlak, soos dié van die Raad en sy komitees, die Senaat en sy komitees en die Institusionele Bestuurskomitee en sy subkomitees, sowel as verskeie koördinerende en raadplegende liggame.

Gedurende 2008 het die afdeling voortgegaan om sekretariële dienste van hoë gehalte aan hierdie korporatiewe en algemene bestuursliggame te voorsien en het hulle die vergaderingadministrasie en 'n logistiek van ongeveer 137 vergaderings hanteer.

Die Sekretariaat het ook hul dienslewering uitgebrei deur 'n sekretariële diens te lewer aan 'n aantal komitees wat nie voorheen bedien is nie. Hierdie komitees het die Institusionele Korporatiewe en Handelsmerkidentiteit-komitee, die Webherontwikkelingstaakspan, die Uitgebreide Registrateursforum, die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad, die Menseregtekomitee, die Institusionele Bedingingsforum, die Institusionele Indiensnemingsgelykheid- en Vaardigheidsontwikkelingsforum en die Institusionele Hoëronderwys-VIGS-koördineringskomitee ingesluit. Hierdie uitgebreide diens het tot gevolg gehad dat die Sekretariaat ongeveer 57 bykomende vergaderings hanteer het.

Institusionele Administrasie

'n Hoogtepunt vir hierdie afdeling was die samestelling van die NWU se inskrywing vir PricewaterhouseCoopers se Korporatiewe Bestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoëronderwys vir 2008, wat die Universiteit gewen het.

Nog 'n belangrike taak was die koördinerende van die Universiteit se jaarverslag vir 2007, wat uit twee weergawes bestaan het ten einde die wetgewende sperdatums na te

kom, terwyl daar steeds 'n hoëgehalte-belanghebbersweergawe van die verslag geproduseer is. Hiermee in gedagte is 'n weergawe wat aan wetgewing voldoen op 30 Junie 2008 by die Departement van Onderwys ingedien, gevolg deur 'n weergawe van die verslag vir belanghebbendes wat al die handelsmerk-kenmerke bevat het in Augustus 2008.

Die afdeling het ook tot die gladde funksionering van die NWU gedurende 2008 bygedra deur:

- Te verseker dat die institusionele kalender vir 2009 teen Junie 2008 voltooi en deur die Raad goedgekeur is en dat werk aan die 2010-kalender kort daarna begin het, aangesien dit tydige voorbereiding met die oog op die 2010-Sokkerwêreldbeker vereis het.
- Administrasie van ex officio-kommissarisse van ede, van wie daar 77 was wat dienste regdeur die Universiteit gelewer het.
- Bystand aan die HOKK-projekspan met die samestelling van die selfevalueringsportefeulje en die opstel van die finale dokument en vergesellende CD.

Die publikasie van sekere webblaaie op die NWU-internet en -intranet wat voldoeningsverwante inligting bevat, het ook regdeur die jaar voortgeduur. Hierbenewens is die webblad wat met beleid verband hou ook bygewerk om die nuwe konsepplaan van die NWU te weerspieël.

Ten slotte

Met sy behoorlike begrip van korporatiewebestuurstrukture, bestuurstrukture en wetgewing is die Kantoor van die Institusionele Registrateur goed geposisioneer om die NWU behulpsaam te wees om sy weg suksesvol deur die veranderende voldoeningslandskap in Suid-Afrika te vind. Hierdie portefeulje se korttermynvisie is om toe te sien dat die Universiteit se stelsels van korporatiewe bestuur en administrasie, beleid en prosedures behoorlik geïmplementeer en periodiek hersien word om vordering te verseker. Op die medium tot langer termyn is die doel om daartoe by te dra om die NWU se volhoubare posisie as die bes bestuurde en mees innoverende universiteit met die doeltreffendste korporatiewe bestuur in Suid-Afrikaanse hoër onderwys verder te vestig.



DR NT MOSIA
INSTITUSIONELE REGISTRATEUR



*DIE NWU HET 'N **SPESIALE TOEKENNING** VAN DIE PAN-SUID-AFRIKAANSE TAAL-
RAAD (PanSAT) ONTVANG TER ERKENNING DAARVAN DAT DIE UNIVERSITEIT GEDURENDE
DIE AFGELOPE TIEN JAAR IN DIE SUID-AFRIKAANSE HOËRONDERWYSSEKTOR DIE MEESTE
TOT **MEERTALIGHEID** EN NASIEBOU BYGEDRA HET.*

VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: MENSONTWIKKELING

Die Universiteit is vasbeslote om die beste akademiese, navorsings- en leierskaptalent te werf en te behou, en ondersoek dus nuwe velde wat betref mensontwikkeling. Gedurende 2008 het die NWU die eerste Suid-Afrikaanse universiteit geword om 'n Leierskapsakademie-program tot stand te bring om die bevoegdheid en potensiaal van sy bestuursleiers te ontwikkel.



Mnr Victor Mothobi
Uitvoerende Direkteur:
Mensontwikkeling

Terselfdertyd het die Universiteit sy MIV/VIGS-responsprogram dramaties uitgebrei, wat aan personeel 'n omvattende verskeidenheid opleidings-, beradings-, gesondheids- en navorsingsdienste bied. In nog 'n voorwaartse stap vir werksplektransformasie het die NWU strukture soos die Menseregtekomitee en die Indiensnemingsgeelykheid- en Vaardighedsontwikkelingsforum verbeter.

Die Direkoraat Mensontwikkeling het ook nou met die nuut verkose institusionele studenteierskap saamgewerk om hul doeltreffende en professionele funksionering te verseker.

Personeel van die NWU

NWU-werknemers	2007	2008
Permanent	2 739	2 753
Tydelik	2 876	3 209
Totaal	5 615	5 962

Werknemerkateregoree

Kategorie	2007	2008
Professionele onderrig/ navorsing-personeel	1 253	1 252
Uivoerende/administratiewe/ bestuursroepslui	113	113
Gespesialiseerde/ondersteunings beroepslui	926	1 006
Tegnies	263	295
Nie-professionele administrasie	2 496	2 839
Ambagte	40	41
Dienste	524	416
Totaal	5 615	5 962



Vanaf links is prof Madoda Zibi, Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte, mnr Christé de Wit, Direkteur: Mensehulpbronne Bedryf, mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling, dr Edward Sedibe, Direkteur: Studentesake en Sport, en prof Chris van der Watt, Direkteur: Organisasieer en -Ontwikkeling.

Geslagsprofiel

Geslag	2007	2008
Vroulik	3 027	3 309
Manlik	2 588	2 653
Totaal	5 615	5 962

Demografiese samestelling

Ras	2007	2008
Afrikaan	1 976	1 996
Bruin	143	136
Indiër	44	49
Wit	3 445	3 777
Onbekend	7	4
Totaal	5 615	5 962

Beplanning vir die volgende generasie

Leiers met 'n gedeelde doelgerigtheid

Vir die NWU se sukses om op die lang termyn volhoubaar te wees, moet die Universiteit se leierskapsgemeenskap 'n

gedeelde siening van gewenste leierskapsbevoegdhe en -praktyke hê. Die skepping van hierdie sin van gedeelde doelgerigtheid was die denke agter die totstandbrenging van die Leierskapakademie, 'n interne program vir die gestruktureerde ontwikkeling van leierskapbevoegdhe.

Teen die einde van 2008 het die Akademie die ontwikkeling van sy eerste program voltooi, bestaande uit 'n reeks werkwinkels oor onderwerpe soos effektiewe interpersoonlike verhoudinge, mobilisering en inspirering van mense, en doelwitstelling. Die eerste van die werkwinkels, wat in die middel van Januarie 2009 sal begin, sal gerig wees op 35 NWU-leiers, insluitende lede van die Institusionele Bestuur, kampusrektore, visirektore, registrateurs en die dekane van fakulteite. Verskeie eksterne bestuurskundiges van organisasies soos die *Gordon Institute of Business Science* sal as fasiliteerders optree.

Nuwe vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede vir personeel

Personeel en studente het voordeel getrek uit nuwe geleenthede vir vaardigheidsontwikkeling wat deur die Direkoraat Mensontwikkeling in samewerking met die ETDP SETA (die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir Onderwys-, Opleidings- en Ontwikkelingspraktyk) aangebied is.

Gedurende 2008 het die Universiteit toekenningsbefondsing van R1 655 500 van die ETDP SETA ontvang. Hiervan is

R1 317 500 aan NWU-studente toegeken, en R278 000 vir die ontwikkeling en opleiding van personeellede.

Altesaam 23 lede van die Universiteit se ondersteuningspersoneel het baat gevind by die toekennings, insluitende vyf personeellede van Finansiële Bestuur, vyf van Projekbestuur en drie van Inligtingstechnologie. Tien werknemers het vakleerlingskappe in loodsgieterswerk ontvang. Hierbenewens het die SETA internskappe aan twee nagraadse studente in die Mensehulpbron-afdeling toegeken.

Die ETDP SETA het ook aan die Universiteit 'n toekenning van R744 000 gemaak as diensverskaffer vir projekbestuurs- en finansiële opleiding in die vaardigheidsprogramme vir nie-finansiële bestuurders.

Die R1,3 miljoen se befondsing vir studente is aan 177 onderwysstudente beskikbaar gestel. Hiervan het 50 studente beurse ter waarde van R20 000 elk vir studie in BEd en in BSc Wiskunde en Wetenskap ontvang. Die ander 127 begunstigdes het elk R2 500 ontvang vir uitgawes wat aangegaan is terwyl hulle verpligte praktiese opleiding by skole gedoen het.

In 'n opleidingsprojek wat nie met SETA-toekennings verband gehou het nie, het 80 personeellede op die Mafikengkampus opleiding in rekenaargeletterdheidsvaardighede ontvang.

Prestasiebestuur verstewig

Goeie vordering is gemaak met die totstandbrenging van 'n prestasiegebaseerde kultuur by die Universiteit. Die belangrikste prestasiebestuursmylpaal van die jaar was die implementering van die prestasiebestuursbeleid en -stelsels op die Mafikengkampus. Lynbestuurders is opgelei om prestasieooreenkomste met hul spanne aan te gaan, en inligtingsessies is vir toesighouers en personeel gehou.

Dus was daar, teen die einde van 2008, prestasieooreenkomste vir alle lynbestuurders en toesighouers by die NWU in plek, wat die weg gebaan het vir hulle om ooreenkomste te sluit met personeel wat aan hulle rapporteer. Vir die 2009-prestasiebestuursiklus sal daar van alle personeel vereis word om ondertekende prestasieooreenkomste te hê.

Vergoedingsaangeleentheid

'n Prosedure vir die bonus- en ander aansporingskemas van die NWU is in 2008 in oorleg met lynbestuurders ontwikkel. Hierdie prosedure word gebruik om meriete-, be-

stuurs-, aansporings- en toppreesteerdersbonusse te bestuur.

Ná voltooiing van die onderhandelinge oor die Lewenskosteaanpassing (LKA), en nadat die Raad die hersiene vergoedingskaal goedgekeur het, is die begrotingstoewysings vir die hersiening van vergoeding voltooi. Lynbestuurders is opgelei en bygestaan met die korrekte implementering van die vergoedingsbeleid en -prosedures.

Arbeidsooreenoms bereik

Gedurende 2008 is 'n tweejaarsooreenoms oor lewenskosteaanpassings met werknemersorganisasies onderteken, wat beteken dat daar in 2009 geen onderhandelinge oor salarisverhogings sal plaasvind nie.

'n Ooreenoms is ook met die werknemersorganisasies bereik dat die NWU vyf mediese hulpskemas sal bedryf, waaruit personeel opsies op grond van bekostigbaarheid kan uitoefen. Die vyf skemas is Discovery, Commed, Comcare, Bonitas en FedHealth.

Klimaat-en-kultuuroopname

Laat in 2007 is 'n klimaat-en-kultuuroopname gedoen om die tevredenheidsvlakke van NWU-personeel te bepaal. Ná die terugvoer op die opname is die resultate aan alle personeel deurgegee en die opnameverslag op die intranet gepubliseer.

Die Kulturkoeffisiënt (KK), die summatiewe maatstaf van gesondheid in 'n organisasie se kultuur, het vanaf 51% in die 2005-opname tot 58,35% in 2007 toegeneem.

Die Direkoraat Mensontwikkeling het daarna 'n skedule ontwikkel vir die 12 kommerwekkende aangeleenthede wat personeel in die opname geopper het, vir gebruik deur die Institusionele Bestuur.

Hierdie 12 uitdagings vir die NWU, soos uitgelig in die bevindinge van die opname was:

1. **Strategiese voornemens** – Versekering dat die langtermyn-beplanningsproses strategiese voorneme in operasionele aksieplanne omskep.
2. **Akademiese programbelyning** – Versekering van sinergie tussen kampusse, versekering van inkoop van die kant van akademiese personeel en verbetering van kommunikasie oor programbelyning.
3. **Algemene akademiese profiel** – Omskrywing van prestasieaanwysers van akademiese uitnemendheid en kwaliteit, terwyl 'n voortgesette fokus op die verbetering daarvan verseker word.



4. **Balans: Onderrig-leer versus navorsing** – Vind van die regte klem vir elke vakgebied en versekering van inkoop in die navorsingentiteitmodel.
5. **Transformasie en kultuur** – Verbetering van kommunikasie oor die vordering met transformasie op alle kampusse, meer aandag aan geslagsgelykheid en die bou van interkampusamewerking en interkampusspanne.
6. **NWU-waardes** – Versekering van die belyning van en inkoop in die doen-waardes en versekering dat dit konsekwent geïmplementeer en in stand gehou word.
7. **Werklewe-ervaring** – Versekering van duidelikheid en deursigtigheid oor bestuursrolle en 'n verantwoordelikhede, asook die lok van die beste kundiges om die akademiese en navorsingsposisie van die NWU te verstewig.
8. **Handelsmerk en beeld** – Konsolidering en finalisering van die handelsmerk-en-beeldbouproses.
9. **Bedryfsbestuur** – Doeltreffender implementering van die geïntegreerde prestasiebestuursmodel en duidelike kommunikasie oor beleid, prosedures en stelsels.
10. **Beleid en prosedures** – Versekering van konsekwente implementering en verbetering van die toeganklikheid daarvan via die intranet.
11. **Belanghebbersverhoudinge** – Versekering dat verhoudinge met voornemende werkgewers, projekvennote en skenkers/stigters as ewe belangrik beskou word as verhoudinge met personeel, studente en die Departement van Onderwys.
12. **Organisatoriese doeltreffendheid** – Verbetering van die geloofwaardigheid van die Institusionele Kantoor en die versekering van breë belyning van die bestuurstyle van die kampusbestuurspanne.

Hierdie skedule is bespreek op 'n vergadering van die Raad se Transformasie-oorsigkomitee, wat spesifieke teikens gestel het om die kwessies wat gelug is te hanteer.

Organisatoriese ontwikkeling

Die Universiteit se sakemodel as 'n unitêre instelling met veelvuldige kampusse werk goed en slegs geringe veranderinge is gedurende die oorsigjaar aan die organisatoriese struktuur aangebring. Dit het die verandering van bestaande Organisatoriese Entiteit-strukture (OE-strukture) en die skepping van nuwe strukture behels, asook die hersiening van ondersteuningstrukture, posbeskrywings en posgrade vir ondersteuningspersoneel in akademiese fakulteite, met die eerste vyf fakulteite wat teen die einde van die jaar afgehandel was.

Diensgeoriënteerde ondersteuning

Gedurende 2008 het Mensehulpbronne (Bedryf) die eerste stap gedoen om 'n meer diensgeoriënteerde afdeling te word. Ná hersiening van hul steun aan lynbestuur (akademies sowel as ondersteuning) is MH-rolle in September 2008 hersien. Dit het gelei tot die aanstelling van ses MH-konsultante, wat 'n eenstopdiens by die Intitusionele Kantoor aan personeel sal voorsien, asook aan die fakulteite en ondersteuningsafdelings op die Potchefstroomkampus. Hulle sal ook leiding en steun bied aan MH-personeel op die Vaaldriehoek- en Mafikengkampus.

Diversiteit, billikheid en menseregte

Bestuur van diversiteit

Die Direktoraat soek na innoverende wyses om personeel regdeur die Universiteit vir diversiteitsbestuurskwessies te sensiteer en beplan om industriële teater te gebruik om dit te help bereik. In Oktober 2008 is 'n strategiese beplanningssessie gehou met 'n konsultant wat gekontrakteer is om 'n industriëleteater-draaiboek oor

diversiteitskwessies te skryf wat deur 'n dwarsdeursnee van personeel en studente geopper is. Die produksie behoort teen Augustus 2009 vir NWU-gehoore gereed te wees.

Die Diversiteitshandves, wat bindend op alle lede van die Universiteitsgemeenskap sal wees, is voltooi en in die Universiteit se Etiese Kode ingesluit.

Menseregtekomitee

Die struktuur en prosesse vir die hantering van beweerde gevalle van menseregteskendings by die NWU is gedurende 2008 gestroomlyn om groter doeltreffendheid en effektiwiteit te verseker. 'n Besondere prestasie was die Universiteit se sukses in die verkryging van die dienste adv Solly Sithole, SC as onafhanklike voorsitter van die NWU se Menseregtekomitee vanaf Januarie 2009.

Die prosedurehandleiding wat die Menseregtekomitee sal gebruik om aandag aan menseregtekwessies te gee, is deur Institusionele Bestuur goedgekeur en die Direkoraat: Menseregte het die mandaat gekry om as 'n kanaal vir ontvangs van klagtes op te tree.

Iets wat verdere momentum verleen het aan die poging om die belangrikheid van menseregte uit te lig, was lesings wat deur erkende kundiges op die gebied gelewer is. Adv Leon Wessels van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie het 'n lesing oor menseregte aan alle lede van senior bestuur gegee, en dr Andre Keet, ook van die Suid-Afri-

kaanse Menseregtekommissie, het 'n lesing ter herdenking van Menseregtedag op die Potchefstroomkampus gelewer. Prof Jonathan Jansen het 'n lesing oor studenteverwante menseregtekwessies op die Mafikengkampus gelewer.

Indiensnemingsgelykheid

Die Universiteit is oortuig dat indiensnemingsgelykheid 'n bedryfsimperatief is wat goeie sake sin maak. Hierdie filosofie is by alle moontlike geleenthede bevorder.

Die Institusionele Indiensnemingsgelykheid- en Vaardighedsontwikkelingsforum (IIGVOF) was besonder produktief en proaktief in 2008. Gespesialiseerde taakspanne het verslae en terugvoer gelewer oor sleutelkwessies soos struikelblokke vir gelykheid en die doeltreffendheid van interne beleid. Kampus-IIGVOF's is ook tot stand gebring om aan die IIGVOF oor kampusgebaseerde gelykheidsaangeleenthede te rapporteer.

Daar is gereed aan die Raad en sy komitees oor indiensnemingsgelykheid-inligting verslag gelewer. Dit het die herberekening van teikens tot gevolg gehad, ten einde te verseker dat dit realisties en haalbaar was binne die voorgeskrewe tydsraamwerke.

Nog 'n prioriteit vir 2008 was die voorsiening van bestuursinligting oor werknemersprofile vanaf die ORACLE-stelsel. Hierdie inligting is aan lynbestuurders voorsien ten



einde hulle in staat te stel om hul vordering onderweg na die indiensnemingsgelykheid-teikens wat gestel is, te monitor en te bestuur.

Brosjures wat die Indiensnemingsgelykheidsbeleid en -plan opsom, is as 'n doeltreffende bemarkingshulpmiddel vir belanghebbendes en gedurende rondgaande MKO-aanbiedings gebruik.

Werknemergesondheid en -welstand

Die NWU het 'n goed gestruktureerde werknemerwelstandsprogram wat aan personeellede en hul gades toegang tot 'n rykdom van gesondheids- en fiksheidsdienste verleen. Dit sluit gesondheidsdae, algemene fiksheidsprogramme, gesondheidsifting, stres- en tydsbestuurswerkswinkels en ondersteuningsgroepe in.

Van die gewildste projekte wat in 2008 aangebied is, was die interkampus- sosiale dae, die fiksheidsprogramme bekend as *Be Active* en die *Vodacom Challenge Yourself*-geleenthede, naamlik hardloop, fietsry, swem en pretstap. Verder was griepimmuniserings, gewigverliesprogramme, metabooliese toetsing en siftingstoetse vir gehoor, sig en osteoporose ook in aanvraag.

Gereelde gesondheidsbewusmakingsveldtogte is aangebied oor onderwerpe soos bloedskenking, servikale en borskanker, prostaat- en testikelgesondheid, geestesgesondheid, orale gesondheid, hartgesondheid en die voordele daarvan om op te hou rook. Kundige sprekers is uitgenooi om hul insig tydens hierdie geleenthede te deel.

In die geheel het die welstandsprogram meer as 6 500 NWU-personeellede en hul gades bereik, insluitende:

- 1 218 in die Institusionele Kantoor
- 1 210 op die Mafikengkampus
- 3 511 op die Potchefstroomkampus
- 585 op die Vaaldriehoekkampus

Benewens die dienste ten opsigte van persoonlike gesondheid en fiksheid wat beskikbaar is, het Werknemerswelstand ook tydsbesparings- en stresbestuursprojekte aangebied wat die Universiteit honderde werksure per jaar bespaar. Voorbeelde hiervan is projekte waar bystand aan personeel verleen is met die verkryging of hernuwing van bestuurderslisensies, identiteitsdokumente en paspoorte, internasionale bestuurderspermitte en motorvoertuiglisensies.

Personeel het ook talle geleenthede gehad om by gemeenskapsdiens betrokke te raak deur verskillende

welsynsorganisasies by te staan, insluitende die Abraham Kriel-kindertehuis, die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, Boikagong-kinder- en -jeugsentrum, die Ikageng-skooling vir Haweloses en die Suid-Afrikaanse Bloedbank.

Hoëronderwys-VIGS-program (HEAIDS)

NWU-personeel put voordeel uit 'n verskeidenheid nuwe of verbeterde MIV/VIGS-dienste, te danke aan die skenking van R3,2 miljoen van die Europese Kommissie deur die HEAIDS-program van Hoëronderwys Suid-Afrika (HESA). Die toekenning word bestee om die Universiteit te help om meer hulpbronne teen MIV/VIGS in te span en die MIV/VIGS-program in al sy gesondheidsorg- en welstand-saktiwiteite te integreer.

'n Finansiële oudit van uitgawes tot op datum vir die tydperk 1 Desember 2007 tot 31 Julie 2008 is suksesvol deur Philip Miller & Co uitgevoer. Die oorblywende bedrag van R1,4 miljoen moet teen Junie 2009 bestee wees. Die projek het toegang verleen tot 'n verskeidenheid dienste, insluitende opleiding, bystand van beradingsdienste in die gesondheidsentrums, primêre gesondheidsorg en navorsingsinligting.

Hoogtepunte van die projek gedurende die oorsigjaar het die volgende ingesluit:

- Die installasie van Optilife, 'n kliniese bestuursinligtingstelsel by al drie gesondheidsentrums van die NWU en verbandhoudende opleiding vir 17 personeellede. Mediese toerusting vir voorsiening van primêre gesondheidsorg is ook aangekoop en geïnstalleer. Die gesondheidsdienste het in Maart op die Potchefstroomkampus en in April op die Vaaldriehoekkampus 'n aanvang geneem.
- Die ontwikkeling van drie Senaatsgoedgekeurde kortkurse oor MIV/VIGS deur die Skool vir Verpleegkunde. 'n 12-krediet-kortkursus van Unisa vir die integrering van MIV/VIGS in akademiese kurrikulums word ondersoek.
- Die opleiding van ongeveer 85 portuuroopvoeders op al drie kampusse. Hulle het aan altesaam 12 geleenthede deelgeneem, wat gestrek het vanaf aktiwiteite rondom Wêrelddag vir VIGS tot formele opleiding oor gesondheidsverwante kwessies. Hierdie program het ongeveer 4 700 studente bereik.
- Die implementering van InfoEd, 'n navorsingsbestuursinligtingstelsel, 'n werkswinkel met al die betrokke belanghebbendes van Gesondheid en Welsyn en die implementering van 'n kommunikasiestrategie, insluitende plakkaat, pamflette, opleidingsgeleenthede en konferensies, radio-produksies en webwerfontwikkeling.

Studentesake en Sport

Hierdie direktoraat is ook verantwoordelik vir die institusionele funksionering van studenteontwikkeling en sport, wat die bedryf en ontwikkeling van die institusionele studenteierskap insluit.

Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)

Die IVSR-leierskopleidingswerkswinkel het op 21 en 22 Januarie 2008 plaasgevind. By hierdie werkswinkel, wat deur 'n eksterne fasiliteerder gelei is, is die IVSR se jaarplan opgestel en gefinaliseer.

Die eerste IVSR-aktiwiteit op die plan was die interkampus-sportdag wat op 1 Maart 2008 plaasgevind het en waaraan studente van al drie kampusse deelgeneem het. Die volgende geleentheid was die Konstitusionele Grondwetspitsberaad, wat op 23 Februarie op die Vaaldriehoek-kampus plaasgevind het en deur 'n verteenwoordiger van die Departement van Onderwys gefasiliteer is. Die IVSR het ooreengekom oor wysigings wat aan die IVSR-grondwet aangebring moes word, en dit is aan die Senaat voorgelê en daarna deur die Raad goedgekeur.

Drie IVSR-lede het ook die SAUS-konferensie bygewoon wat in Julie 2008 by Fort Hare-Universiteit gehou is. Die IVSR-president, me Mart-Mari Tromp, het die Abe Bailey-reisbeurs ontvang en het Brittanje gedurende November 2008 besoek.

Al die kampusse het suksesvolle VSR-verkiesings tussen Augustus en September 2008 gehou. Die nuutverkose IVSR het op 27 Augustus 2008 vergader om die IVSR-rekords van die uittredende IVSR te ontvang – vir die eerste keer in die geskiedenis van die NWU. Die nuwe IVSR is ingehuldig met mnr Sephiwe Mbatha van die Vaaldriehoek-kampus as die nuwe IVSR-president. Dr Cecil Bodibe, 'n onafhanklike kundige oor studentesake, is vir hierdie geleentheid as motiveringspreker genooi.

Die IVSR het deelgeneem aan institusionele komitees soos die Senaat, die Raad, Institusionele Forum en die Advieskomitee oor Studentestudente, en het vrugbare bydraes gelewer.

Sport

Gedurende 2008 is twee interkampus-sportdae vir studente van al drie kampusse gereël. Die eerste het op 1 Maart 2008 op die Potchefstroomkampus plaasgevind, soos gereël, maar die tweede geleentheid moes tot Februarie 2009 uitgestel word. Die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus het 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die plaaslike gemeenskap gelewer deur sokkerafrigtingsklinieke in samewerking met die London South Bank University van die VK aan te bied.

Ten slotte

Die bestuur van mensontwikkeling gaan nie bloot oor die voldoening aan beleid en reëls nie, maar ook oor die skepping van 'n instaatstellende omgewing vir mense waarin hulle werkstevredenheid kan bereik, hul vaardighede kan ontwikkel en terugvoer kan ontvang oor hoe hulle tot organisatoriese sukses bydra. Net so belangrik is die ontwikkeling van 'n institusionele etos wat interkulturele verdraagsaamheid ondersteun en verseker dat menseregte en menswaardigheid die respek kry wat dit verdien. Baie is gedurende 2008 vermag om die instaatstellende omgewing te lewer waarin die NWU se mense saam dinge kan bereik, kan groei en kan uitblink.



MNR VL MOTHABI

UITVOERENDE DIREKTEUR: MENSONTWIKKELING



ONS SLAGSPREUK, *INNOVASIE DEUR DIVERSITEIT*, REFLEKTEER DIE UNIVERSITEIT SE VOORNEME OM DIE DIVERSE KULTURE TE KOESTER EN DIT IN TE SPAN IN ONS STREWE NA KENNIS EN INNOVASIE.

VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: KORPORATIEWE SAKE EN VERHOUDINGE

Die finalisering van die tweede fase van die handelsmerkuitrolproses en die van stapel stuur van die NWU se institusionele slagspreuk – Innovasie deur Diversiteit – was een van die hoogtepunte van die jaar vir die Afdeling Korporatiewe Sake en Verhoudinge (KSV).



Me Phumzile Mmope
Uitvoerende Direkteur:
Korporatiewe Sake en Verhoudinge

Hierdie prestasie was die gevolg van 'n gesamentlike poging tussen die Afdeling en die drie kampusse se afdelings Bemaking en Kommunikasie, wat die sukses onderstreep het van die poging om kommunikasie en bemaking regdeur die Universiteit te belyn en te stroomlyn.

Die samewerking het begin met die totstandbrenging van raadplegende forums, prosesse, prosedures en beleid wat in plek was om te verseker dat die drie kampusse se afdelings Bemaking en Kommunikasie met KSV saamwerk ten einde die teikens en aflewerbares van die Institusionele Plan te ondersteun.

Die samewerking tussen die kampusse en KSV is verder weerspieël in die ontwikkeling van die handelsmerkessensie wat die NWU as 'n toonaangewende en volhoubare, onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit omskryf wat diversiteit inspan en innovasie nastreef ten einde 'n betekenisvolle verskil in Suid-Afrika en die wêreld te maak. Die handelsmerkessensie was op sy beurt instrumenteel om insette te lewer in die Universiteit se slagspreuk, die ontwikkeling van 'n visuele identiteit, die definiëring van die handelsmerkposisionering en die formulering van konsekwente strategiese boodskappe vir interne en eksterne belanghebbendes.

Oordra van duidelike, konsekwente boodskappe

Nadat die nuwe handelsmerk gefinaliseer en goedgekeur is, is 'n nasionale reklameveldtog gelyktydig in vier Sondagkoerante van stapel gestuur. Benewens die vestiging van die handelsmerk het die veldtog ook die boodskap aan alle belanghebbendes oorgedra dat die NWU 'n "toonaangewende Universiteit in Suid-Afrika is".

Die boodskap is in verskeie sake- en nywerheidspublikasies voortgesit, en ten einde dit ook op plaaslike gemeenskappe te fokus, is 'n uitvoubrosjyre ontwikkel en in drie plaaslike koerante ingesluit, wat aan altesaam 32 000 lesers versprei is. Die positiewe reaksie het die behoefte beklemtoon aan kommunikasie oor die NWU in die geheel, in teenstelling met kampusspesifieke inligting, en dit sal spesifiek in 2009 aandag geniet.

Korporatiewe publikasies is ook regdeur 2008 gebruik om die Universiteit se nuwe handelsmerk te vestig en sy strategiese sleutelboodskappe te verstewig. Die gedrukte vlagskippublikasies was:



Vanaf links is mnr Louis Jacobs, Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie, me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge en mnr Willem Booysen, Direkteur: Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling.

- Die interne nuusbrieff "Eish", wat spesifieke bladsye ingesluit het wat aan die onderskeie kampusse toegewy was, en aan alle personeellede in alle sake-eenhede versprei is.
- Die 2007-jaarverslag, gegrond op die tema Gedrewe om die beste te wees, wat op 30 Junie 2008 by die Departement van Onderwys ingedien is. Weereens is 'n glansweergawe in Engels en Afrikaans gepubliseer en as 'n bemarkingshulpmiddel aan verskillende belanghebbendes versprei, insluitende die Noordwes-Wetgewer.
- Die Korporatiewe Profiel, wat in Julie 2008 in Engels en Afrikaans gepubliseer is. Vir die eerste keer is 'n uitvoublad met hoëronderwysinligting en institusionele statistiek bygevoeg.

Bo en behalwe hierdie gedrukte kommunikasiehulpmiddels het die Afdeling ook hoogs doeltreffende gebruik van elektroniese media en hulpmiddele gemaak:

- Die beplanning vir die herontwikkeling van die NWU-webblad was gedurende 2008 'n prioriteit. 'n Webopname is onder primêre belanghebbendes uitgevoer, insluitende huidige en voornemende studente, ouers van huidige studente, alumni en personeel. Die doel was om hul behoeftes te identifiseer en te verseker dat die nuwe web hieraan gehoor gee. Die bevindinge is ook in die ontwerp en uitleg van die landingsblad, webwerfkaart en navigasie in aanmerking geneem. 'n Webbeleid is daarna ontwikkel en op 19 September 2008 deur die Raad goedgekeur.
- Die personeel-intranet het steeds sy regmatige plek as die heersende interne kommunikasie-middel gedurende die

oorsigjaar ingeneem. 'n Intranet-tutoriaal is ontwerp om personeel bekend te stel aan die voordele van die benutting van die intranet as bron van akkurate inligting.

- TransTips, 'n meertalige vertaalhulpmiddel, is op die eksterne webomgewing in bedryf gestel ná die suksesvolle implementering daarvan op die intranet.
- Ander elektroniese kommunikasiekanale het die daaglikse elektroniese kennisgewing aan personeel, @NWU, die maandelikse Visekanseliërsnuusbrieff en dringende en krisiskommunikasie ingesluit. Hierbenewens is die template vir elektroniese kaartjies vir verjaarsdae, Kersfees, medelye, gelukwense en e-uitnodigings gefinaliseer.

Eksterne kommunikasie

Hoewel mediamonitoring slegs teen die laaste helfte van 2008 ingestel is, is baie positiewe dekking ontvang, veral wat betref die toekenning wat daar aan die NWU as die universiteit met die beste korporatiewe bestuur gemaak is in die jaarlikse kompetisie vir doeltreffende korporatiewe en algemene bestuur deur PricewaterhouseCoopers. Die Universiteit het ook negatiewe publisiteit ontvang as gevolg van onkonstruktiewe voorvalle wat sporadies op die drie kampusse voorgekom het. Nogtans het die proaktiewe benadering van die Institusionele Bestuur en kampusbesture, tesame met hul verwerping van sodanige voorvalle, tot gevolg gehad dat die Universiteit in 'n positiewe lig gestel is.

Verhoudinge met belanghebbendes

Gedurende 2008 is die hooffunksies met betrekking tot belanghebbersverhoudinge en spesiale geleenthede formeel by die afdeling Korporatiewe Sake en Verhoudinge ingeskakel.

Altesaam nege netwerkingsdinees, insluitende twee met die NWU-Raad van Skenkers, is in 2008 gehou. Dit is regdeur die land deur die Visekanselier, dr Theuns Eloff, aangebied. Die doel was om strategiese verhoudinge te smee en sakeontwikkelingsvennootskappe met sleutelbelanghebbendes te sluit.

Dr Eloff het ook 10 ontbytvergaderings met personeellede op die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus en met die Institusionele Kantoor gehou. Dit was daarop gerig om interne kommunikasie te fasiliteer, veral wat betref die rol van personeel in hul bydrae tot die prestasies van die Universiteit.

Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling

Die Afdeling Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling (IBSO) het in 2008 hul tweede bestaansjaar beleef. Voor die totstandbrenging daarvan verlede jaar is fondsinsameling en verhoudingbou deur 'n wye verskeidenheid afdelings, kantore en individue in die Institusionele Kantoor en op die drie kampusse gedoen. Hierdie afdeling se hooffokus gedurende die oorsigjaar was op strategiese beleyning van fondsinsamelingsaktiwiteite en versekering dat befondsing konstruktief en professioneel hanteer word.

Met die oog hierop het die Afdeling die riglyne en prosedures vir fondsinsameling gefinaliseer, wat daarna deur die Institusionele Bestuur goedgekeur is. Hierdie riglyne ondersteun die idee dat personeellede kan en in staat behoort te wees om self eksterne fondse te werf, mits dit gedoen word binne die riglyne en prosedures wat gestel is, en deur die IBSO-afdeling. Projekleiers van die Institusionele Kantoor en die drie kampusse wat gedurende 2008 by die riglyne gehou het, het die voordeel van groter toegang tot 'n groter verskeidenheid inligting en voornemende befonders geniet. Dit was die gevolg van die strategie om nuwe markte te ontdek en op wêreldwye en plaaslike fondsinsamelingstendense te kapitaliseer.

Goeie vordering is ook gemaak met die ontwikkeling van strategiese vennootskappe in die diplomatieke gemeenskap. Die Visekanselier het twee dinees in Johannesburg en Pretoria aangebied vir verteenwoordigers van buitelandse missies uit Frankryk, Duitsland, die Verenigde State en 'n aantal ander lande. Dit het die weg gebaan vir besoeke deur die Visekanselier en projekleiers aan verskeie ambassades en hoë kommissies, insluitende die VSA-ambassade, Kanadese Hoë Kommissie en USAID.

Institusionele Bevorderingsprojektekomitee

Die Institusionele Bevorderingsprojektekomitee het steeds toesig gehou oor die prioritering van fondsinsamelingsprojekte, die toewysing van fondse en die kartering van die Universiteit se toekomstige ontwikkeling.

Hierdie proses, wat in 2007 tot stand gebring is, is gedurende 2008 uitgeklaar toe die Komitee die NWU se visie en missie wat betref strategiese groeiprioriteite omskryf het en daarna 'n strategie ontwikkel het wat buigsaamheid behou terwyl dit spesifiek genoeg is om toekomstige keuses van projekte waaraan strategiese fondse bestee sal word, te bevestig.

NWU-skenkingsfonds

Die skenkingsfonds is tot stand gebring ná 'n fondsinsamelingsveldtog onder sleutelalumni in 2007. Gedurende 2008 het die Visekanselier ses dinees vir alumni in Mafikeng, Johannesburg en Potchefstroom aangebied, en teen die einde van die jaar is meer as R1 miljoen vir die skenkingsfonds verkry. Hierdie fondse is geskenk hoofsaaklik deur 25 alumni en vriende wat hulle daartoe verbind het om R1 000 per maand vir vyf jaar by te dra, tesame met 40 ander alumni wat hulle tot ander fondsinsamelingsinisiatiewe verbind het. Dit het 'n donasie van R60 000, hetsy as 'n eenmalige skenking of in die vorm van 60 maandelikse betalings van R1 000 elk, of 120 betalings van R500 elk ingesluit.

Hierbenewens is daar met werk begin aan die totstandbrenging van 'n omvattende databasis van NWU-alumni sodat al drie kampusse kan help met die generering van bydraes tot die skenkingsfonds. Nog 'n hoogtepunt was die afdeling se deelname aan die USAID-hoëronderwyspitsberaad vir die Afrikastreek wat in Oktober 2008 gehou is. Die geleentheid het in Rwanda plaasgevind en het meer as 1 000 hoëronderwysinstellings van regoor die wêreld gelok. Hierdie spitsberaad het aanleiding gegee tot gesamentlike strategiese voorstelle, wat die opstel van verskeie internasionale samewerkingsvoorstelle tot gevolg gehad het.

Die Afdeling het ook 'n oorsig gedoen van fondsinsamelingstrategieë om te verseker dat die IBSO sy teikens vir die verstewiging van die skenkingsfonds haal. Een van hierdie strategieë was om mense te vra om 'n erflating aan die Universiteit te bemaak. Nog 'n strategie het 'n fokus op plaaslike en internasionale stigtings en trusts behels, insluitende Atlantic Philanthropies, Kresge Foundation, Ford Foundation, Carnegie Corporation of New York, Carl & Emily Fuchs Foundation, PA & Alize Malan Memorial Trust, Paul & Stella Loewenstein Trust en die Ackerman Family Trust, almal met positiewe gevolge.

Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling

'n Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling is in 2008 tot stand gebring om potensiële vennootskappe tussen die Universiteit en verskeie privatesektor-programme te ondersoek wat daarop gerig is om ekonomiese groei en werksgeleenthede te vermeerder, asook om welvaart deur onderwys te skep.

Die Forum is daarop gerig om voornemende private vennote uit te bring by toepaslike gemeenskapsuitreikprojekte wat van die Universiteit se kundigheid gebruik maak, ten einde sosio-ekonomiese uitdagings die hoof te bied. Hierdie Forum het in 2008 sy pogings daarop gefokus om duidelike boodskappe vir privatesektor-belanghebbendes te formuleer. So byvoorbeeld het die Forum dit duidelik gemaak dat die NWU daarna streef om beskikbare openbare fondse te benut, indien toepaslik, om die regering se breë doelstellings van die verbetering van die vlak van onderwys, die hantering van sosio-ekonomiese uitdagings, bydraes tot werkskepping en armoedeverligting en die bereiking van billikheid in toegang tot hoërsonderwys te bevorder.

Deur die Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling tot stand te bring, het die NWU die private sektor ondubbelsinnig erken as 'n noodsaaklike vennoot in die poging om internasionaal mededingend te word en verhoogde skenkersbefondsing te lok.

Ten slotte

Die van stapel stuur in 2008 van die nuwe slagspreuk, *Innovasie deur Diversiteit*, was die finale stap in die ontwikkeling van die nuwe handelsmerk en korporatiewe identiteit van die NWU, en dit was op sigself 'n demonstrasie van die innovasie wat diversiteit kan inspireer. In 'n besondere vertoon van samewerking wat bo kampusgrense uitgestyg het, het die drie bemarkings- en kommunikasieafdelings kragte met Korporatiewe Sake en Verhoudinge saamgespan om die handelsmerkessensie van die Universiteit te definieer, en dit het op sy beurt weer al die ander komponente van die nuwe handelsmerk geïnspireer. Gesamentlik stuur hierdie handelsmerkelemente die duidelike boodskap uit dat die NWU 'n diverse, innoverende en wêreldwyd erkende akademiese instelling is wat multikulturalisme, veeltaligheid en multinasionalisme vier en aanmoedig. Korporatiewe Sake en Verhoudinge is bevoorreg om 'n rol daarin te speel om die Universiteit as 'n diverse, innoverende, wêreldwyd erkende instelling te posisioneer wat bereid en in staat is om 'n betekenisvolle verskil in die gemeenskap te maak.



ME PP MMOPE
UITVOERENDE DIREKTEUR:
KORPORATIEWE SAKE EN VERHOUDINGE



VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: NAVORSING EN INNOVASIE

Die NWU het uitstekende vordering met navorsing en innovasie gemaak, soos gedemonstreer word deur die resultate van verskeie normbepalingsoefeninge wat die Universiteit se prestasie in perspektief plaas.



Prof Frikkie van Niekerk
Uitvoerende Direkteur:
Navorsing en Innovasie

Gedurende 2008 is vergelykende syfers vir onderwys aan Suid-Afrikaanse universiteite deur die Departement van Onderwys beskikbaar gestel, wat die NWU in 'n duidelik gunstige lig stel. Ander positiewe maatstawwe van die instansie se sterk posisie was die jongste data oor THRIP-befondsing en die uitslag van die Innovasiefonds se Nasionale Innovasiekompetisie vir 2008.


Groei in nagraadse navorsingsuitset


Die vergelykende syfers vir Suid-Afrikaanse universiteite wat deur die Departement van Onderwys beskikbaar gestel is, toon die volgende vir nagraadse onderwys:

- Die NWU het die vyfde meeste doktrate in 2007 opgelewer (124), met Wits in die eerste posisie (189), en Pretoria, Stellenbosch en UK in die tweede, derde en vierde plekke (met onderskeidelik 170, 153 en 142).
- Hierdie universiteit se doktrale graderingskoers was die vierde beste in die land (15%), met Rhodes in die eerste plek met 20,2% en Wits en Stellenbosch tweede en derde onderskeidelik met 19,4% en 17,4%.
- Hoewel die NWU teruggesak het na die sesde plek vir die getal meestersgrade wat toegeken is, was die graderingskoers die derde beste in die land (23,5%), met Rhodes eerste (27,4%) en UK tweede (25,8%).

Die grafiek hieronder toon nagraadse inskrywings vir die vyfjaartydperk van 2004 tot 2008.

Nagraadse komponent van koppetelling





Vanaf links is me Bibi Bouwman, Bestuurder: Gemeenskapsbetrokkenheid, dr Rudi van der Walt, Direkteur: Innovasie, prof Amanda Lourens, Direkteur: Navorsingsondersteuning, en prof Prof Frikkie van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie.

Mees tegnologies innoverende universiteit

Die Nasionale Innovasiekompetisie is daarop gerig om nie net uitnemendheid in innovasiebewustheid en -kapasiteit te ondersteun, aan te moedig en te erken nie, maar om ook verbetering op daardie gebiede te bewerkstellig. Die NWU het die 2008-toekenning gewen, wat 'n finansiële toekenning van R550 000 ingesluit het om verdere momentum aan innovasie-aktiwiteit te verleen.

Dr Mclean Sibanda van die Innovasiefonds het in sy kommentaar op die kwaliteit van die NWU se inskrywing die volgende gesê: "Die Noordwes-Universiteit in die besonder vertoon 'n kultuur van innovasie wat deur die hele instelling teenwoordig is. Daar was ook bewys van die breedte en diepte van hul innovasie. Verder belê hulle in gefokusde navorsing. Dit het tot gevolg dat meer befondsing na die fokusareas gelei word, met die uitkrangeffek van groter vlakke van innovasie wat bereik word. Dit, gekoppel met die vrugbare kultuur van innovasie, het 'n baie goed geïntegreerde navorsing-innovasie-kontinuum tot gevolg gehad. Hulle voorlegging is vol energie, en dit dui op 'n kantoor wat vol energie is, asook op goeie leierskap. In die geheel is dit 'n welverdiende toekenning."

Hoogste THRIP-inkomsteverdiener

In 2008 het die NWU die meeste THRIP-inkomste van alle universiteite in Suid-Afrika verdien, wat die innoverende

en toepaslike navorsing onderstreep wat in 'n hegte verwantskap met die nywerheid gedoen word. Gedurende die jaar het die Universiteit altesaam R25 387 870 miljoen aan THRIP-befondsing ontvang, vergeleke met R14 422 253 in 2007. Dit was 'n styging van 76% vergeleke met die vorige jaar.

Sleuteltemas vir 2008

Die NWU het toegewy gebly aan die visie vir navorsing en innovasie: om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word en sy kundigheid op 'n innoverende wyse te implementeer. Konkrete stappe ter verwesenliking van hierdie visie is uiteengesit in die Institusionele Strategie vir Navorsing en Innovasie 2008–2011, wat in Oktober 2008 gefinaliseer en deur die Senaat goedgekeur is. Hierdie strategie bevat 'n rollende driejaarplan en sentreer om die oorgang van die NWU as 'n onderriguniversiteit met gefokusde navorsing na 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit.

Benewens die strewe om navorsings- en innovasiebestuursfunksies voortdurend te verbeter en 'n uitnemende diens aan die akademiese gemeenskap te lewer, het die NWU op 'n aantal belowende samewerkende navorsings-, innovasie- en gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte gefokus. Die gedagte is dat 'n sterk fokus op samewerkende projekte, tesame met 'n verhoogde belegging in navorsingskapasiteit, deurlopende groei in navorsings- en innovasie-uitnemendheid sal aanwakker.

Verbeterde navorsings- en innovasiebestuur

In 2008 het die NWU sy nuwe bestuursmodel vir navorsingsentiteite aktief geïmplementeer. Die nuwe model, wat gedurende die vorige jaar ontwikkel is, maak voorsiening vir vier kategorieë navorsingsentiteite, beginnende met nisareas as die intreevlak, met daarna fokusareas, navorsingseenhede en sentrums van uitnemendheid. Daar word geglo dat die nuwe model oor sterk potensiaal beskik om navorsinguitset regdeur die Universiteit te verbeter deur 'n oorkoepelende navorsingsetos te skep, maar terselfdertyd differensiasie binne die kapasiteit en vermoëns van die drie kampusse toe te laat.

Teen die einde van die jaar is daar een nuwe sentrum van uitnemendheid gevorm, tesame met 11 navorsingseenhede, drie fokusareas en sewe navorsingsnisareas.

• Sentrum van uitnemendheid

Die klassifikasie van sentrum van uitnemendheid is die hoogste vlak wat 'n navorsingsentiteit kan bereik. Dit beskryf 'n navorsingsentrum wat internasionaal erken word, by multidisiplinêre en transdisiplinêre navorsing betrokke is en 75% van sy befondsing van eksterne bronne ontvang. Die eerste sodanige sentrum by die NWU is die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV) in die Fakulteit Gesondheids-wetenskappe op die Potchefstroomkampus.

• Navorsingseenhede

Die tweede hoogste vlak van navorsingsentiteit is 'n navorsingseenheid. Die werk van 'n navorsingseenheid is tipies gekoppel aan nasionale navorsingsprioriteite met 'n nasionale impak. Die volgende 11 navorsingseenhede is gedurende 2008 by die NWU geïdentifiseer:

- Think!Well: Ekonomiese Waarde van Welstand Navorsing
- Eenheid vir Energiestelsels
- Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika
- Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks
- Eenheid vir Ruimtefisika
- Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur
- Navorsingseenheid: Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat
- Afrika-eenheid vir Transdisiplinêre Gesondheidsorg (AUTHeR)
- WorkWell: Navorsingseenheid vir Mense, Beleid en Prestasie
- Eenheid vir Geneesmiddelenavorsing en Ontwikkeling

• Fokusareas

Fokusareas doen navorsing wat gekoppel is aan streeks- en nasionale navorsingsprioriteite en ontvang minstens die helfte van hul befondsing van eksterne bronne. Drie fokusareas is gedurende 2008 geïdentifiseer:

- Chemiese Hulpbronveredeling

- Volhoubare Maatskaplike Ontwikkeling
- Onderrigleerorganisasies

• Nisareas

Navorsingsnisareas is klein navorsingsgroepe, gewoonlik op 'n spesifieke NWU-kampus geleë, wat op navorsing met 'n plaaslike impak fokus. Die volgende nisareas is gedurende 2008 geïdentifiseer:

- Sosio-ekonomiese impak van Toerisme
- Population and Health
- Opvoedkundige tegnologie vir effektiewe onderrig, leer en fasilitering
- Hipertensie in Afrika Navorsingspan (HART)
- Fisieke Aktiwiteit Sport en Rekreasie (FASRek)
- Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA)
- Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en toepassings

Die nuwe model voorsien die ruggraat vir die Universiteit om sy missie te verwesenlik om 'n gebalanseerde onderrigleer- en navorsingsuniversiteit te word, en sy kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer.

Navorsinguitset in 2008


Die NWU se gesubsidieerde navorsinguitset vir 2008 het op 512,64 eenhede gestaan, wat 'n styging vergeleke met 2007 verteenwoordig. Die tabel op p87 gee 'n uiteensetting van die navorsinguitset op elke kampus oor die afgelope vier jaar, gevolg deur oorkoepelende syfers vir die Universiteit oor die vierjaartydperk.



Mafikengkampus				
Fakulteit	2005	2006	2007	2008
Geestes- en Sosiale Wetenskappe	2	4	2	5
Landbou, Wetenskap en Tegnologie	3,03	8,03	5,58	16,43
Handel en Administrasie	1,66	1	0,5	2,2
Regte	1	0	2	1,5
Onderwys	0	0	0	1
Totaal	7,69	13,03	10,08	26,13
Potchefstroomkampus				
Fakulteit	2005	2006	2007	2008
Ander (Kampusrektor)	0	0	0	1
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte	36,7	49,16	39	66,5
Natuurwetenskappe	50,55	54,55	58,08	79,16
Teologie	46,17	55,67	49	60,67
Opvoedingswetenskappe	17,25	12,83	16,73	20,13
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	21,42	35,86	23,67	42,44
Regte	23,82	24,32	30,32	31,83
Ingenieurswese	16,45	15	10,67	13,67
Gesondheidswetenskappe	67,67	65,91	93,34	89,71
Totaal	280,03	313,3	320,81	405,11
Vaaldriehoekkampus				
Fakulteit	2005	2006	2007	2008
Ander (Kampusrektor)	0	0	0	0,5
Geesteswetenskappe	30,16	25,17	27,34	35,78
Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie	0	0	0	3,5
Totaal	30,16	25,17	27,34	39,78
Institusionele Kantoor	0,5	0	0	2,75
TOTALE NWU-VAKTYDSKRIFARTIKELS	318,38	351,5	358,23	473,77
Boeke	2005	2006	2007	2008
Mafikeng	0	0	0,09	0,25
Potchefstroom	0,23	1,55	5,95	4,31
Vaaldriehoek	0	0	0,09	0,26
TOTALE NWU-BOEKE	0,23	1,55	9,2	4,82
Konferensieverrigtinge-publikasie	2005	2006	2007	2008
Mafikeng	0	0	0	3,67
Potchefstroom	7,58	7,8	10,91	30,38
Vaaldriehoek	0	0	0,5	0
TOTALE KONFERENSIEVERRIGTINGE-PUBLIKASIES	7,58	7,8	8,79	34,05
TOTAAL VAKTYDSKRIFARTIKELS/ BOEKE/ KONFERENSIEVERRIGTINGE-PUBLIKASIES	7,81	9,35	17,99	38,87
TOTAAL NWU	326,19	360,85	376,22	512,64

Totale navorsingsuitset

- Totaal konferensieverrigtingepublikasies
- Totaal boeke
- Totaal vaktydskrifartikels



Ander navorsingsprestasië-aanwysers

Een gebied waarop die NWU in 2008 baie sterk presteer het, was om die getal navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) te verhoog. Op 31 Desember 2008 het die Universiteit 103 NNS-gegradeerde navorsers gehad, 'n styging van 8,4% op die 95 gegradeerde navorsers in die vorige tydperk.

Die tabel hieronder gee 'n uiteensetting van gegradeerde navorsers per NWU-kampus, tesame met die graderingskategorieë:

Kampus	Kategorie	Totaal
Mafikeng	C	1
	L	1
Totaal		2
Potchefstroom	A	2
	B	11
	C	65
	L	4
	P	1
	Y	17
Totaal		100
Vaaldriehoek	Y	1
Totaal		1
NWU-groottotaal		103


Om die getal gegradeerde navorsers voortdurend te verhoog, is 'n sleutelement van die NWU se strategie om

'n gebalanseerde onderrig-navorsing-instelling te word. In hierdie konteks is dit veral belangrik om opkomende navorsingstalent deur aansporingsmaatreëls soos die jaarlikse navorsingstoekenings aan te moedig. Gedurende 2008 is daar sterk klem geplaas op bestaande en opkomende talent en is daar, vir die eerste maal, 'n Junior Navorsers van die Jaar, 'n Navorsers van die Jaar en 'n Navorsingsentiteit van die Jaar tydens die NWU se jaarlikse navorsingsfunksie vereer.


Die omvang van navorsingstalent aan die NWU is verder gedemonstreer toe 'n navorsers van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe op die Potchefstroomkampus die Derde Wêreldakademie vir Wetenskap (DWA) se toekening vir jong navorsers vir 2008 ontvang het.

'n Sleutelement van die Universiteit se navorsingstrategie is om voortgesette groei te bereik in die getal meesters- en doktorsgrade wat toegeken word. In die geval van meestersgrade wat toegeken is, het die NWU se prestasie 'n effense afname getoon sedert die rekordhoogtepunt wat twee jaar gelede in 2006 bereik is. Die opwaartse tendens in die getal doktorsgrade wat toegeken is, het egter ononderbroke voortgeduur.

Meestersgrade wat elke jaar sedert 2004 toegeken is:



PhD grade toegeken sedert 2004:



Navorsingsbefondsing

'n Totale bedrag van R72 946 487 is deur die NNS toegeken en in 2008 binne die verskillende NNS-programme geadministreer.

Altesaam 15 NNS-gegradeerde navorsers het in 2008 vir NNS-aansporingsbefondsing aansoek gedoen, en 'n bedrag van R659 596 is vir 2008 ontvang.

Die volgende tabel som die NNS THRIP-toekennings vir 2008 aan die NWU op:

Navorsingsentiteit	Totaal
Energiestelsels	R23 986 950
Chemiese Hulpbronverdeling	R810 833
Bedryfswiskunde en Informatika	R590 086
Groottotaal	R25 387 869

R1,6 miljoen van die Noordwes-Navorsingskoördineringskomitee (NWNKK) is vir drie navorsingsprojekte goedgekeur:

- 1) Volhoubare Geïntegreerde Ontwikkelingsraamwerk vir Erfenispark;
- 2) Ontwikkeling van 'n Omgewingsverordeningstraamwerk vir Volhoubare Plaaslike Omgewingskorporatiewe Bestuur en Dienslewering in die Noordwes-Provinsie; en
- 3) Beroepslui in ontwikkelingsnavorsing en -monitering van die gesondheidsoorgang in die Noordwes-Provinsie: Die *Prospective Urban and Rural Epidemiology*-studie (PURE-studie).

Die NNS het die volgende twee nuwe nisarea-aansoeke in 2008 goedgekeur:


- Die Kulturele Dinamiek van Water – prof JWN Tempelhof (Vaaldriehoekkampus)
- *Population and Health* – prof I Kalule-Sabiti (Mafikeng-kampus)

Drie nuwe SAPAD-projekte is in 2008 goedgekeur. Dit was: Beengesondheid van Afrikavroue in oorgang (prof A Kruger); Die ruimtelike en strukturele verwantskappe tussen formele en informele ekonomiese sektore in SA-stadsentrums (prof HS Geyser); en *Read me to Resilience*: 'n Kwasi-eksperimentele studie gerig op die bemagtiging van VIGS-wesies (prof L Theron).

Nuwe navorsingsinfrastruktuur en toerusting

Gedurende 2008 het die NWU voortgegaan om in nuwe navorsingstoerusting te belê en is daar nie minder nie as R10 miljoen gedurende die jaar hieraan toegewys. Dit het gevolg op die R10 miljoen en R13,9 miljoen wat onderskeidelik in 2007 en 2006 belê is. Die grootste deel van hierdie driejaarbelegging is daaraan bestee om die Universiteit se netwerk van ingenieurs- en wetenskapslaboratoriums te verbeter, asook die rekenaarfasieliteit.

In die besonder staan die NWU se Sentrum vir Hoëprestasie-berekening (SHPB) uit vanweë die hoë gehalte van hul eksperimentele toerusting, wat gebruik word vir berekeningsintensiewe navorsing in 'n wye verskeidenheid



dissiplines. Dit sluit in astrofisika, berekeningsmeganika, bio-informatika en data-ontginning, molekulêre modelering, farmako-epidemiologiese studies en bedryfsontledings. Die Sentrum is beskikbaar vir gedeelde gebruik deur kwalifiserende navorsers en word korporatief bestuur deur 'n verteenwoordigende liggaam van navorsingsbestuurders en inligtingstechnologie-beroepslui.

Ander navorsingsondersteuning-hoogtepunte het die volgende ingesluit:

- Die uitrol van die nasionale InfoEd-navorsingsinligting-bestuurstelsel, wat vroeg in 2009 geïmplementeer sal word.
- Betaling van altesaam R6,7 miljoen, wat 99% van die aansporingsfonds vir publikasies verteenwoordig, aan outeurs.
- Bemerkingsaktiwiteite soos die publikasie van die Jaarlikse Navorsingsverslag vir 2007, wat intern en ekstern versprei is. Artikels en advertensies oor navorsing by die NWU is ook in verskeie media gepubliseer.
- Finalisering van die navorsingsaudit, wat deel van die Navorsingsontwikkelingsplan uitmaak, op die Mafikengkampus.

Implementering van kundigheid

'Implementering van kundigheid' is die uitdrukking wat die Universiteit gebruik om na die derde element van sy kernbesigheid te verwys (ná onderrig-leer en navorsing). Die term is van toepassing op die NWU se betrokkenheid in gemeenskappe sowel as kommersieel, en weerspieël die kenmerke van lewensvatbaarheid en volhoubaarheid waarna die instelling streef wanneer hy sy unieke kundigheid implementeer.

Tegnologieoordrag

Die Tegnologieoordragkantoor het deurlopende kommersialiseringsondersteuning aan die kampusse gebied, insluitende bystand met tegnologieoordrag, Intellektuele Eiendom, kommersialiseringsaangeleenthede, befondingsaansoeke, lisensie-ooreenkomste en newemaatskappye.

Komersiële betrokkenheid

Deur kommersieel by die sakewêreld, nywerheid en regering betrokke te raak, was die Universiteit by verskeie pioniersontwikkelings gedurende die jaar betrokke:

Noordwes-wetenskapspark die voorloper: Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) het 'n kontrak van R400 000 (insluitende BTW) aan die NWU toegeken om 'n sakeplan vir die voorgestelde Noordwes-wetenskapspark (NWWP) te ontwikkel. Die bedoeling van die DWT is om die NWWP-sakeplan as 'n bloudruk vir ander parke in die land te gebruik, aangesien dit sterk op werkskepping

in 'n tipiese landelike opset gefokus sal wees. Die NWU het hom by die Internasionale Vereniging vir Wetenskapspark aangesluit as die tweede Suid-Afrikaanse lid, en is ook genooi om hom by die Nasionale Forum vir Wetenskapspark aan te sluit.

Volspoed vorentoe vir Ononderbroke Vonk-ontsteking:

Die prototipes vir die nuwe motorvoertuigontstekingstelsel, die Ononderbroke Vonk-ontsteking, is voltooi en enjintoetse is uitgevoer, met positiewe resultate. Ambixtra (Edms) Bpk, die lisensiehouer, bemark die stelsel in Europa.

Ooreenkomste wat beding is: Die NWU het onder andere die Sheckels-lisensieooreenkoms hersien wat die oordrag van die feroëidtegnologie op plante behels en 'n lisensieooreenkoms met Afriforte gesluit, wat die oordrag behels van die welstandsvraeys wat deur die NWU ontwikkel is. Onderhandelings is aangegaan wat betref verskillende beoogde ooreenkomste vir innovasies soos die JS1-sweeftuig en die saadfilm-vervaardigingsmasjien. Die Skool vir Biochemie het onderhandeling oor IE en kommersialiseringsbesonderhede begin met die Bernard Nocht-instituut vir tropiese geneeskunde, asook met die Volkswagenstigting.

Intellektuele Eiendom-portefeulje

Beskerming en afdwinging van sy intellektuele eiendomsregte (IE-regte) is 'n sleutelement van die NWU se strategie vir implementering van kundigheid. Die Universiteit het 29 Suid-Afrikaans geregistreerde patente gehad en het ses uitvindings in die Verenigde State gepatenteer. Jaarlikse verdienste uit lisensies, tantièmes en produkverkope oortref R2,5 miljoen.

Gedurende 2008 het die Innovasiefonds R770 743 as 'n subsidie aan die NWU toegeken ter ondersteuning van sy patenteringspogings nadat 'n suksesvolle aansoek in Mei ingedien is. Die Innovasiefonds het ook aan nege uitvindings van die NWU altesaam R160 000 vir hul bydrae tot die uitbou van die NWU se IE-bates toegeken.

'n Begin is gemaak met die hersiening en konsolidering van die Universiteit se IE-beleid om interne vereistes sowel as dié van die nuwe Wetsontwerp op Intellektuele Eiendomsregte (IER-wetsontwerp) te weerspieël. Die Mafikengkampus is genader vir hul inset oor Inheemse Kennisstelsels, waarna 'n konsep beleid vir voltooiing in 2009 saamgestel is.

In pas met die jongste IE-bemerkingstendense is die NWU besig om voor te berei om sy kommunikasie rakende patente te vereenvoudig ten einde tot 'n breër teikenmark te spreek. Met dít in gedagte het die Universiteit begin om

met die Universiteit van Stellenbosch saam te werk aan die skepping van 'n interuniversitêre webwerf vir universiteitspatente, genaamd Tektique. Die Innovasiefonds subsidieer die inisiatief, met die opsie om die funksie as 'n diens aan universiteite oor te neem.

Die tabel hieronder toon die groei in die NWU se IE-portefeulje sedert 2004:

Kategorieë patentportefeuljes

Openbaarmakings, indienings en registrasies:	2004	2005	2006	2007	2008
Openbaarmakings			7	8	6
Voorlopige SA-aansoeke	4	5	6	3	3
SA finaal geregistreer	7	4	4	2	1
Totale getal RSA-gepatenteerde uitvindings	18	22	26	28	29
PSV-aansoeke	4	1	6	3	2
Finale internasionale registrasies	1	1	1	1	1
Totale getal internasionaal gepatenteerde uitvindings	5	6	7	8	9
Getal lande in portefeulje				47	47
Modelle geregistreer (vanjaar/totaal)	1/1	1/2	0/2	0/2	0/2
Planttelersregte (vanjaar/totaal)	0/4	0/4	0/4	0/3	0/3

Let daarop dat een uitvinding in baie lande geregistreer kan wees. Dit word hier slegs as een gerapporteer. Die NWU het ses VSA-geregistreeerde patente tot op datum en ses hangende VSA-patente.

Patentondersteuning

Die Innovasiefonds (DWT) ondersteun die NWU met 50% van die koste van patentering en die toekenning van aansporings aan individuele uitvindings. Die tabel hieronder sit hierdie befondsing sedert 2004 uiteen:

Jaar ontvang	2004	2005	2006	2007	2008
Bedrag aan NWU toegeken	717 226	763 380	674 202	813 584	770 743
Getal individue	6	10	2	4	9
Totaal aan individue toegeken	120 000	202 000	50 000	85 000	160 000

Steen word ontvang vir finale indienings die vorige jaar.

Lisensiëring, tantième en produkverkope

Gedurende 2008 het die intellektuele-eiendomsportefeulje bruto inkomste van meer as R1,7 miljoen uit produkverkope en meer as R875 000 aan tantièmes ontvang, soos die tabel hieronder aantoon.

	2004	2005	2006	2007	2008
Nuwe lisensie-ooreenkomste	7	3	2	0	1
Ooreenkomste beëindig	1	1	1	1	0
Totale aktiewe ooreenkomste	10	12	12	11	12
Totale tantième-inkomste (produkverkope uitgesluit)	860 387	1 153 931	1 427 496	1 363 754	875 520
Tantième aan uitvindings uitgekeer	160 852	141 440	173 070	129 836	66 418
Bruto inkomste uit produkverkope gegrond op eie IE	1 523 415	2 228 050	4 262 250	1 659 271	1 707 276

Newemaatskappye (onafhanklik, geassosieer en filiale)

	2004	2005	2006	2007	2008
Nuwe newemaatskappye	1	1	3	1	1
Totale tegnologie-newemaatskappye sedert 1999	9	10	13	14	15
Tegnologie-newemaatskappye steeds aktief	9	9	11	11	12
Nuwe beleggings in maatskappye (insluitende newemaatskappye)	1	1	2	0	1
Getal onttrekkings/disinvesterings	1	1	0	1	0
NWU-filiale en geassosieerde maatskappye op jaareinde	5	5	7	6	7
Inkomste verkry uit disinvesterings	0	250 000	0	0	0

Gemeenskapsbetrokkenheid

Die gemeenskapsbetrokkenheidskomponent van die NWU se poging tot implementering van kundigheid het in 2008 momentum verkry toe 'n nuwe bestuurder in die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor aangestel is om koördinerende te doen van en behulpsaam te wees met die bestuur van alle gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite.

Die onmiddellike volgende stap was om die gemeenskapsbetrokkenheidstrategie te verfyn, wat in wese behels om die Universiteit as die voorkeur-implementeringsagent vir Korporatiewe Maatskaplike Belegging (KMB) te posisioneer deur:

- Korporasies by te staan in die beplanning van langtermynstrategieë vir volhoubare korporatiewe beleggingstrategieë met inagneming van die BGSEB-wetgewing en die gepromulgeerde 1%-bydrae wat maatskappye tot KMB moet maak.
- Instaatstelling van gemeenskappe om hul vaardighede, lewenstyle en gemeenskapsomgewing te verbeter ten einde maatskaplike entrepreneurs te stimuleer sodat hulle 'n ekonomiese impak in die gemeenskap in die geheel en in die streek kan hê.

Met die verder voer van hierdie strategie het die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor 'n databasis van alle gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte op die drie kampusse ontwikkel. Altesaam 213 projekte is geïdentifiseer, soos in die tabel hieronder aangetoon:

Tipe betrokkenheid	Totaal
Gemeenskapsdiensprojekte	118
Ontwikkelingsbetrokkenheid	10
Kundige adviesdienste	63
Ontwikkelingswerwing	22
Totaal	213

Die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor en die NWU se kantoor vir Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling (IBSO) het die totstandbrenging van 'n Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling (FDSO) gefasiliteer ten einde samewerking tussen interne NWU-deelnemers en eksterne belanghebbendes in die distrik en streek te bevorder.

Die Kantoor het ook 'n unieke platform ontwikkel vir gemeenskaps- en nywerheidsvennote wat punte vir die BGSEB-telkaart wil aanteken. Dit bestaan uit 'n holistiese benadering ten einde 'n volhoubare impak te verseker, asook voldoening aan wetgewing en die vereistes van nywerheidsvennote met spesifieke KMB-temas.

Hierbenewens is voorbereidings getref om die NWU-trust vir Gemeenskapsbetrokkenheid tot stand te bring. Die Trust is bedoel om 'n medium te wees vir die uitbetaling van KMB-projekbefondsing en die implementering van projekte. Die Raad van Trustees sal na verwagting teen die einde van Februarie 2009 aangestel word, wat die weg vir die NWU-trust vir KMB sal baan om in die nuwe finansiële jaar te begin funksioneer.

Ten slotte

In die strewe na uitnemendheid in navorsing, innovasie en gemeenskapsbetrokkenheid het die NWU 'n weg van langtermyn groei ingeslaan wat sal uitloop op 'n gebalanseerde universiteit waar navorsing en innovasie hul regmatige plekke sal inneem. Die erkenning wat in 2008 van die Innovasiefonds ontvang is, het weereens die lewenskragtige kultuur van innovasie aan die NWU bevestig, wat in die toenemend mededingende hoërsonderwysomgewing floreer. In die besef dat kritiese hersiening en kwaliteit die hoekstene van voortgesette verbetering uitmaak, is die Navorsings- en Innovasiekantoor besig om hulle te rat om die navorsingskultuur op al drie kampusse te verdiep, om voort te gaan om in navorsingsinfrastruktuur en kapasiteitsbou te belê, om samewerkende navorsing uit te bou en om 'n voorkeurvennoot in gemeenskapsbetrokkenheid te word.



PROF F VAN NIEKERK
UITVOERENDE DIREKTEUR: NAVORSING EN INNOVASIE



VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

Die Universiteit het 'n welverdiende goeie naam vir omsigtige finansiële bestuur, doeltreffende toewysing van hulpbronne en strategiese belegging in fisiese fasiliteite sowel as inligtingstegnologie-infrastruktuur (IT-infrastruktuur).



Prof Johan Rost
Uitvoerende Direkteur:
Finansies en Fasiliteite

In 2008 het die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite verseker dat die NWU weer 'n lewendige finansiële prestasie lewer terwyl hoëkwaliteitsfasiliteite en IT-stelsels ontplooi is om die instelling se kernbesigheid doeltreffend te ondersteun.

Die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite is verantwoordelik vir:

- Die bestuur van die finansies, kontantvloeï en geldmark-aktiwiteite van die NWU.
- Die bestuur van die Universiteit se fisiese infrastruktuur, insluitende makro-instandhoudingsprogramme en die beplanning en oprigting van nuwe geboue.
- Die bestuur van die NWU se inligtingstegnologiesels, -programme en -infrastruktuur.

Finansies

Hoogtepunte:

- Aan die einde van die 2008- finansiële jaar het die NWU 'n groter surplus uit herhalende aktiwiteite as in die vorige jaar opgelewer. Die netto surplus van R82,2 miljoen uit herhalende aktiwiteite vir 2008 was 25,19% hoër as die R65,7 miljoen van 2007.
- Hierbenewens het die bydrae van selfgegenereerde inkomste tot die Universiteit se finansies van R543,1 miljoen in 2007 tot R648,8 miljoen in 2008 toegeneem.
- As gevolg van 'n tekort van R11,3 miljoen vanaf nie-herhalende items het die netto surplus tot R70,9 miljoen afgeneem.

Vir die finansiële verslae van die NWU, raadpleeg asseblief bladsy 130.

Fisiese Infrastruktuur en Beplanning

Die sentrale rol wat Fisiese Infrastruktuur en Beplanning speel om dit vir die kernbesigheid van die NWU moontlik te maak om doeltreffend te funksioneer, is duidelik gedurende die elektrisiteitskrisis in Suid-Afrika in 2008 onderstreep. Deur proaktief te wees met die beplanning en installering van noodkragvoorsiening vir alle kampusse



Voor vanaf links is mnr Adri Juyn, Direkteur: Institusionele Inligtingstegnologie, prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, en me Elmarie de Beer, Direkteur: Finansies. Agter vanaf links is mnr Louis van der Ryst, Direkteur: Fisiese Infrastruktuur en Beplanning, mnr Wessel Jansen van Rensburg, Bestuurder: Geldmark, en mnr Danie Rothman, Direkteur: Interne Oudit. * Die Direkteur: Interne Oudit het vrye toegang tot die Voorsitter van die Raad, die Voorsitter van die Komitee vir Oudit, Voldoening en Risikobestuur en die Visekanselier.

was die Departement in staat om die impak van kragonderbrekings gedurende die jaar op bedrywighede te beperk, terwyl die Universiteit se aanpasbaarheid vir die toekoms verbeter is.

Die reaksie op kragvoorsieningsvereistes was ook glad nie die enigste demonstrasie van die Departement se waarde vir die kernbesigheid van die Universiteit nie. Gedurende die jaar het Fisiese Infrastruktuur en Beplanning verskeie kapitaal- en groter instandhoudingsprojekte voltooi, wat die kwaliteit van die NWU se fasiliteite en infrastruktuur verbeter het en gehelp het om die deurlopendheid en gladde funksionering van die bestuurs-, onderrig-leer- en navorsingsfunksies te verseker. Een voorbeeld was die voltooiing van die nuwe Institusionele Kantoor in Potchefstroom, wat Institusionele Bestuur vir die eerste keer onder een dak byeengebring het, om sodoende bestuursproduktiwiteit en -doeltreffendheid grootliks te verbeter.

Hierbenewens is die uitrol van die nuwe tekens en borde byna afgehandel.

Kapitaaluitgawes en projekte in 2008

Die totale uitgawes aan kapitaalbouwerk en makro-instandhoudingsprojekte in 2008 het R117 miljoen beloop. Ongeveer 39% van hierdie bedrag is aan BGSEB-kontraakteurs en -verskaffers betaal.

Die grootste gedeelte van die kapitaalprogram is aan bouprojekte op die drie kampusse bestee, met die klem op opgradering van studentefasiliteite, in die besonder koshuise, en op die modernisering en uitbreiding van die kampusse se onderrig- en navorsingsfasiliteite.

Soos voorheen genoem, was 'n belangrike aktiwiteit die voorsiening van noodkragtoevoer. In die besonder is bykomende noodkrag op die Mafikengkampus voorsien en is 'n sentrale noodkragstelsel op die Potchefstroomkampus geïnstalleer. Daar dien op gelet te word dat die Universiteit so vroeg as 2006 reeds begin het om sy kragvereistes te hersien en in 2007 'n tender uitgereik het vir die voorsiening van 'n besending kragopwekkers, wat in 2008 afgelewer en geïnstalleer is.

Die enkele kapitaalprojek wat vir die Institusionele Kantoor onderneem is, was die opgradering van die nuwe perseel, teen 'n koste van R8,9 miljoen. Die projek is vroeg in 2008 voltooi, wat die Institusionele Kantoor in staat gestel het om vanaf Maart 2008 hul nuwe kantore te betrek.

Die tabelle hieronder voorsien besonderhede van die koste en omvang van die kapitaalprojekte wat gedurende die jaar op elk van die kampusse voltooi is. In alle gevalle is die projekte in 2007 deur die Raad goedgekeur.

Mafikengkampus		R,000
Nuwe huisouerwoning		803
Nuwe ontspanningsale by twee koshuise		407
Nuwe laboratorium vir die Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (Fase 2)		2 667
Bykomende noodkragvoorsiening		904
Opgradering van die Lost City-koshuis		3 129
Potchefstroomkampus		R,000
Nuwe gebou vir die Skool vir Verpleegkunde		3 172
Nuwe gebou vir primêre gesondheidsorg		2 244
Opgradering van die Ferdinand Postma-biblioteek (grondverdieping)		485
Opgradering van die Karlien-dameskoshuis		6 472
Opgradering van die Joon van Rooy-gebou		1 056
'n Nuwe parkeerterrein, wes van Gebou C6		331
Sentrale noodkragvoorsiening		21 014
'n Dak oor die amfiteater		3 216
Uitbreiding van die kafeteria		3 396
Vaaldriehoekkampus		R,000
Opgradering van die Faranani-koshuis		7 429

Kleiner opknappings en instandhouding in 2008

Bo en behalwe die groot bouprojekte wat reeds beskryf is, het Fisiese Infrastruktuur en Beplanning toesig gehou oor 'n aantal kleinskaalse opknappingsprojekte en die uitrol van die tekens en borde vir die NWU se nuwe handelsmerk en korporatiewe identiteit. Die Departement het ook aandag gegee aan makro-instandhouding, ooreenkomstig die Universiteit se 10-jaarplan, onder andere op die Mafikengkampus, ooreenkomstig die driejaarplan wat deur die Departement van Onderwys goedgekeur is. Die hooftrekke van die opknappings- en instandhoudingsaktiwiteite gedurende die jaar is soos volg:

- R4 miljoen is vir kleiner opknappings in 2008 toegeken, maar altesaam R4,6 miljoen is bestee ten einde agterstande van die vorige jaar die hoof te bied.
- In 2008 is R6 miljoen vir makro-instandhouding ingevolge die 10-jaarplan toegewys. Altesaam R7 078,925 is bestee om agterstande wat van 2007 oorgedra is die hoof te bied.
- 'n Bedrag van R30 miljoen is deur die Departement van Onderwys toegeken vir die makro-instandhouding van fasiliteite op die Mafikengkampus, en dit sal oor 'n tydperk van drie jaar bestee word. R9,1 miljoen is in 2008 bestee, R2,9 miljoen aan die opgradering van koshuise en R6,2 miljoen aan akademiese geboue.

Ander instandhoudingsverwante ontwikkeling was die instelling van 'n werkskaartstelsel om die tegniese afdelings van kampusse te help om instandhoudingsdiensvlakke te verbeter.

Projekte vir 2009 beplan

Soos in 2008 sal die fokus vir 2009 steeds wees op die versterking van die Universiteit se kernbesigheid deur onder- rig-, navorsings- en studentefasiliteite op die kampusse te verbeter. Die enigste instellingwye projek wat vir volgende jaar beplan word, is die hervestiging van die afdelings Inligtingstechnologie en Krediteure en Aankopers op nuwe persele.

Mafikengkampus: Werk het reeds begin aan die bou van die nuwe studentesentrum, wat gedurende 2009 voltooi sal word. Die Kampus se akademiese fasiliteite sal verbeter word deur die Dieregesondheidsfasiliteite uit te brei en, na gelang van die beskikbaarheid van fondse, te begin met die bou van 'n nuwe wetenskapkompleks. Verder sal die 11 kVA-kragtoevoer opgegradeer word. Die nuwe studentekoshuise sal verbeter word deur ontspanningsale en huise vir koshuisouers te bou. Makro-instandhouding word vir die Fisiese Wetenskappe-gebou en die James Moroka-koshuis beplan.

Potchefstroomkampus: Die hooffokus is op die opgradering van laboratoriumfasiliteite, in die besonder dié by die Skool vir Biochemie en die Skool vir Chemie. 'n Nuwe gebou word beplan vir die Fakulteit Teologie, tesame met fase 1 van 'n nuwe kompleks vir ondersteuningsdepartemente. Makro-instandhouding sal gedoen word by die Karlien- en Kasteel-dameskoshuise, sowel as by Gebou G5 (wat die Skool vir Fisika en die Dekaan Natuurwetenskappe huisves), die grondverdieping van die Ferdinand Postma-biblioteek en die Joon van Rooy-gebou. Die Astro Turf-opervlak van die hokkieveld sal ook vervang word.

Vaaldriehoekkampus: Nuwe lesinglokale word vir Gebou 12 beplan om die lesingkapasiteit op die kampus uit te brei. Fase 2 van die Faranani-koshuis se makro-instandhoudingsprojek sal 'n aanvang neem en 'n nuwe bushalte sal gebou word.

Elke jaar sedert die samesmelting in 2004 het die Universiteit beduidende beleggings in die instandhouding en verbetering van fasiliteite gemaak, terwyl nuwe, toegevoegdewaarde-infrastruktuur ontwikkel is.

Dit het die NWU in staat gestel om die grootste gedeelte van die instandhoudings- en infrastruktuuragterstande in te haal wat terugdateer na die tyd van die samesmelting en om die akademiese en navorsingsfasiliteite van hoë kwaliteit te ontwikkel wat nou in plek is.

Met die besef van die belangrikheid van deurlopende verbetering, het Fisiese Infrastruktuur en Beplanning egter gedurende die oorsigjaar 'n vyfjaarplan ontwikkel en aan die Raad voorgelê waarin die uitbreiding en opgradering van infrastruktuur op die kampusse voorgestel word.

Op hierdie wyse mik die Afdeling daarna om die funksionering van die NWU se kernbesigheid deurlopend te verbeter en te help om die Universiteit se leierskap in die hoëronderwysomgewing te vestig.

Institusionele Inligtingstechnologie- ondersteuningsdienste


Met die afhandeling van die samesmeltingsproses funksioneer al die kern-IT-stelsels doeltreffend en is agterstande en tekortkominge tussen kampusse uitgewis. Gevolglik het die fokus van IT-ondersteuningsdienste verskuif na die akkommodering van die volgehoue toename in die vraag onder gebruikers na IT-dienste, -funksionaliteit en -kapasiteit.

Ondersteuning van onderrig en leer

Die NWU het uitstekende vordering gemaak met die deurlopende implementering van tegnologiegesteunde onderrig-en-leerstelsels. Deur samewerking met die akademiese ondersteuningsdepartemente op die kampusse geniet die e-Leeroplossing, gebaseer op die internasionaal bekende SAKAI, vinnige groei in die gebruikersbasis. Die volgende grafiek toon die groei van die oplossing, bekend as eFundi, in 2008.



E-fundi-groei in 2008



Benewens die talle nuwe kursusse wat van hierdie platform gebruik maak, het die NWU ook in vennootskap met UNISA getree om 'n innoverende weergawe van SAKAI, genaamd SOLO, te ontwikkel. Hierdie weergawe sal nie-kampus- en aflyn-gebruikers bedien, terwyl dit steeds doeltreffende kommunikasie met die Universiteit toelaat, indien nodig. Hierdie toepassing is amptelik by die internasionale SAKAI-konferensie in Julie 2008 in Parys bekendgestel, en het internasionale erkenning ontvang.

Navorsingsondersteuning

Gedurende 2008 het die NWU 'n hoëprestasie-rekenaarverwerkingsfasiliteit op ondernemingsvlak met 'n rekenaarverwerkingskapasiteit van net meer as 3 TeraFlops tot stand gebring. Dit plaas die Universiteit in die topliga, vergelykbaar met die nasionale Sentrum vir Hoëprestasie-rekenaarverwerking (SHPRV) in Kaapstad. Die argitektuur is oor twee datasentrums verdeel ten einde rampbestand te wees, en die kragbestuur- en verkoelingstelsels is meer omgewingsvriendelik as tevore.

'n Ondersteuningspan is aangestel om navorsers behulpzaam te wees met die gebruik van die fasiliteit, terwyl 'n koördineringskomitee bestaande uit prominente belanghebbendes in die navorsings- en IT-domeine vir die korporatiewe bestuur van die fasiliteit verantwoordelik sal wees. Die fasiliteit ondersteun die NWU se strategie van 'n verhoogde fokus op navorsing en sal na gelang van behoefte verbeter en uitgebrei word.

Infrastruktuurverbeterings

'n Aantal opgraderings en verbeterings van infrastruktuur het gedurende die jaar plaasgevind. Die NWU se totale internetkapasiteit is weereens verdubbel, en die topologie is verbeter ten einde groter ekstra kapasiteit te voorsien.

Benewens die internetopgraderings is groot opgraderings ook op die Mafikengkampus gedoen om die lokale-areanetwerk te standaardiseer en te stabiliseer.

Ná 'n multijaarprojek om die netwerkskakeltoerusting te standaardiseer beskik die NWU nou oor een van die mees kostedoeltreffende netwerke in die tersiêre onderwyssektor.

Dokument- en inhoudbestuur

As 'n kennisproduserende en kennisgebaseerde onderneming skep NWU-gebruikers en verkry hulle toegang tot 'n enorme hoeveelheid dokumente: daaglik word 'n geraamde 3,8 miljoen lêers gestoor, 6 000 dokumente verander en ongeveer 107 000 e-posboodskappe gestuur, terwyl baie daarvan dokumente as aanhegels bevat.

Alle dokumente wat deur NWU-gebruikers geskep word, moet gestoor, versprei, gedeel, gepubliseer en geargiveer word, op die doeltreffendste en mees effektiewe wyse. Die NWU het 'n aantal alternatiewe nuwe argitekture ondersoek om dit te doen, en het besluit om 'n Ondernemingsinhoudbestuur-stelsel (OIB-stelsel) te implementeer.

Gedurende 2008 is die strategie aan die Departement van Onderwys se Samesmeltingseenheid voorgelê, wat ingestem het om 'n groot gedeelte van die projek te befonds. Implementering is reeds aan die gang en sal op 'n gefaseerde wyse na al die kampusse uitgerol word.

Besigheidstelsels

Die meeste van die ontwikkeling en implementering van die NWU se kernbesigheidstelsels is voltooi, en die stelsels dien geïntegreerde prosesse om grootliks verbeterde diensvlakke aan gebruikers en kliënte te voorsien. 'n Aantal aanvullende stelsels is gedurende 2008 ontwikkel en sal volgens beplanning in 2009 geïmplementeer word. Dit sluit die Kortkursusadministrasiesetel, die Varsité-verkoopsetel en die InfoEd-navorsingsbestuursetel in.

Die fokus van besigheidstelselontwikkeling sal toenemend na besigheidsprosesintegrasie en -optimalisering verskuif. Die besigheidsvoordele van gestroomlynde prosesse kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit is egter ook een van die mees uitdagende strategieë, aangesien dit talle meer elemente as in tradisionele stelsels behels. Meer as 40 intertoepassingsproesse word tans geoutomatiseer, waarin daar meer as 3,2 miljoen transaksies per jaar uitgeruil word.

Oracle Enterprise Resource Planning (ERP) presteer bevredigend, en die setel se infrastruktuur is suksesvol opgegradeer om transaksiedeurvoer te verhoog. Na gelang gebruikers se bekendheid met die setel se funksionaliteit toeneem, sal die ERP 'n toenemende rol in die doeltreffende bestuur speel.

Kampus-IT-dienste


Vir studente is toegang tot rekenaarlokale op die kampusse van kritieke belang. Die NWU se praktyk is om jaarliks ongeveer 'n kwart van die rekenaars in studenterekonaarlokale te vervang en sodoende te verseker dat toerusting nooit ouer as vier jaar is nie. Dit het hoë betroubaarheid van hierdie fasiliteite sowel as gebruikerstevredenheid tot gevolg gehad.

Nog 'n maatstaf wat met hierdie fasiliteite verband hou, is die student-rekenaar-verhouding. Dit is nie 'n absolute maatstaf nie, aangesien studente se behoeftes en gebruikspatrone oor kampusse heen varieer. Tans het die Mafikengkampus die beste verhouding. Die totale getal beskikbare rekenaars, asook die grootte van rekenaarlokale, word deur die grafiek hieronder geïllustreer.

Op die [Mafikengkampus](#) is die IT-departement herstruktureer om 'n studentediens-ondersteuningsafdeling in te sluit, wat beduidend tot verbeterde studenteondersteuning bygedra het. Die volgende projekte is onderneem om die leeromgewing vir studente te verbeter:

- Die eerste koshuisnetwerk op hierdie kampus is geïmplementeer in 'n koshuis wat nie op die kampusterrein is nie.
- Algemene studentelaboratoriums is nou 24 uur per dag gedurende die semester beskikbaar.
- Die bestuur van studenterekonaarlaboratoriums is onder die ondersteuning en bestuur van die IT-departement gesentraliseer.
- 'n Bykomende rekenaarlaboratorium met 'n kapasiteit van 21 persoonlike rekenaars is in die Besigheidsentrum geïnstalleer.

Getal rekenaars in elke rekenaarlokaal vir studente



Op die **Potchefstroomkampus** bly die Hulplyn die kern-diens, met meer as 26 000 versoeke wat telefonies hanteer is. Die getal universiteitsvoorsiende persoonlike rekenaars in koshuise het van 96 tot 119 toegeneem, en 'n groot aantal private persoonlike rekenaars van studente is ook deur die Resnet-stelsel aan die netwerk gekoppel.

Op die **Vaaldriehoekkampus** het lede van die hulplyn aan verskeie vlakke van inligtingstegnologie-infrastruktuur-biblioteekopleiding deelgeneem, wat die prosesse van die hulplyn gestroomlyn het en tot die langertermynstrategie van implementering van kwaliteitsbestuurprosesse bygedra het.

Kwaliteitsbestuur

Die IT-afdelings op al die kampusse verbeter voortdurend die kwaliteit van dienste en stelsels, met gebruik van die IT-kwaliteitsbeleid as vertrekpunt. Kwaliteitshandleidings is ontwikkel, tesame met spesifieke strategieë om dienste te lewer en te monitor. Hierdie strategieë sluit dienskettingomskrywing, monitering van basiese impak en ITIL-opleiding en voorbereiding vir implementering in. Hierbenewens word bestaande diensvlakkooreenkomste verfyn, kwaliteitsoudits uitgevoer en prosesse en prosedures gedokumenteer.

Toekomstige ontwikkelings

Die IKT-infrastruktuur en -stelsels by die NWU is in 'n uitstekende toestand. Die tegnologieë word ondersteun deur 'n stabiele, vaardige en ervare span, wat fokus op die lewering van kwaliteitsdienste, en alle IKT-aktiwiteite word korporatief bestuur deur 'n kwaliteitsbeleid wat voortdurende verbetering en optimalisering bevorder.

Ten spyte hiervan is dit steeds belangrik om bewus te wees van die impak van omgewingsveranderinge, tans en in die toekoms, wat die opname van tegnologie in die tersiêre onderwyssektor raak. Hierdie veranderinge behels onder andere die deregulering van telekommunikasie, belegging in nuwe telekommunikasie-infrastruktuur soos die SEACOM-optieseveselkabel, en die verwagte uitkringeffek wat die wêreldwye ekonomiese afswaai waarskynlik op IKT-verskaffers sal hê. Hierdie veranderinge skep opwindende nuwe geleenthede vir die NWU om verdere optimaliseringstrategieë en verbeterings in tegnologie en infrastruktuur te ondersoek. IT-ondersteuningsdienste beoog om hierdie geleenthede te benut ten einde eindgebruikerproduktiwiteit te verbeter, hoë diensvlakke te handhaaf en tegnologie in te span om die NWU se leierskap as Suid-Afrika se mees tegnologies innoverende universiteit te versterk.

Ten slotte

In 2008 het die NWU weereens 'n gesonde surplus opgelewer, 'n toenemende hoeveelheid van sy eie inkomste gegeneer en oor die algemeen sy goeie naam vir gedisiplineerde finansiële bestuur gehandhaaf. Die Universiteit se voortgesette finansiële gesondheid het hom in staat gestel om voortdurend in nuwe fisiese fasiliteite en infrastruktuur te belê, en om bestaande fasiliteite by wyse van deurlopende makro-instandhouding op 'n hoë vlak in stand te hou.

'n Bron van groot trots vir hierdie portefeulje is die uitnemende toestand van die NWU se Inligtings- en Kommunikasietegnologieë (IKT's), wat van die hoogste kwaliteit is en deur alle ingeligte partye gerespekteer word, insluitende die eksterne ouditeure. In die geheel dra die beduidende beleggings wat in fisiese en IT-infrastruktuur gemaak word in 'n groot mate by tot die sukses en stabiliteit van die Universiteit se kernbesigheidsbedrywighede.



PROF IJ ROST

UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE





AAN DIE EINDE VAN 2008 HET DIE NWU VIR DIE VYFDE AGTEREENVOLGENDE JAAR 'N
NETTO **SURPLUS** OPGELEWER. DIT HET **R71 MILJOEN** BELOOP, WAT DIE
DOELTREFFENDHEID VAN DIE FINANSIËLE BESTUUR BY DIE
UNIVERSITEIT ONDERSTREEP.



*"INTERESSANTE MOONTLIKHEDE ONTSTAAN WANNEER ONS RUIMTE SKEP VIR MENSE WAT ANDERS AS ONS DINK EN OPTREE. OMDAT ONS 'N **VERSKEIDENHEID AGTERGRONDE, OORTUIGINGS EN BELANGSTELLINGS** HET, **DAAG** ONS VOORTDUREND ONSSELF EN MEKAAR UIT. ONS GLO DAT, INDIEN VERSKILLENDE SIENINGE **GEMOTIVEER** KAN WORD, HULLE ALMAL BESTAANSREG HET."*

– PERSONEEL, POTCHEFSTROOMKAMPUS



KAMPUSOORSIG

- 104** Kampusoorsig: Mafikeng
- 112** Kampusoorsig: Potchefstroom
- 120** Kampusoorsig: Vaaldriehoek

KAMPUSOORSIG: MAFIKENG

Studente-inskrywings 2008

Voorgraads	7 365
Meesters	615
Doktoraal	110
Totaal	8 090

Samestelling van voorgraadse studente

Eerstejaars	1 146
Seniors	6 944

Diplomas en grade in 2008 toegeken

Sertifikate en diplomas	809
B-grade	934
Honneursgrade	210
Meestersgrade (insluitende MBA)	100
Doktorsgrade	8
Totaal	2 061

Gradeplegtighede is op 16 tot 18 April en 16 tot 17 Oktober 2008 gehou.

Altesaam 2 061 sertifikate, diplomas en grade is in 2008 toegeken.

Gegradueerdes per fakulteit in 2008

Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie	296
Fakulteit Handel en Administrasie	529
Fakulteit Natuurwetenskappe	812
Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe	324
Fakulteit Regte	100
Totaal	2 061

Kampushoogtepunte vir 2008

- Die Omvattende Kerntoetsverbodverdrag-organisasie (OKTTVO) van die Verenigde Nasies het vir eerste keer in Afrika 'n besoek aan die Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie ("CARST") gebring en 'n mobiele laboratorium opgestel om radioaktiewe edelgasse te meet.
- Vier Russiese wetenskaplikes en een Britse kundige van Sheffield-universiteit het CARST besoek om 'n opleidings-werkswinkel in die minimalisering van radioaktiewe afval vir nagraadse studente en personeel aan te bied.
- Die nuwe Dierigesondheidstudies-fasiliteit bekend as die Dale Beighle-sentrum, is amptelik geopen en die Sentrum vir Agribesigheid en Entrepreneursopleiding is tot stand gebring.
- 'n Bedrag van R23 800 000 is deur die Departement van Onderwys aan die Skool vir Landbouwetenskappe



Prof Dan Kgwadi
Kampusrektor: Mafikeng



Voor vanaf links is prof Mogege Mosimege, Viserektor: Akademie, Onderrig-Leer en Navorsing, prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus, prof Sevid Mashego, Viserektor: Kwaliteit en Beplanning, en mnr Robert Kettles, Kampusregistrateur. Agter vanaf links is me Susan van Rooyen, Waarnemende Bestuurder: Bemaking en Kommunikasie, prof Reinford Khumalo, Dekaan: Fakulteit Handel en Administrasie, mnr Lester Mpolokeng, Uitvoerende Bestuurder: Kantoor van die Rektor, mnr Joseph Sathekge, Bestuurder: Studentesake, prof Melvin Mbao, Dekaan: Fakulteit Regte, prof Dawid Gericke, Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde, prof Lulama Qalinge, Waarnemende Dekaan: Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe en prof Mashudu Maselesele, Dekaan: Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie.

toegeken om die Dale Beighle-sentrum vir Diergesondheidstudies te verbeter en 'n uitvoerbaarheidstudie oor die totstandbrenging van 'n Fakulteit Veeartsenykunde te doen.

- Die tender van die Nasionale Tesourie is aan die Sakesentrum toegeken om munisipale beamptes in Strategiese Bestuur, Begrotingsimplementering, Prestasiebestuur, Verskaffingskettlingbestuur en Publiek-private Vennootskappe vir Munisipaliteite in Suid-Afrika op te lei.
- R1 miljoen is uit die NWU se strategiese fondse beskikbaar gestel sodat die Kampusbiblioteek aanbevole en voorgeskrewe boeke kon aankoop om finansiële behoefte studente by te staan wat nie self die boeke kan aankoop nie.
- Die biblioteek het ook spesiale toerusting geïnstalleer om studente met gestremdhede te akkommodeer. Hierdie toerusting sluit 'n pasgemaakte rekenaarwerkstasie met programmatuur in wat druk na spraak omskep tot die voordeel van visueel gestremde studente. Hierbenewens is drie rekenaars opsygesit vir gebruik deur ander gestremde studente wat spesiale toegang tot biblioteek- en aanlyndienste benodig.
- Die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling het vyf personele van die Regfakulteit aangestel om in advieskomitees te dien wat wetgewing hersien en wat deur nasionale staatsdepartemente geadminestrer word.

Inleiding

Ten spyte van ontwrigting as gevolg van studente-onrus was die Mafikengkampus in staat om sy kernbedrywighede van onderrig-leer voort te sit, klein maar beduidende stappe onderweg na die verhoging van navorsingsuitset en -kapasiteit te doen en voort te bou op die vordering wat reeds met die implementering van kundigheid deur gemeenskaps- en kommersiële betrokkenheid gemaak is.

Onderrig-leer

Ten spyte van die moeilike onderrig-leer-omgewing op die kampus gedurende dele van die jaar, is bemoedigende vordering gemaak met die verbetering van akademiese en laboratoriumfasiliteite en is daar voortgegaan met die belyning van akademiese programme en die uitbreiding van finansiële en akademiese steun aan studente.

'n Beduidende belegging is sedert 2004 in die opgradering en hernuwing van akademiese navorsingsfasiliteite gemaak. Gedurende die oorsigjaar het die Kampus sy Diergesondheidsfasiliteit amptelik geopen, waar die BSc-graad in Diergesondheid aangebied word, en is wetenskaplike toerusting van hoë kwaliteit in drie laboratoriums in die

Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (CARST) geïnstalleer. 'n Bykomende laboratorium met 21 rekenaars is in die Sakesentrum geopen en die kantoorure van die Kampusrekenaarlaboratorium is verleng. Dit is nou 24 uur per dag sewe dae per week operasioneel.

Op die gebied van leerhulpbronne was daar 'n egalige verbetering in die ontwikkeling van studiegidse vir die Kampus. Waar daar in 2006 slegs twee studiegidse ontwikkel is, het die getal in 2007 tot 12 en daarna tot 48 in die oorsigjaar toegeneem.

Aanvullende onderrig, wat 'n sleutelement van die NWU se akademiese ondersteuningstrategie is, het momentum verkry deur die werwing en opleiding van 92 fasiliteerders vir die Kampus.

Deur sy twee verlengde graadprogramme voorsien die Kampus aan skoolverlaters wat nie andersins daarvoor sou kwalifiseer nie, toegang tot tersiêre studie. In 2008 het altesaam 116 studente vir die Verlengde BSc-program en 91 vir die Verlengde BCom-program ingeskryf. Die prestasie van studente in hierdie programme was bevredigend, en die hoogste punt was 'n gemiddelde van 87% wat een student in die Verlengde BCom-program in haar algehele prestasie regdeur die jaar behaal het.

Op nagraadse vlak was daar 'n merkbare verbetering in die prestasie van studente wat vir die Meestersgraad in Besigheidadministrasie (MBA) en Nagraadse Diploma in Bestuur (NGDB) ingeskryf was. Dit was die gevolg van verskeie maatreëls wat getref is om die onderrigbevoegdheid van personeel en fasiliteerders te verbeter, byvoorbeeld deur te verseker dat meer as 80% van die personeellede wat hierdie programme fasiliteer en as studieleiers vir miniverhandelings en PhD-proefskrifte optree, oor doktorsgrade beskik.

Hierbenewens het eksterne belanghebbendes soos ESKOM, NECSA, PBMR en iThemba Labs fondse beskikbaar gestel vir nagraadse studente wat in hul laboratoriums werk. Van die 37 nagraadse studente wat tans by CARST geregistreer is, was agt studente byvoorbeeld in die honneursprogram betrokke, terwyl die res navorsing in die laboratoriums van belanghebbendes doen.

In die belyning van akademiese programme het die Fakulteit Handel besonder goeie vordering gemaak, met 'n belyningskoördineerder wat die proses dryf. Gedurende die jaar het die Fakulteit die belyningsproses vir die eerste en die tweede jaar van Rekeningkunde afgehandel.

So ook het Inligtingstelsels die Nywerheidsadviesraad tot stand gebring, bestaande uit akademiese personeellede en IT-praktisyne uit die nywerheid, ten einde akademiese programme met moderne tendense in tegnologie te bely. As gevolg van die 2007-program vir die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) het vyf dosente in 2008 toekennings ontvang. Hulle was mev MM Magodiello, dr A Perera, dr HP Drummond, me V Wayi en me K Visser.

Navorsing

Een van die deurslaggewende navorsingshoogtepunte van 2008 was die C-gradering wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) aan prof S Materechera toegeken is. Die Kampus het ook nog 'n NNS-gegradeerde navorser aangestel, prof H Sewlal, wat in November 2008 diens aanvaar het.

As gevolg van hierdie twee ontwikkelings het die Kampus die jaar met twee gegradeerde navorsers afgesluit. Die navorsingsuitset van die Mafikengkampus het tot 30,05 eenhede toegeneem, wat bestaan het uit 26,13 eenhede in geakkrediteerde vaktydskrifte, 0,25 eenhede vir hoofstukke in boeke en 3,67 eenhede vir gekeurde konferensieverrigtinge-publikasies. Dit is steeds klein in verhouding tot die totale uitset van die Universiteit. Die meeste personeellede het egter 'n heeltemal goeie begrip van die impak wat 'n lae navorsingsuitset deur die Kampus het en wend 'n poging aan om hierdie situasie om te keer.

Die Navorsingskantoor in die Kantoor van die Viserektor: Akademies is daartoe verbind om sterk steun te verleen aan personeellede wat gretig is om te publiseer en tot die navorsingsuitset van die Kampus by te dra.



Publikasies in geakkrediteerde vaktydskrifte (DvO)

Fakulteit	2005	2006	2007	2008
Geestes- en Sosiale Wetenskappe	2,00	4,00	2,00	5,00
Landbou, Wetenskap en Tegnologie	3,69	9,03	5,58	16,43
Handel en Administrasie	1,00	0,00	0,50	2,20
Regte	1,00	0,00	2,00	1,50
Onderwys	0,00	0,00	0,00	1,00
Totaal	7,69	13,03	10,08	26,13

Gedurende die jaar is 'n nisarea getitel *Population and Health* deur die NNS goedgekeur. Die Bevolkingseenheid het op die volgende navorsing as deel van die nisarea gefokus:

- Invloede van die gesin, die gemeenskap, skool, portuur en godsdiens op die sosiale, demografiese en psigologiese funksionering van die adolessent.
- 'n Vergelykende studie van baba- en kindersterftes in Suid-Afrika, Malawi, Kenia, Uganda en Ghana.
- Die Millenniumverklaring en uitdagings wat betref meting van die uitkoms en proses: Die geval van Suid-Afrika.
- MIV/VIGS en die psigososiale en demografiese veranderinge in die Afrikaangesin en -huishouding in die Noordwes-Provinsie.

Die NWU is tans die enigste universiteit in die land met 'n geakkrediteerde onderrigprogram in Inheemse Kennisstelsels (IKS) op voor- sowel as nagraadse vlak. Die Universiteit het dus 'n groot verantwoordelikheid wat betref leierskap in die ontwikkeling van die nodige mensehulpbronskapasiteit vir die inisiatief en die kwalifikasie.

Gedurende 2008 was die IKS-sentrum van Uitnemendheid by die volgende navorsingsinisiatiewe betrokke:

- Kulturele erosie onder die jeug in die Noordwes-Provinsie.
- Die sosiokulturele imperatiewe van rituele in Afrika-genesingstelsels, met spesiale verwysing na die Batlokwaen Bakwena-stam in Madikwe (Noordwes-Provinsie).
- 'n Ondersoek na die rol van inheemse Afrika-voedseltegnologieë ná die oes in voedselsekureit in Suider-Afrika.
- Inheemse Afrika-droogtebestuurstelsels in die Noordwes-Provinsie (Suid-Afrika): Met spesiale verwysing na die Ngaka Modiri Molema-distriksmunisipaliteit.
- Inheemse kleinskaalse landboupraktike vir voedselsekureit in die Noordwes-Provinsie: Die geval van gemengde gewasse in Disaneng.
- Inheemse kennisbestuurstelsels, met spesiale verwysing na geselekteerde landbouvoedselgewasse in Suider- en Oos-Afrika.

Die Nagraadse Skool se Navorsingseenheid het ondersteuning gebied vir MBA-studente wat nog in die miniverhandeling-fase vasgevang was. Hulle het daarin geslaag



om in 2008 die getal van 140 tot 45 te verminder. Hulle het ook ondersteuning voorsien wat betref projekontwerp vir PhD-colloquiums ten einde die behoud van doktorsale studente tot graduering te ondersteun.

Implementering van kundigheid

Die Kampus het 'n ryk tradisie van waardetoevoegende gemeenskaps- en handelsbetrokkenheid wat regdeur 2008 voortgesit is in dissiplines so uitlopend as landbou, dieregesondheid, die reg, natuurwetenskappe en gesondheidsorg.

Die Gemeenskapsregsentrum wat gratis regsdiens in agt gemeenskappe rondom Mafikeng voorsien, het 'n besonder aktiewe jaar gehad. Hulle het 'n gesamentlike projek met die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling onderneem om benadeelde regsgegradueerdes uit te plaas wat gesukkel het om plasing as kandidaatprokureurs in private regsfirmas te verkry.

In 2008 is agt sodanige gegraduateerdes binne die Gemeenskapsregsentrum geplaas, wie se prokureurs toesig oor hul voorbereiding vir die Regsvereniging se Raadseksamen gehou het. Die Sentrum het ook met die Umsobomvu-jeugfonds saamgewerk om die vaardighede van regstudente, parareglui en jeugdige uit nie-regeringsorganisasies te ontwikkel. Die Sentrum het 15 werkwinkels vir 191 gemeenskapslede gereël, en hul Street Law-eenheid het werkwinkels by 168 skole vir 4 016 leerders aangebied.

Verder is die Sentrum in 'n aantal forums verteenwoordig, soos die Noordwes-kluster vir Toegang tot die Reg en *Operation Blanket*, wat die grootste NRO in die provinsie ten opsigte van ontwikkelingskwessies en primêre gesondheidsorg is.

Die Bevolkingseenheid het 'n besige jaar gehad en saam gewerk aan projekte met Statistiek SA, die kantoor van die Premier en die Nasionale Bevolkingseenheid. Die projek, saam met die Nasionale Bevolkingseenheid, het opleiding van staatsamptenare in MIV/VIGS behels, terwyl dié saam met Statistiek SA bystand met sensusstrategieë en die ontwikkeling van vraelyste vir die 2010-sensus behels het. In die geval van die Premier se kantoor was die Bevolkingseenheid met kapasiteitsbou behulpsaam, insluitende die sifting van en onderhoudvoering met aansoekers om poste.

Landbou en Dieregesondheid was ook hoogs produktiewe gebiede vir die Kampus se vennootskappe met omliggende

gemeenskappe en regeringsagentskappe. Gedurende die oorsigjaar het die Dale Beighle-sentrum vir Dieregesondheidstudie rondgaande diere dienste binne 'n radius van 60 km gelewer, en veeartse en studente het met dierebehandeling gehelp.

Net so het die Skool vir Landbouwetenskappe praktiese opleiding aan naburige landboukolleges gebied en 'n verassingsdiens vir karkasse aan die nasionale Departement van Landbou voorsien. In hul betrokkenheid by gemeenskappe het die Skool drie gemeenskapstui- en voedselsekureitsprojekte bedryf, naamlik die Molelwane- en Magogwe-gemeenskapstuiprojekte, die Molelwane voedselsekureitsprojek en die Stedelike Draagbare Tuinprojek.

Verskeie skole en departemente het kortkursusse ontwikkel of aangebied op die gebied van vaardighede wat vir gemeenskappe, besighede en regeringsagentskappe in die Noordwes-Provinsie toepaslik is. Onder hulle was daar die Skool vir Omgewingswetenskappe en Gesondheid se kortkursusse oor gesondheid en higiëne wat daarop gerig was om gemeenskapsontwikkelingswerkers te help om met die emmerstelsel van sanitasie weg te doen.

Ander projekte betreffende implementering van kundigheid wat gedurende 2008 onderneem is, het die volgende ingesluit:

- Watervorsing in 'n gemeenskapskonteks, met die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe wat skoon water aan leerders in Madibogo voorsien het.
- Setswana-taalklasse by die platinummyne wat deur die Setswana-departement in samewerking met die Departement Kuns en Kultuur aangebied is en opleiding aan vertalers en tolke wat deur die Setswana-sentrum vir Taalnavorsing en Ontwikkeling aangebied is. Hierdie sentrum fokus op Setswana-taalnavorsing om spesifiek Setswana as 'n taal in die Noordwes-Provinsie te bevorder.
- 'n Eendagseminaarreeks oor besigheids- en staatsbestuur en -leierskap, wat deur die Munisipale Leierskaps- en Opleidingsakademie ("MULTA") en die Besigheidsentrum ontwikkel is. MULTA het ook volle akkreditering van die Plaaslike Regering-sektorowerheid vir Onderwys en Opleiding (PRSETA) ontvang.
- Koorafrigting van gevangenes by die Bloemhof- en Rooigrond-korreksiefasiliteite deur die Departement van Vervoer, Paaie en Gemeenskapsveiligheid, wat ook 'n werkwinkel vir koördirigente en -beoordelaars aangebied het.
- Die skenking van 35 ten volle funksionerende rekenaars deur die biblioteek aan die EP Lekhela Primêre Skool, wat die skool in staat gestel het om 'n rekenarsentrum te begin.

Studentgesentreerde gemeenskapsbetrokkenheid

Die Mafikengkampus het steeds aan studente geleenthede vir praktiese blootstelling in hul studieveld gebied, terwyl daar terselfdertyd dienste van onskatbare waarde aan plaaslike gemeenskappe gelewer is.

Maatskaplike Werk-studente het 'n wye verskeidenheid gemeenskapsgebaseerde organisasie bygestaan, insluitende voorskoolse skole, spesiale skole, sentrums vir vroeë leer en dagsorg, klinieke, hospiese, tehuise vir kinders en bejaardes en bemagtigingsentrums en -projekte vir werklose jeugdiges. Vlagskipprojekte en -dienste wat in 2008 gelewer is, het bystand aan kindersorgsentrums met amptelike registrasie as organisasies sonder 'n winsoogmerk en plekke van sorg ingesluit, asook die inisiëring van aërobiese klasse vir tuberkulosepasiënte by die Motlhabeng-kliniek en hulp aan pasiënte om 'n gemeenskapstuin tot stand te bring. Studente het ook met terminaal siek MIV/VIGS-pasiënte by die hospiesentrum in Itoseng gewerk en aan 'n projek vir VIGS-wesies van Soroptomist International deelgeneem.

Psigologiestudente is by plaaslike hospitale geplaas, waar hulle behulpsaam was met die voorsiening van terapeutiese dienste, psigometriese toetsing en ander verwante dienste.

Studente van die Hansio-universiteit in Suid-Korea het die Kampus in Julie 2008 besoek om die Goats and Green-gemeenskapsprojekte in Lokaleteng Village uit te brei. Die Groen Projek het herleef en agt rekenaarstelle is aan Lokaleteng Primêre en Lokaleng Middelbare Skool geskenk.

Studenteaktiwiteite

Korporatiewe bestuur

Die Mafikengse Verteenwoordigende Kampusstudenteraad (VKSR), tesame met Bestuur, het die kwessie van geldeverhogings aan die begin van die jaar hanteer. Die *South African Student Congress (SASCO)* het egter 'n studentestaking uitgeroep, wat in die eerste semester plaasgevind het. Aan die begin van Augustus 2008 is die nuutverkose VKSR wat deur SASCO gelei is, ingehuldig. Slegs twee dae ná die inhuldiging het die VKSR nog 'n rondte studentestakings gelei wat ongelukkig tot gevolg gehad het dat die Kampus van 3 tot 19 September 2008 gesluit is. Met die instemming van die NWU-Raad en -Bestuur het die Minister van Onderwys 'n lid van die Raad op Hoër Onderwys as 'n eksterne fasiliteerder in samesprekings met personeel, studente en bestuur aangestel. Sewe studente wat aan wangedrag in verband met die onrus skuldig bevind is, is hetsy geskors of uitgesit, wat die Universiteit se standpunt oor geweld en vandalisme onderstreep het.

MIV/VIGS

Die Kampus het een van die bes gevestigde MIV/VIGS-programme aan die NWU en 'n stewige rekord wat betref die hantering van MIV/VIGS op 'n positiewe, ondersteunende en nie-diskriminerende wyse.

Gedurende 2008 het die Kampus se MIV/VIGS-kantoor verseker dat MIV/VIGS-onderwerpe in die oriëntasieprogram vir nuwe studente ingesluit is, asook in die jaarlikse induksieprogram vir nuut aangestelde personeellede.



Portuuronderrig en ondersteuningsprogramme was belangrike aktiwiteite op die MIV/VIGS-agenda. Die Kampusondersteuningsgroep het weeklikse sessies gehou en kwessies soos toetsing, openbaarmaking van status, vertroulikheid, stigma en diskriminasie, antiretrovirale behandeling en positiewe saamleef met MIV is gedek. Die portuurvoedingsnetwerk het met hul eweknieë op die ander twee kampusse in gesprek getree en op hul tuisfront 'n werkswinkel met die titel '*True love waits*' gereël. Portuurhelpers het deurlopend kwessies soos veilige seks beklemtoon.

In 'n week wat vir skool-Vigs-aangeleenthede opsygesit is, het die MIV/VIGS-kantoor ses skole besoek om met leerders in gesprek te tree. Portuurvoeders en -beraders het die span op hierdie besoeke vergesel, wat op kwessies soos vertroulike toetsing gefokus het.

Soos gebruiklik het die Kampus sy jaarlikse kondoomweekveldtog gehou, 'n MIV/VIGS-kersliggedenkgeleentheid gereël en studente en personeel aangemoedig om hul status deur vrywillige berading en toetsing te bepaal.

Sport en kultuur

Op die sportveld was 2008 'n betreklik stil jaar vir Kampussport, hoofsaaklik as gevolg van die studentestakings wat plaasgevind het.

Die belangrikste sportgebeurtenisse waaraan spanne deelgeneem het, was karate, waarin die karatespan een volkontak-bronsmedalje ontvang het, en die SA Sagtebalkampioenskap, waar sewe studente en hul afrigter SASSU verteenwoordig het. Verder het die netbalspan die vierde plek in Afdeling C van die winterkompetisie verower. Die kultuurkantoor en kulturele groepe het aan vyf provinsiale en nasionale geleenthede deelgeneem. Dit was die

16 Junie-danskompetisie, Ou Mutual se nasionale koorfees, die Mmabana Studio-kompetisie, die Leopard Challenge en die Nasionale Kunstebestuur-simposium, wat deur Artema op die Potchefstroomkampus gereël is.

Ten slotte

Die Kampus het geweldige uitdagings gedurende die oorsigjaar die hoof gebied, veral in die vorm van studente-onrus wat klasse en eksamens ontwig het.

Dit is betreurenswaardig dat hierdie ontwigtings verlore onderrigtyd en die uitstel van die eksamen tot gevolg gehad het. Die ervaring het egter ook 'n aantal waardevolle lesse voorsien waaruit alle belanghebbendes kan leer, naamlik dat geweld en vandalisme nie geduld sal word nie en dat Bestuur nie sal toelaat dat die welstand van studente in die gedrang kom nie.

Nadat Bestuur die studente-onrus ferm en regverdig hanteer het, was hulle in staat om 'n redelike deel van die akademiese jaar te red en 'n kultuur wat bevorderlik vir onderrig en leer is te herstel.

Ons gaan 2009 tegemoet in 'n gees van vasbeslotenheid en bereidwilligheid om die ekstra myl te loop ten einde 'n veilige, vreedsame omgewing vir studente, personeel en ander belanghebbendes te verseker.



PROF ND KGWADI
KAMPUSREKTOR: MAFIKENG



"ONS HET *STUDENTE* VAN SOVEEL AS *22 VERSKILLENDE LANDE*
OP ONS KAMPUS. OMDAT ONS VAN *VERSKILLENDE KULTURE EN*
AGTERGRONDE IS, KAN ONS BAIE VAN MEKAAR LEER."

– *STUDENTE, MAFIKENGGAMPUS*

KAMPUSOORSIG: POTCHEFSTROOM

Studente-inskrywings vir 2008	
Voorgraads	32 939
Meesters	1 684
Doktoraal	551
Totaal	35 174

Samestelling van voorgraadse studente	
Eerstejaars	3 300
Seniors	31 874



Prof Annette Combrink
Kampusrektor: Potchefstroom

Diplomas en grade in 2008 toegeken	
Sertifikate en diplomas	5 048
B-grade	2 346
Honneursgrade	1 594
Meestersgrade (insluitende MBA)	449
Doktorsgrade	85
Totaal	9 522

Die 9 522 sertifikate, diplomas en grade is toegeken by altesaam 51 gradeplegtighede, wat soos volg plaasgevind het:

- Opvoedingswetenskappe: 17 tot 20 Maart, 14 en 16 Mei, 10 en 11 September.
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: 12 tot 14 Maart, 14 Mei, 10 en 11 September.
- Natuurwetenskappe: 10 Maart, 15 Mei, 10 en 11 September.
- Ingenieurswese: 11 Maart, 15 Mei, 10 en 11 September.
- Lettere en Wysbegeerte: 11 Maart, 14 Mei, 10 en 11 September.
- Gesondheidswetenskappe: 5 Maart, 15 Mei, 10 en 11 September.
- Meestersgrade: 15 Mei en 11 September.
- Doktorsgrade: 16 Mei en 12 September.

Gegradueerdes per fakulteit in 2008	
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte	265
Fakulteit Natuurwetenskappe	417
Fakulteit Teologie	147
Fakulteit Opvoedingswetenskappe	5 949
Fakulteit Regte	206
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1 222
Fakulteit Ingenieurswese	226
Fakulteit Gesondheidswetenskappe	1 090
Totaal	9 522

Kampushoogtepunte vir 2008

- Die Kampus het die jaar met 100 NNS-gegradeerde navorsers afgesluit, vergeleke met 91 die vorige jaar.
- Nie-kampusgradeplegtighede is ingestel vir studente in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, te danke aan die infrastruktuur wat deur die logistiekdepartement ontwikkel is om dié plegtighede na studente toe te neem. Hierdie plegtighede is in Oos-Londen, Durban, Cedar College, Upington, Kimberley, Polokwane en Namibië gehou.



Voor vanaf links is prof Daan van Wyk, Viserektor: Kwaliteit en Beplanning, prof Jan Swanepoel, Dekaan: Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Akademie, prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus, prof Kobus Pienaar, Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe, en mnr Bobo van der Westhuizen, Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite. Agter vanaf links is mnr Theo Cloete, Direkteur: Bemaking en Kommunikasie, prof Marlene Viljoen, Dekaan: Fakulteit Gesondheidswetenskappe, prof Theuns Eloff, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, prof Dries du Plooy, Dekaan: Fakulteit Teologie, me Dorothy August, Kampusregistrateur, prof Petra Engelbrecht, Dekaan: Fakulteit Opvoedingswetenskappe, prof Francois Venter, Dekaan: Fakulteit Regte, prof Johan Fick, Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese, en prof Hendré Reyneke, Studentedekaan.

- Die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies het 'n groot kontrak as die leieruniversiteit in 'n konsortium van die Akademie vir Leierskap in Publieke Administrasie en Bestuur ("PALAMA") ontvang.
- Omvattende opleiding in menseregte is aan die studenteierskap voorsien. Transformasieportefeuiljies is in huiskomitees ingestel om leierskapsontwikkeling onder die hele studenteliggaam te versnel.
- In Desember het die Kampus in samewerking met die Stadsraad en op versoek van die nasionale sportministerie die Sone 6-Afrikaspele aangebied. Dit was 'n geweldig uitdagende poging wat akkommodasie en spyseniering vir 2 000 besoekende atlete en beampies vir 'n tydperk van twee weke behels het.
- Finalejaarstudente in Rekenaar- en Elektroniese Ingenieurswese het die nasionale prys van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektroniese Ingenieurswes (SAIEI) gewen, terwyl derdejaarstudente die nasionale Siemens-outomatisasieprys verower het.
- Die Nasionale Finansiële Hulpkema vir Studente ("NSFAS") het aan die Kampus se finansiële ondersteuningsspan 'n gradering van "Uitstekend" vir hul beursbestuursvermoëns toegeken.
- 'n Reeks uitstekende verhoogoptredes het die kollig op die Kampus se musiekvaardighede laat val: die Universiteitskoor was vierde in 'n internasionale kompetisie in Julie 2008 in Europa, en 'n a capella-groep, die Boulevardharmoniste, was eerste in 'n internasionale kompetisie in Praag in Desember. In die Ou Mutual Nasionale Koorfees het die PUK Serenaders die tweede plek verower.
- Die Potchefstroomkampus se studente het besonder goed in die plaaslike burgemeester se sporttoekennings gevaar:
 - Die Rugbyinstituut, wat vanjaar 10 jaar oud is, het 'n spesiale burgemeesterstoekening vir diens aan die stad en die gemeenskap ontvang.
 - Die Kampus het ook die eer van drie ander toekennings te beurt geval – Justine Robbeson is as die sportvrou van die jaar aangewys, en André Olivier (800 m) en Marcolleen Pretorius (hoogspring) is onderskeidelik as die junior sportman en sportvrou van die jaar vir 2008 aangewys.
- Die Kampus het ook besonder goed gevaar in die toekennings wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gemaak is. Die volgende personele en een nagraadse student het toekennings ontvang:

- Prof Petra Engelbrecht, Dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, het die toekenning vir Wetenskaplike Vakbevordering op die terrein van Onderwys ontvang.
- Prof Daan Wissing van die Navorsingseenheid vir Taal en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks het die CJ Langenhoven-toekenning vir Linguistiek ontvang.
- Prof CT Wolmarans en prof K de Kock van Omgewingswetenskappe het die Douw Greef-prys vir 'n resensieartikel op die gebied van navorsing ontvang.
- Die Senior kaptein Scott-gedenkmedalje is aan prof GHJ Kruger van Omgewingswetenskappe toegeken.
- Prof Jan Swanepoel van Statistiek het die Havenga-toekenning vir Wiskundige Wetenskappe ontvang.
- Die FARmova-prys vir Farmakologie is aan prof TG Dekker van die Skool vir Farmasie toegeken.
- Die Junior kaptein Scott-gedenkmedalje is toegeken aan me E Heyneke, 'n nagraadse student van Omgewingswetenskappe.

Inleiding

Die kernbesigheid van die Kampus het regdeur die jaar glad verloop. In die onderrig-leer-omgewing is verbeterings in die voorgraadse deurvloeiwyse aangeteken, wat vanaf 24% gedurende die vorige jaar tot 27% in 2008 gestyg het. Navorsingsuitset het toegeneem, hoewel stadiger as in vorige jare, en goeie vordering is met die implementering van die nuwe bestuursmodel vir navorsingseenhede gemaak. In die implementering van kundigheid, wat lank reeds 'n sterk punt is, is daar aan die Kampus 'n aantal nuwe kontrakte toegeken en het die Kampus voortgegaan om aan bestaande ooreenkomste deel te neem; by sommiges was daar internasionale konsortiums betrokke.

Kampusbestuur is van mening dat egalige vordering gemaak word met die skepping van 'n omgewing waarin studente van alle kultuur- en taalagtergronde voel dat hulle ondersteun en erken word. Aangesien dit met opvoeding in menseregte en interkulturele aangeleenthede gepaard gaan, het Bestuur menseregteopleiding vir alle studente in leiersposisies gereël en transformasieportefuljies in huiskomitees ingestel.

Onderrig-leer

In 2008 is altesaam 35 174 studente op die Potchefstroomkampus geregistreer, 'n styging van 8% vergeleke met die vorige jaar. Ten spyte van die beduidende toename in studentetalle het keurings- en toelatingsprosedures glad

verloop, 'n weerspieëling van die verbeterde registrasie- en elektroniese betalingsprosesse wat ingestel is om wagtye vir studente te verminder.

'n Strategiese plan was reeds in Februarie 2008 in plek om te help met inskrywingsbeplanning, in ooreenstemming met die vereiste verskuiwing ten gunste van Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie (WIT), sowel as Sakestudies. Aansoeke vir nuwe eerstejaarstudente het in September 2008 gesluit en 4 200 is aanvaar.

Die groter fokus op WIT- en Sake-inskrywings is ook in die Kampus se bemarkingsaktiwiteite weerspieël, met spesiale aandag aan die werwing van meer goeie studente op hierdie gebiede. Hierdie poging het tot gevolg gehad dat 30 swart studente vir die program in Geoktrooieerde Rekenmeesterskap gewerf is, en 11 grondslagfasestudente vanuit die geleedere van die Koninklike Bafokeng-stam.

Vir die November 2008-eksamen is verpligte eksterne moderering van alle uittreelak-modules ingestel, en dit het glad verloop. Volledige eksamineringsverslae is ná elke eksamen aan die Kampusbestuur voorgelê, wat verseker het dat enige probleme wat opgeduik het, vinnig en doeltreffend opgelos is.

In 'n groot voorwaartse stap vir studentgesentreerde dienslewering het die Kampus nie-kampusgradeplegtighede ingestel vir studente in Opvoedingswetenskappe wat aan die afstandsprogramme deelneem. Voorheen moes hierdie studente altyd lang afstande reis om hul gradeplegtighede by te woon. Dit het in 2008 verander toe die infrastruktuur wat deur die logistiekdepartement ontwikkel is, insluitende 'n mobiele togahouer, dit moontlik gemaak het om die plegtighede na die studente te neem. Plegtighede is in Oos-Londen, Durban, Cedar College, in Upington, Kimberley en Polokwane gehou en was uiters gewild en geslaagd. Vanaf 2009 sal die nie-kampusplegtighede uitgebrei word om Verpleegkundestudente in te sluit.

Benewens gradeplegtighede wat in Suid-Afrika gehou is, is drie plegtighede in Namibië en die tradisionele tweejaarlikse seremonie in Londen in die Verenigde Koninkryk gehou, in samewerking met die Greenwich School of Theology.

Wat onderrig betref, het 27 akademiese personeellede Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) ontvang.



Navorsing

Die goeie naam wat die Potchefstroomkampus vir innoverende navorsing geniet, is weereens bevestig toe personeel in 2008 nuwe grond gebreek het in 'n groot verskeidenheid aktiwiteite en nasionale en internasionale erkenning vir hul prestasies ontvang het.

Onder andere is 'n A1-gradering – die hoogste moontlike akkreditasie van die NNS – aan prof Marius Potgieter, die Direkteur van die Skool vir Fisika, gedoen, terwyl nog 'n fisikus op die Kampus, dr Christo Venter, 'n navorsingsbeurs van die *National Aeronautics and Space Administration* (NASA) van die Verenigde State ontvang het. Hy was een van slegs 60 wetenskaplikes in die wêreld om 'n NASA-beurs te ontvang.

Hoëvlakerkenning is ook aan navorsers en navorsingsgroeperings in 'n verskeidenheid ander dissiplines verleen:

- Die *Simpatiese Aktiwiteit- en Bewegende Bloeddruk van Afrikane*-projek (SABBTA-projek) van die Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe is as een van die drie beste projekte wêreldwyd in die stryd teen die toenemende voorkoms van metabooliese sindroom geïdentifiseer.
- Prof Stefan Ferreira van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe het die Derde Wêreldakademie vir Wetenskap (DWA) se toekenning vir jong navorsers vir 2008 ontvang.

- Prof Petra Engelbrecht, Dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, het die senior navorsingsmedalje van die Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika (OVSA) ontvang.

Wat betref NNS-graderings het die Kampus sy getal gegradeerde navorsers met meer as 8% verhoog en was daar aan die einde van 2008 100 gegradeerde navorsers, vergeleke met 91 die vorige jaar.

Navorsingsuitset het toegeneem, hoewel stadiger, en die implementering van die nuwe model vir navorsingsentiteite het glad verloop. Op 31 Desember 2008 was die Voedingsnavorsingsgroep die enigste navorsingsentiteit binne die Universiteit wat die topstatus vir navorsingsentiteite ontvang het, naamlik dié van 'n Sentrum van Uitnemendheid.

In nog 'n navorsingsverwante hoogtepunt vir 2008 is Biochemie in 'n Sentrum van Bevoegdheid van die Departement Wetenskap en Tegnologie ontwikkel, ná die suksesvolle totstandbrenging van 'n Menslike Metabolomika-platform. Hierbenewens het die Fakulteit Ingenieurswese die eer te beurt geval om nie minder nie as vier navorsingsleerstoele te huisves: dié van DTI (Kernenergie), SANERI (Skoon Steenkooltegnologie – twee leerstoele) en 'n leerstoel in Waterstofenergie.



Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe is betrokke by belangrike navorsing wat betref disfunksionele skole, dissipline, swak bestuur van skole en die swak prestasie van leerders in sodanige skole.

Implementering van kundigheid

Terwyl deelname aan bestaande ooreenkomste met nywerheids- en regeringsvennote voortgesit is, was die Kampus ook by 'n aantal opwindende nuwe kommersiële ontwikkelings betrokke:

- 'n Belangrike kontrak is deur die Akademie vir Leierskap in Publieke Administrasie en Bestuur (PALAMA) toegeken. Die Kampus se Skool vir Sosiale en Owerheidstudies is as die leiersverskaffer gekies in twee van die vier streke wat deur die kontrak gedek word.
- Die Skool vir Farmasie is betrokke by 'n groot verskeidenheid dienste en konsultasies vir die staat, die private sektor en die akademiese wêreld. Belangrike werk word vir die Wêreldgesondheidsorganisasie gedoen.
- Hierbenewens was die Skool steeds 'n konsortiumlid van die Verenigde State se Presidensiële Noodprojek vir VIGS-verligting ("PEPFAR"), wat deur die voormalige VS-president Bill Clinton van stapel gestuur is toe hy nog die amp bekleed het. Die NWU is betrokke by kwaliteitskontrole van die medikasie wat in die projek gebruik word.

- Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXT) het verskeie nuwe proefleeshulpmiddels geproduseer en het gewerk aan groot kontrakte vir die Departement Wetenskap en Tegnologie, sowel as vir die Meraba-instituut.
- Die Afri-forte SEB-maatskappy in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe doen uitmuntende werk wat betref die kommersialisering van intellektuele eiendom.
- Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het 'n kortkursus in mentorskap ontwikkel, bykomend by hul bestaande kortkursusse in assessering en moderering.

Terwyl derdegeldstroom-inkomste deur hul kommersiële aktiwiteite gegeneer is, het die Kampus ook konstruktief aan gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte deelgeneem, insluitende:

- Die Musikhane-gemeenskapsprojek vir kinders uit benadeelde gemeenskappe wat deur die Skool vir Musiek aangebied word. Voortvloeiend uit die projek, wat in 2008 uitgebrei is, het 'n aantal studente vir universiteitstudie gekwalifiseer nadat hulle by die projek betrokke was.
- Skoolleerders wat aan die Ikateleng-projek deelgeneem het, het 'n slaagkoers van 80% behaal, vergeleke met die nasionale koers van 62,5%. Hierdie program is gerig op voorbereiding van belowende graad 12-leerders vir hul matriekeksamen en die uitdagings van die universiteitslewe.

- Die Regsfakulteit het die waardevolle diens voortgesit wat deur die Sentrum vir Regsbystand aan die gemeenskap gelewer word.

Studentesake

Studenteleierskap

Die Verteenwoordigende Kampusstudenteraad (VKSR) het 'n konstruktiewe bydrae tot die Institusionele VSR gelewer en sterk leierskap aan die studenteliggam voorsien. Die VKSR, wat maar te deeglik bewus is van die transformasie-uitdagings wat die Kampus in die gesig staar, het sterk toewyding getoon om 'n bydrae in hierdie opsig te lewer. Omvattende opleiding in menseregte is aan die hele studente-leierskap-komplement voorsien. Die opleidingsessies is gedurende die induksie van die nuwe studente-leierskap gehou, en studentedeelname was kragtig en positief. Versterking van hierdie opleiding vind regdeur die jaar plaas. Transformasieportefeuljes is in huiskomitees ingestel om leierskapsontwikkeling onder die hele studenteliggam te versnel. Die eerste swart primarius is verkies (in Rateaukoshuis).

Studentewelstand

Die Kampusgesondheidsentrum is in Maart 2008 in tydelike akkommodasie geopen, en die nuwe gebou is in November voltooi. 'n Volledige reeks dienste, vanaf primêre gesondheidsorg, beroepsgesondheid en veiligheid en MIV/VIGS-berading is soos volg voorsien:

- Altesaam 1 896 pasiënte het van die verpleegdienste in die afdeling primêre gesondheidsorg van die Sentrum gebruik gemaak.
- 335 mense het die kantoor vir Vrywillige Berading en Toetse (VBT) besoek.

Die VBT-kantoor was ook verantwoordelik vir die koördinerings van die Universiteit se hoërsonderwys-VIGS-projek (HEAIDS). Gedurende 2008 het dit die uitrol van hierdie ambisieuse program op al die kampusse behels. Op die Potchefstroomkampus is die bestaande strukture versterk en binne die nuwe Kampusgesondheidsentrum geplaas. Nog 'n verbetering was die aanstelling van 'n maatskaplike werker, wat tot gevolg gehad het dat die gesondheidsorgdiens uitgebrei is om in 'n sosio-ekonomiese konteks na studente om te sien, wat ook aan finansiële steun gekoppel word. Die nuutaangestelde maatskaplike werker het gehelp om studente in nood en op risiko in



verskeie kontekste te identifiseer. Altesaam 700 onderhoude is gedurende 2008 gevoer, waarby 90 studente en 40 personeelle betrokke was.

Finansiële Steundienste was uiters doeltreffend, soos bewys word deur die gradering van "Uitstekend" wat NSFAS aan die afdeling toegeken het. Die hoof van Finansiële Steundienste, wat ook die Maaltyd-per-dag-studentehulp-skema bestuur, het die NSFAS-proses op die ander twee kampusse ondersteun.

Die Internasionale Kantoor het die byna 400 internasionale studente op die Kampus ondersteun, veral wat betref logistiese behoeftes soos akkommodasie, vervoer, visumver-eistes, betalings en mediese sorg.

Studentesport

In ooreenstemming met die strategie oor sportontwikkeling het 'n aantal opleidingsinisiatiewe vir skole en ander groeperings gedurende 2008 plaasgevind, waarby honderde deelnemers, afrigters en beamptes betrokke was. Die Kampus het ook prysenswaardige prestasies tydens plaaslike, streeks-, nasionale en internasionale sportgeleenthede gelewer:

- Een van die hoofgeleenthede van die jaar was die USSA-tennistoernooi op die Kampus, wat deur die Potchefstroomkampus gewen is. Die toernooi is op die nuut opgeknapte tennisbane gespeel (die opknapping is met 'n toekenning uit die strategiese kampusfondse gedoen).
- Die Atletiekklub het die USSA-toernooi gewen, en hokkie en netbal het albei in die derde plek geëindig ('n verbetering op hul sesde plekke die vorige jaar).
- Sokker het die intervarsity-toernooi gewen en het na die Vodacom-liga opgeskuif, waar hulle die jaar in die vierde plek geëindig het. 'n Groot innovasie was die toewysing van 'n huis aan die sokkerspan. Hierdie nuut opgeknapte huis kan die hele eerste span akkommodeer, sowel as die afrigter.
- Die Rugbyinstituut het weereens sterk gefigureer en al die kompetisies gewen waarvoor hulle ingeskryf het, behalwe die Varsity Cup, waar hulle die halfeindronde gehaal het.
- Die Krieketklub het sy opwaartse vordering voortgesit en het weer die A-liga gehaal ná 'n goeie seisoen.
- Die karatespan het die USSA-toernooi vir die negende keer agtereenvolgens gewen.
- Vier atlete het aan die Beijingse Olimpiese Spele deelgeneem. Khotso Mokoena, 'n alumnus van die Kampus, was die enigste Suid-Afrikaner wat gedurende die Spele 'n medalje verower het. Die hoof van Kampusatletiek, Terseus Liebenberg, was as die formele afrigter vir die werpitems aan die Suid-Afrikaanse span verbonde.



Van die belangrikste kampuskompetisies is die verskeidenheid koshuisligabepalings regdeur die groot sportkodes. Groot getalle studente het gedurende 2008 aan hierdie sportsoorte deelgeneem, en die vlak van toeskouerbetrokkenheid was waarskynlik hoër as op enige ander vlak van kompetisie.

Die einde van 2008 het die sportgemeenskap met 'n uitdaging gekonfronteer, aangesien drie afrigters van groot sportkodes (hokkie, rugby en netbal) die NWU verlaat het. In hul plek het die Kampus vir Rudy Joubert (rugby), Nita van Jaarsveld (hokkie) en Shelley Norris (netbal) aangestel. 'n Bestuurder is by die ENB Hoëprestasie-instituut aangestel. Hierdie fasiliteit is op groot skaal deur nasionale en internasionale atlete sowel as deur die prestigesportmense van die Universiteit gebruik.

Kampusondersteuningsafdelings, insluitende Inligtingstechnologie (IT), Inwoning en Voedseldienste en Beskermingsdienste, het waardevolle steun tydens groot sportgeleenthede soos die Sone 6-spele gelewer, asook tydens ander geleenthede wat deur die Kampus aangebied is.

Studentekultuursake

Die Kampus het 'n aantal hoogtepunte in deelname aan hoëprofielgeleenthede in musiek, sang en koorsang op nasionale en internasionale gebied behaal:

- Die Universiteitskoor het in Julie 2008 deur Europa getoer en aan 'n internasionale prestigekompetisie deelgeneem, waar hulle vierde gekom het. Die Boulevard-harmoniste, 'n a capella-groep, was eerste tydens 'n internasionale kompetisie in Desember in Praag.
- Die sanggroep van die Skool vir Musiek, Die Heralds, het 'n CD gemaak en by 'n aantal prestigegeleenthede opgetree.
- Die Alabama-produksiehuis het die musiekblyspel Back to the Eighties baie suksesvol aangebied.
- Die Kampus het die jaarlikse Sêr-kompetisie aangebied, en Veritas-koshuis het die nasionale kompetisie vir die derde jaar agtereenvolgens gewen. 'n Vierde plek vir Dinki-vrouekoshuis het beteken dat die Kampus die algehele kompetisie gewen het.
- Die PUK Serenaders het 'n tweede plek in die Ou Mutual Nasionale Koorfees behaal.
- Die Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling, Artema, het 'n baie geslaagde jaar gehad, en het verdere leerder-skappe aangebied en Projek Promosa van stapel gestuur, 'n opleidingsprogram in die kunste vir leerders van Promosa.



Die dak oor die Amfiteater, lank reeds 'n droom van studente, is in September 2008 voltooi, wat dit 'n uiters waardevolle fasiliteit vir byeenkomste van alle soorte maak. Hierbenewens is die nuwe klankstudio vir die produksiehuis voltooi en ten volle in gebruik. Kommunikasie vir studente het selfs verder verbeter met die behoorlike vestiging en lisensiering van Radio-Pukfm.

Ten slotte

Terwyl die Potchefstroomkampus sy sterk tradisie van akademiese en navorsingsuitnemendheid gehandhaaf het, is daar ook aan studente wye geleenthede vir persoonlike groei deur deelname aan leierskap, sport en kultuuraktiwiteite gebied. Hierdie blootstelling, tesame met die sorg wat gedra word om 'n kultuur van verdraagsaamheid en respek vir menseregte te bevorder, is besig om 'n omgewing te help vestig vir die koestering van veelsydige graduandi wat suksesvolle loopbane kan volg, tot die gemeenskap kan bydra en waardegedrewe, gebalanseerde en doelgerigte lewens kan geniet.

PROF ANNETTE COMBRINK
KAMPUSREKTOR: POTCHEFSTROOM

"OMDAT DIE STUDENTELIGGAAM VAN
DIE NWU DIE **DIVERSITEIT** VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING
WEERSPIEËL, **BEREI DIT ONS
VOOR** VIR DIE KOSMOPOLITIESE
SAMELEWING WAARIN ONS
ONSELF EENDAG MAG BEVIND."
– STUDENTE, POTCHEFSTROOMKAMPUS

KAMPUSOORSIG: VAALDRIEHOEK

Studente-inskrywings vir 2008

Voorgraads	3 469
Meesters	178
Doktoraal	97
Totaal	3 744

Samestelling van voorgraadse studente

Eerstejaars	672
Seniors	3 072

Diplomas en grade in 2008 toegeken

Sertifikate en diplomas	107
B-grade	418
Honneursgrade	188
Meestersgrade (insluitende MBA)	34
Doktorsgrade	7
Totaal	754

Altesaam 754 sertifikate, diplomas en grade is toegeken by gradeplegtighede wat in Mei 2009 en Oktober 2008 gehou is.

Kampushoogtepunte vir 2008

- Studentetalle het van 3 325 tot 3 744 toegeneem, 'n styging van ongeveer 13%.
- Die groei in studentetalle het die totstandbrenging van twee fakulteite op die Kampus in teenstelling met slegs een tevore geregverdig. Die Fakulteit Geesteswetenskappe bestaan uit vier Skole (Tale, Gedragwetenskappe, Basiese Wetenskappe en Opvoedkundige Wetenskappe). Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie bestaan uit drie skole (Ekonomiese Wetenskappe, Rekeningkundige Wetenskappe en Inligtingstechnologie).
- Die totstandbrenging van twee fakulteite het ook die aanstelling van die eerste Viserektor vir die Kampus genoodsaak, naamlik prof Linda du Plessis.
- Die 2007-wenner van die prestigetoekenning van die ABSA-Beeld Ekoonom van die Jaar, mnr André Mellet, 'n dosent in Ekonomie, het tweede in die 2008-kompetisie geëindig.
- Die nuut opgeknapte en uitgebreide biblioteek is amptelik as die Vaaldriehoekkampus-biblioteek in gebruik geneem. Tydens die amptelike opening is 'n portretstudie van die Kampusrektor, prof Piet Prinsloo, deur die kunstenaar Ilse Straw, onthul.
- Die opknapping en opgradering van die eerste drie blokke van die Faranani-koshuis is voltooi. Na hierdie opknapping het elke kamer nou 'n internetverbindingspunt.
- Die Gautangse Departement van Onderwys het 'n kontrak aan die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe toegeken vir die opgradering van onderwysers se kwalifikasies deur afstandsl eer. Gedurende die jaar het 600 onderwysers vir die tweejarige Gevorderde Onderwysertifikaat ingeskryf.
- Die profiel van die studentegemeenskap was 'n studie in diversiteit: 60% van die studente was vroulik en slegs 40% manlik; nagraadse studente het 9% van die studentekorps uitgemaak; en 32% van die studente het Afrikaans as hul onderrigtaal verkies, vergeleke met 68% wat Engels verkies het.



Prof Piet Prinsloo
Kampusrektor: Vaaldriehoek



Voor vanaf links is me Elbie Steyn, Kampusregistrateur, prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoekampus, en prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning. Agter vanaf links is prof Tinie Theron, Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe, en mnr Bertie Visser, Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite.

- Die Vaardigheidsontwikkelingseenheid, wat tot stand gebring is om die vaardigheidstekort in die streek die hoof te bied, is as die streek se voorkeurinstelling vir die aanbieding van kortkursusse gevestig.

Inleiding

In 2008 is die Vaaldriehoekampus gedryf deur 'n vasbeslotenheid om niks minder as uitnemendheid in alle aktiwiteite te bereik nie, ongeag of dit binne die omvang van sy akademiese strewes, prestasie op die sportveld, toewyding aan die Vaaldriehoekstreek of die skaal van sy beleggings in studente is.

Die kwalifikasieprofiel van die akademiese personeel het beduidend verbeter, en hul akademiese en navorsingskundigheid is in 'n aantal dinamiese gemeenskapsdiensprojekte gemobiliseer.

Dit het gehelp om die Kampus se posisie as 'n streeksbate in Gautang te verstewig, en om as 'n trotse katalisator vir groei en regenerasie op te tree.

Onderrig-leer

Die Kampus is trots om te berig dat die gemiddelde slaagsyfer vir alle modules wat op die Kampus aangebied word, 83% was, wat hoër was as die norm wat deur die Departement van Onderwys gestel word. Hierdie prestasie is toe te skryf aan die gesamentlike pogings van die akademiese personeel en die impak van aanvullende onderrig, asook ander akademiese steundienste.

In 2008 is aanvullende onderrig uitgebrei om 73 modules in te sluit, vergeleke met 51 modules in 2007. Ingesluit by die 73 modules was 32% van die modules wat ondergemiddelde slaagsyfers gerapporteer het. Hierbenewens het twee dosente van die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe opleiding in aanvullende onderrig ondergaan. Inligting wat gedurende die jaar ingesamel is, het aangedui dat studente wat die fasiliteringsklasse bygewoon het, tussen 10% en 20% beter gevaar het as diegene wat dit nie bygewoon het nie. Selfs studente wat nie die risiko geloop het om te druip nie maar die klasse bygewoon het, het hul punte met dieselfde marge verbeter.

Nog 'n faktor wat tot die egalige verbetering in studentevloei bygedra het, is die kwaliteit van onderrig op die Kampus. Vyf dosente het gedurende die jaar Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid ontvang, en dr Wernel Nell van die Skool vir Gedragwetenskappe is as die beste dosent op die Kampus aangewys.

Een nuwe akademiese program is ingestel: die Baccalaureus in Maatskaplike Werk, wat 17 studente met die eerste inname gelok het.

Soos oor die afgelope drie jaar het akademiese kwaliteitsversekering 'n fokuspunt van die onderrig-leer-bedrywighede gebly. Interne programmevaluering is vir die vak Ekonomie voltooi, asook vir die gestruktureerde meestersprogramme in Teologie en in Openbare Bestuur en Administrasie. Die eksterne evalueringproses is op die BScIT- en BScBWI-program toegepas. Vakke wat ekstern geëvalueer is, was Openbare Bestuur en Administrasie, Psigologie, Bedryfsosiologie, Sesotho en Politieke Wetenskap.

Navorsing

Verbetering van die navorsingskapasiteit van die onderrigpersoneel en die bevordering van 'n navorsingskultuur was regdeur 2008 'n prioriteit. Die Kampus het voortgegaan om ondersteuningsstrukture te voorsien ten einde akademiese personeel in staat te stel om hul navorsingsfunksies uit te voer, met belowende resultate.

Aan die einde van die jaar was 38% van die akademiese houders van meestersgrade en het 44% 'n dokterskwalifikasie gehad, terwyl 30% vir verdere studie ingeskryf was. Hierdie tendens, tesame met die toename in tyd wat aan navorsing toegedeel is, het 'n styging van 31% in die artikelekwivalent-navorsingsuitset van akademiese personeel tot gevolg gehad.

Verskeie navorsers het hulle gedurende 2008 onderskei deur groot navorsingstoekennings en navorsingtoelaes te wen.

Prof Linda Theron van die Skool vir Opvoedingswetenskappe het 'n toekenning van R600 000 van die Suid-Afrikaans-Nederlandse Navorsingsprogram oor Alternatiewe in Ontwikkeling ("SANPAD") ontvang. Die doel van hierdie driejaartoekeening is om navorsing te doen oor die uitvoerbaarheid daarvan om veerkrachtigheid onder VIGS-wesies aan te moedig deur aan hulle kultureel sensitiewe metaforiese stories te lees. Die projek is genaamd

'*Read-me-to-Resilience*', en dit staan aan die voorpunt van navorsing oor pedagogiese en terapeutiese ingrepe met VIGS-wesies.

Prof Theron het ook 'n eremedalje van die Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika (OVSA) ontvang. Die toekenning is gemaak in die Jong Navorsers-kategorie en weer speël haar bydrae tot die bevordering van Opvoedkunde in Suid-Afrika.

Prof Adele Nel van die Skool vir Tale het 'n tweejarige NNS-toekenning ter waarde van R34 000 per jaar ontvang vir die navorsingsprojek "*Poetics of Diaspora and Migration and Loss: The presentation and configuration of Diaspora, Migration and Loss in South African Literature and Cinema and the social implications of the configurations*". Die navorsing word uitgevoer in die NNS-fokusarea: Uitdaging van Globalisering: Perspektiewe vanuit die Globale Suide. Me Ria Booyen van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe het die ABSA-Bronsmalje vir haar meestersverhandeling ontvang.

Implementering van kundigheid

Akademiese personeel regoor die Kampus het hul vakkundige en navorsingskundigheid gebruik om die sosio-ekonomiese uitdagings van die Vaaldriehoekstreek die hoof te help bied. In ooreenstemming met die NWU se beleid oor die implementering van kundigheid het personeel hul vaardighede tot die voordeel van gemeenskappe aangewend en om kommersiële oplossings vir die sakewêreld en die regering te ontwikkel.

Projekte met 'n kommersiële fokus het die voorsiening van taaldienste bekend as CTrans deur die Skool vir Tale ingesluit. Voorheen was hierdie dienste slegs binne die NWU beskikbaar, maar sedert 2008 is dit na streeks-, nasionale en internasionale kliënte uitgebrei. CTrans is 'n geregistreerde diensverskaffer vir FIFA 2010 en het hulle in die bedryf van onderskrifopleiding gevestig. Dit is ook die amptelike alleenhervorkoper van Trados, die internasionaal gebruikte vertaalgeheue-hulpmiddel.

Op versoek van die Fezile Dabi-distriksmunisipaliteit het die Kulturele Dinamiek van Water-navorsingsnisarea in die Skool vir Basiese Wetenskappe navorsing oor die waterkwaliteit van die Vaalrivier rondom Parys in die Noord-Vrystaat gedoen. Die nisarea het ook 'n internasionale transdissiplinêre konferensie oor die watergeskiedenis van Afrika in samewerking met die Internasionale



Watergeskiedenisvereniging aangebied, asook 'n eendag-simposium oor die kritieke aspekte van waterbestuur en omgewingsagteruitgang in Suid-Afrika.

Op die gebied van gemeenskapsbetrokkenheid het kampusakademië aan 'n wye verskeidenheid projekte deelgeneem, insluitende armoedeverligting, bemagtiging van VIGS-wesies en opvoeders, en studie-onderrig vir kinders wat in skuilings woon.

Die Resilient Educators-program, wat in hul derde jaar van implementering was, het spesifiek daarop gefokus om opvoeders in lewensoriëntering wat deur die MIV/VIGS-pandemie geraak is, toe te rus om beter vaardighede ("coping"-vaardighede) te ontwikkel om hul probleme die hoof te bied.

Lede van die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe het plaaslike munisipaliteite met die armoedeverligtingselemente van hul groei- en ontwikkelingstrategieë en hul geïntegreerde ontwikkelingsplanne bygestaan.

Studentgesentreerde gemeenskapsdiens

Die Vaaldriehoekskampus het sy lang tradisie voortgesit om studente aan te moedig om aan gemeenskapsdiens-

inisiatiewe deel te neem. Die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe was aktief betrokke by gemeenskapsuitreikingsprojekte, wat die volgende ingesluit het:

- BEd-studente het kinders uit kindertehuse en skuilings in die gebied bygestaan met studiemetodes, Wiskunde-, Engelse en Afrikaanse klasse, huiswerk en fisiese oefening.
- Studente wat die noodhulpeksamen geslaag het, het kinders uit voorheen benadeelde skole bygestaan met noodhulpkwessies, in samewerking met die plaaslike nooddiens.
- Studente het die Douglas Ministries-skooling vir kinders wat MIV-positief is wekeliks besoek om betrokke te raak by aktiwiteite soos bewegingsontwikkeling, perseptuele ontwikkeling, kreatiewe aktiwiteite en taalontwikkeling.

Uitbreiding van die talentpoel in Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie (WIT)

Om die getal studente in die WIT-programme te vergroot het die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe 'n projek by sekondêre skole vir leerders uit onderpresterende sekondêre skole in die Sedibeng-Wes-distrik geïnisieer. Gedurende die skoolvakansie in Julie en in September 2008 het ongeveer 5 400 Graad 12-leerders bystand met

die meer uitdagende skoolvakke ontvang. Terselfdertyd het studente van die Skool, onder die toesig van hul dosente, eerstehandse onderwyservaring opgedoen.

Die Siyakhulisa-program vir Vroeë Kinderontwikkeling het verdere momentum verkry. Hierdie projek is daarop gerig om die vaardighede en kennis te verbeter van voorskoolse versorgers wat nie oor akademiese kwalifikasies beskik nie. Dit het ook aan BEd-studente in die grondslagfase praktiese geleenthede gegee om hul teoretiese kennis toe te pas. Die projek word in vennootskap met die Departement van Gesondheid, die Departement van Onderwys en die Wêreldgesondheidsorganisasie bedryf.

Die Saterdagsskoolprojek, nou bekend as Ikataleng, wat gedurende 1988 op die Vaaldriehoekkampus begin is, is vandag een van die mees omvattende programme in aanvullende onderrig vir Graad 12-leerders in die land. Die bevoorreedes van die projek is leerders uit sekondêre skole in histories benadeelde gemeenskappe in die gebied. In 2008 was die gemiddelde slaagsyfer van leerders in hierdie program 90,55%, vergeleke met die provinsiale gemiddelde van 76,4% van leerders uit openbare skole. Gedurende die jaar het 190 deelnemers aan die projek die eksamen vir

die nasionale senior sertifikaat afgelê, en 116 van hulle het met toelating tot baccalaureusgraadstudie geslaag.

Voorligtings- en beradingsdienste vir studente

Die Nagraadse Loopbaansentrum is stewig op die Vaaldriehoekkampus gevestig. Hierdie sentrum het studente bygestaan met loopbaanbeplanning, inligting oor moontlike werkseleenthede, skryf van CV's, onderhoudvoeringstegnieke en ander loopbaanverwante hulpbronne. Ongeveer 25 potensiële werkgewers het die loopbaanskoue besoek of individuele loopbaanuitstallings op die kampus gehou. In die Departement Studenteontwikkeling is psigoterapeutiese en persoonlike beradingsdienste gelewer, asook bystand met studiemetodes, tydsbestuur- en hanteeringsvaardighede.

Lede van die portuurhelpergroep bekend as CH@S (*Connecting Helpers and Students*) is opgelei om studente te identifiseer wat psigososiale of akademiese bystand nodig het. CH@S was ook aktief betrokke by gemeenskapuitreikingsprogramme soos besoeke aan die Ikagengskuiling vir haweloses, gebedsdienste by plaaslike skole en MIV/VIGS-bewusmakingsessies by hierdie skole.



Studenteaktiwiteite

Leierskap

Studeute word geleenthede gebied vir persoonlike groei deur deelname aan sport en kulturele aktiwiteite asook studenteleierskapstrukture soos die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR), die huiskomitees en die geaffilieerde studenteorganisasies.

Die VSR het aan die bestuurstrukture op die Kampus deelgeneem, insluitende die Bestuurskader, die Kampussenat en Fakulteitsraad. Regdeur die jaar het lede van die VSR aan die IVSR deelgeneem en gedurende September 2008 is die nuutverkose Kampus-VSR-voorsitter, mnr Siphwe Mbatha, ook as die Voorsitter van die IVSR verkies.

Studeute op die Kampus het hul kommer oor die xenofobiese aanvalle wat gedurende die jaar in Suid-Afrika voorgekom het te kenne gegee deur aan vreedsame protesaksie deel te neem. Die doel was om empatie te betuig met die slagoffers van xenofobie en om op sigbare wyse te toon dat die studentegemeenskap diversiteit aanvaar.

Sport

Studentespanne in 'n verskeidenheid sportkodes het die NWU by 'n verskeidenheid plaaslike, streeks-, nasionale en internasionale geleenthede verteenwoordig:

- 'n Liggaamsbouspan het die Beste Gimnasium-trofee in 'n kompetisie van die World Physical Federation vir die Gauteng-Suid-streek gewen. 'n Span het ook aan die 2008-spele van Universiteit Sport Suid-Afrika (USSA) deelgeneem en die derde algehele posisie verower. Een van die studeute is vir die Suid-Afrikaanse Studentespan gekies.
- Die kampuskrieketspan het vir die eerste keer aan die A-groep van die USSA deelgeneem. Drie spanne van die Kampusklub het aan die plaaslike en Gauteng-ligas deelgeneem. Drie lede van die klub is vir die Gauteng-distriktespan gekies. 'n Nuwe krieketveld en klubhuis is in die proses van voltooiing.
- Die netbalspan het ook vir die eerste maal in USSA se A-afdeling deelgeneem, en drie van die spelers is in die Vaaldriehoek se provinsiale span ingesluit.
- Die kampusrugbyspan en die Vaal-rugbyklub het saamgesmelt om die NWU-Vaal-rugbyklub te vorm, wat in die plaaslike liga deelgeneem het.
- Die mansokkerspan het aan die plaaslike liga en ook aan die USSA-spele deelgeneem. Die vrouesokkerspan het gekwalifiseer vir deelname in die Vodacom-liga, en twee van die spelers is vir die nasionale span gekies.
- 'n Kampusfietsryspan het aan die USSA-spele deelgeneem en in die algehele vyfde plek geëindig.



Oudstudeute

'n Oudstudeute van die Kampus, me Linda Dingiswayo, het die 2007-begrotingstoepspraakkompetisie van Ou Mutual/Ned Bank gewen. Sy het die HonsBCom in Bankrisikobestuur op die Vaaldriehoekskampus voltooi en is tans 'n kadet in die nagraadse program van die SA Reserwe Bank. Sy is die eerste vrou om hierdie kompetisie te wen, en die Kampus is baie trots op haar prestasie.

'n Toekenningsfunksie vir oudstudeute is gedurende die jaar aangebied om individuele sukses te bekroon en ook om erkenning te verleen aan daardie oudstudeute wat verandering en regenerasie in hul onderskeie gemeenskappe en korporatiewe omgewings bewerkstellig het. Teen die einde van die jaar het die Kampus se databasis van oudstudeute tot 3 000 inskrywings toegeneem.

MIV/VIGS

Die veldtog om bewustheid van MIV/Vlgs op die Kampus te verhoog, het gedurende 2008 voortgeduur. Studeute en personeel het aan die Zerovoorkoms-studie en Risikoevaluering ten opsigte van MIV/Vlgs in die hoëronderwyssektor deelgeneem.

Die studie sal institusionele response op MIV/VIGS lei en 'n begrip van die siekte binne die hoërondwyssektor voorsien. MIV/VIGS-beradings- en -toetsingsdienste is deur die kampuskliniek voorsien, en die bewusmakingsveldtog het op gesonde seksuele gedrag en reprodktiewe gesondheid gefokus.

Die omgewing

Gedurende die "Be Active"-dag het personeel gehelp met die groenmaak van die Kampus deur 130 inheemse bome op die terrein te plant. Deur hierdie gebaar het hulle gedemonstreer dat hulle omgee vir die omgewing en graag 'n nalatenskap vir die toekoms wil agterlaat.

Ten slotte

As daar na die Vaaldriehoekkampus se prestasies vir 2008 teruggekyk word, is dit duidelik dat baie bereik is om strategiese doelwitte in onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid te verwesenlik.

Terselfdertyd is daar 'n aantal uitdagings wat die hoof gebied moet word onderweg na die uiteindelijke doelwit om 'n doeltreffende, gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsvennoot binne die NWU-gemeenskap te word. Onmiddellike uitdagings vir 2009 is om die momentum te handhaaf wat in 2008 bereik is, terwyl daar vir die Institusionele Oudit voorberei word.



PROF PJJ PRINSLOO
KAMPUSREKTOR: VAALDRIEHOEK

DIE VAALDRIEHOEKKAMPUS IS **GEDRYF** DEUR 'N VASBESLOTENHEID OM NIKS MINDER AS **UITNEMENDHEID** IN ALLE AKTIWITEITE TE **BEREIK** NIE.



"WANNEER ONS *TE DOEN KRY* MET MENSE WAT *VERSKILLEND* IS AS ONS, *LEER ONS MEER* VAN HUL KULTURE, EN HIERDIE INTERAKSIE *VERBREED* UITEINDELIK ONS *PERSPEKTIEF*."
– STUDENTE, VAALDRIEHOEKKAMPUS



**"DIVERSITEIT OMVAT ALMAL SE UNIEKHEID EN VERSKILLE. HOE MEER DIVERS ONS IS, HOE GROTER IS DIE POEL VAN MOONTLIKE IDEES. MULTIKULTURALISME BY DIE NWU LEER ONS OM MENSE TE VERSTAAN EN TE RESPEKTEER EN OM NA MEKAAR TE LUISTER. OM DIE WAARHEID TE SÊ, VIR BAIE MENSE BUIE DIE UNIVERSITEIT IS DIT INTERESSANT OM TE SIEN HOE GOED DIE NWU DIVERSITEIT BESTUUR."
– PERSONEEL, VAALDRIEHOEKKAMPUS**



FINANSIËLE OORSIG

130 Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite

138 Gekonsolideerde Balansstaat soos op 31 Desember 2008

139 Gekonsolideerde Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2008

VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE




Die finansiële oorsig vir die jaar geëindig 31 Desember 2008 word onder die volgende opskrifte aangebied:

Winsgewendheid en groei

Die Noordwes-Universiteit se opgehoopte reserwes het in die 2008- finansiële jaar verbeter weens 'n netto surplus van R70,9 miljoen (2007: R85,1 miljoen), wat 4,2% (2007: 5,9%) van die totale inkomste verteenwoordig.

Die totale inkomste van die Universiteit het met 16,4% toegeneem tot 'n totale inkomste van R1 671,4 miljoen, terwyl die totale uitgawes met 18,5% tot 'n totale uitgawe van R1 600,5 miljoen vir die 2008- finansiële jaar toegeneem het.


Winsgewendheid en groei



Reserwes


Hoewel die Universiteit se opgehoopte reserwes in die 2008- finansiële jaar verbeter het, het die beskikbare fondse tot 28,8% (2007: 29,9%) van totale ekwiteit gedaal.

Ekwiteit – Beskikbare fondse: Geormerkte fondse




Die totale inkomste van die Universiteit uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd vervreemding van EAT, aansuiwering van voorsiening vir waardedalingsverliese en samesmeltingsfondse) het met 16,2% tot 'n inkomste van R1 650,4 miljoen toegeneem, terwyl die totale uitgawes uit herhalende aktiwiteite met 15,8% tot 'n totale uitgawe van R1 568,2 miljoen vir die 2008- finansiële jaar toegeneem het. Die surplus vir die 2008- finansiële jaar uit herhalende aktiwiteite verteenwoordig 5,0% (2007: 4,6%) van die totale herhalende inkomste, wat goed binne die norm vir die sektor is, en 'n aanduiding van gesonde finansiële stabiliteit.

Surplus-tot-omset-verhouding vanaf bedryfsaktiwiteite



Die Universiteit se opbrengs (uit herhalende aktiwiteite) op aangewende kapitaal (totale bates minus herhalende aanspreeklikhede) het tot 6,8% verbeter (2007: 5,9%).

Opbrengs op aangewende kapitaal




Die Universiteit se inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 40,0% (2007: 39,8%) van die totale inkomste.

Die studentverwante inkomste het met 10,5% vir die 2008-jaar toegeneem. Die totale studentverwante inkomste verteenwoordig 20,3% (2007: 21,4%) van die totale inkomste. Vir die 2008-jaar was daar 'n 7,0%-gemiddelde styging in klasgelde vir die Potchefstroom- en Vaaldriehoekcampus en 'n gemiddelde styging van 13,0% vir die Mafikengkampus, ten einde die gelde oor 'n tydperk van sewe jaar te harmoniseer.

Die Universiteit se verklaarde finansiële doelwit, naamlik om sy afhanklikheid van die staat voortdurend te verminder, word dus gehandhaaf.

Totale inkomste per kategorie




Totale uitgawes het met 18,5% gestyg.

Personeelvergoeding het met 15,5% (2007: 7,0%) toegeneem. Die totale koste van personeeluitgawes was 47% (2007: 47%) van die totale inkomste, wat goed binne die norm vir die sektor is.

Bedryfsonkoste het met 17% (2007: 22%) toegeneem en verteenwoordig 43% (2007: 42%) van totale inkomste.

Ander uitgawes met betrekking tot depresiasie, amortisasie, finansieringskoste en waardedalingsverliese het met 67,2% toegeneem. Dit is hoofsaaklik as gevolg van voorsiening vir waardedalingsverliese wat beduidend toegeneem het.

Die Universiteit het 'n rollende tienjaarplan waarvolgens grootskaalse gebou-instandhouding plaasvind en wat jaarliks evalueer word ten einde die geboue behoorlik in stand te hou. Die groot toename in die voorsiening hiervoor is te wyte aan ondergrondse elektriese kables wat vervang moet word.




Toegevoegde waarde

Soos in die verlede het die Universiteit weer wesenlike waarde aan die ekonomie toegevoeg. Met betrekking tot die Universiteit as 'n tersiêre instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (insluitende gemeenskapsdiens) kan die volgende uitgelig word:

- 12 337 (2007: 11 346) studente het gedurende 2008 grade en diplomas ontvang, wat 'n styging van 9% verteenwoordig.
- R69,5 miljoen (2007: R58,9 miljoen) is as beurse aan studente toegeken, wat 'n styging van 18% verteenwoordig.

Solvabiliteit


Die totale laste (R621,0 miljoen) uitgedruk oor opgehoopte reserwes (R803,1 miljoen) dui aan dat die Universiteit se verhouding van skuld tot beskikbare fondse op 0,77 (2007: 0,77) gehandhaaf is.



Die totale laste uitgedruk oor totale bates vir die 2008- finansiële jaar het tot 0,44 (2007: 0,43) toegeneem. Die totale laste word 2,29 maal (2007: 2,31 maal) deur die totale bates gedek.

Solvabiliteitsverhoudings gee steeds 'n duidelike aanduiding dat die Universiteit solvent is en in staat om sy verpligtinge op die lang en die kort termyn na te kom.


Solvabiliteit – Totale laste: Totale bates



Likiditeit


Die bedryfskapitaalverhouding dui aan dat die bedryfslaste 2,52 maal (2007: 2,46 maal) deur die bedryfsbates gedek is. Indien die ontleding in randwaarde uitgedruk word, het die bedryfsbates met R18,1 miljoen vir die 2008- finansiële jaar afgeneem, terwyl die bedryfslaste vir dieselfde tydperk met R12,5 miljoen afgeneem het. Die daling in bedryfsbates is hoofsaaklik die gevolg van die daling in kontant en kontantekwivalente.

Likiditeit – Bedryfsbates: Bedryfslaste



Hoewel die Universiteit se verhouding van kontant en kontantekwivalente tot bedryfslaste van 2,14 in 2007 tot 2,01 gedurende die 2008- finansiële jaar gedaal het, is dit steeds bewys van die goed bestuurde kontantvloeï van die NWU.

Likiditeit – Kontant en kontantekwivalente: Bedryfslaste




Hefboomfinansieringsverhoudings

Hefboomverhoudings ontleed die mate waarin langtermynfinansiering as 'n bron van finansiering gebruik word. Dit is 'n langertermyn-aanduiding van likiditeit.


Nie-bedryfslaste verteenwoordig 33,4% (2007: 31,5%) van die totale fondse wat aangewend is.

Hefboomverhouding – Nie-bedryfslaste: Nie-bedryfslaste en ekwiteit



Die totale nie-bedryfslaste uitgedruk oor ekwiteit vir die 2008- finansiële jaar het tot 50,1% (2007: 45,9%) gestyg.

Hefboomverhouding – Nie-bedryfslaste: Ekwiteit




Die styging in nie-bedryfslaste is hoofsaaklik toe te skryf aan bykomende uitgestelde inkomste wat vir die doeleindes van infrastruktuurverbetering van die Departement van Onderwys ontvang is. Hierdie inkomste sal verwesenlik word indien en wanneer die infrastruktuur gekapitaliseer word.

Kontantvloei

Surplus genereer met betrekking tot kontantvloei

Die Universiteit het 'n surplus van R70,9 miljoen vir die 2008- finansiële jaar genereer. Die netto kontantvloei het met R54 miljoen vir dieselfde finansiële jaar afgeneem. Vir die 2007- finansiële jaar het die netto kontantvloei met R28 miljoen toegeneem. Hoewel die kontant en kontantekwivalente vir 2008 afgeneem het, is die NWU steeds in 'n baie lewensvatbare kontantvloeisituasie.

Kontant en kontantekwivalente



Ten slotte

Die Universiteit was in staat om die volgende finansiële doelwitte gedurende die 2008- finansiële jaar te verwesenlik:

- Om sy verminderde afhanklikheid van die staat te handhaaf (die subsidie-inkomste is 40% van die totale inkomste);
- Die netto surplus vir bedryfsaktiwiteite moet tussen 3% en 6% wees (2008: 5%);
- Om te verseker dat die NWU 'n lopende saak is deur sy solvensiestand te verstewig en gesonde likiditeitsvlakke gedurende die 2008- finansiële jaar te handhaaf.
- Beurse aan studente toegeken, het met 18% toegeneem.

Hoewel die ekonomiese afswaai wêreldwyd ook 'n invloed op die NWU het, is die Raad en Bestuur gesamentlik daartoe verbind om hierdie probleme op so 'n wyse te bestuur dat die Universiteit die minimum gevolge hiervan sal ly.



PROF IJ ROST

UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE



GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT SOOS OP 31 DESEMBER 2008

	2008		2007	
	R'000	%	R'000	%
BATES				
Nie-bedryfsbates	873 161	61,3	766 489	57,4
Eiendom, aanleg en toerusting	493 035	34,6	439 712	32,9
Beleggingseiendomme	24 601	1,7	25 117	1,9
Ontasbare bates	30 814	2,2	28 870	2,2
Langtermynbeleggings	324 711	22,8	272 790	20,4
Bedryfsbates	550 964	38,7	569 062	42,6
Voorraad	13 189	0,9	13 718	1,0
Handels- en ander debiteure	97 913	6,9	61 521	4,6
Kontant en kontantekwivalente	439 862	30,9	493 823	37,0
Totale bates	1 424 125	100,0	1 335 551	100,0
FONDSE EN LASTE				
Fondse beskikbaar				
Opgehoopde fondse	803 113	56,4	756 635	56,7
Totale laste	621 012	43,6	578 916	43,3
Nie-bedryfslaste	402 266	28,2	347 658	26,0
Langtermynlenings	23 560	1,7	25 815	1,9
Na-aftreevoordele	255 543	17,9	256 068	19,2
Uitgestelde inkomste	123 163	8,6	65 775	4,9
Bedryfslaste	218 746	15,4	231 258	17,3
Handels- en ander krediteure	153 700	10,8	192 964	14,4
Huidige inkomstebelastingaanspreeklikheid	159	0,0	253	0,0
Huidige gedeelte: Langtermynlenings	2 255	0,2	2 590	0,2
Huidige gedeelte: Na-aftreevoordele	11 634	0,8	4 349	0,3
Huidige gedeelte: Uitgestelde inkomste	16 246	1,1	19 417	1,5
Studentedeposito's en vooruitbetaalde inkomste	34 752	2,5	11 685	0,9
Totale fondse en laste	1 424 125	100,0	1 335 551	100,0

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2008

	2008	% van	2007	% van
	R'000	totale	R'000	totale
		inkomste		inkomste
HERHALENDE ITEMS	82 204	4,9	65 698	4,6
Inkomste	1 650 373	98,7	1 420 193	98,9
Staatsubsidies en -toekennings	667 939	40,0	571 531	39,8
Onderrig- en ander gelde	338 970	20,2	306 861	21,4
Inkomste uit kontrakte (navorsing en ander)	100 798	6,0	82 350	5,7
Inwoning en voedseldienste	135 008	8,1	119 941	8,4
Dienste – entrepreneursaktiwiteit	245 069	14,7	207 395	14,4
Private skenkings en toekennings	44 353	2,7	38 012	2,6
Beleggingsinkomste	118 236	7,0	94 103	6,6
Uitgawes	1 568 169	93,8	1 354 495	94,3
Personeelvergoeding	780 612	46,7	676 030	47,1
Bedryfskoste	712 354	42,6	614 417	42,7
Depresiasie en amortisasie	63 021	3,8	53 844	3,8
Finansieringskoste	12 182	0,7	10 204	0,7
NIE-HERHALENDE ITEMS	(11 344)	(0,7)	19 549	1,3
Inkomste	20 978	1,3	15 402	1,1
Wins/(verlies) op verkoop van EAT	(544)	(0,0)	3 849	0,3
Wins/(verlies) op beleggings	5 349	0,3	1 246	0,1
Ander nie-herhalende inkomste	16 173	1,0	10 307	0,7
Uitgawes	32 322	2,0	(4 147)	(0,3)
Bedryfskoste	7 932	0,5	351	0,0
Waardedalingsverlies (Bates – EAT)	24 390	1,5	(4 498)	(0,3)
Netto surplus voor belasting	70 860	4,2	85 247	5,9
Inkomstebelasting	7	0,0	184	0,0
Netto surplus vir die jaar	70 853	4,2	85 063	5,9

LYS VAN AFKORTINGS

AKSSS	Advieskomitee oor Studentesteundienste
AUTHeR	Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing
BGSED	Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging
BIVSA	Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika
BMX	"Bicycle Motocross"
CH@S	Connecting Helpers and Students
DALRO	Dramatic, Artistic and Literary Rights Organisation (Edms) Beperk
DIT	Departement Inligtingstechnologie
DPSA	Disabled People South Africa
DvO	Departement van Onderwys
DWT	Departement Wetenskap en Tegnologie
DWWA	Derde Wêreldakademie vir Wetenskap
eFundi	Die NWU se e-leerstelsel
Eish!	Die NWU se interne personeelnuusbrieff
ENB	Eerste Nasionale Bank
FASRek	Fisiese Aktiwiteit Sport en Rekreasie
FDS	Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling
FIFA	Fédération Internationale de Football Association
GOS	Gevorderde Onderwysertifikaat
GR	Geoktrooieerde Rekenmeester
HART	Hipertensie in Afrika Navorsingspan
HEAIDS	Hoëronderrwys-VIGS
HEMIS	Hoëronderrwys- bestuursinligtingstelsel
HESA	Hoër Onderwys Suid-Afrika
HOKK	Hoëronderrwyskwaliteitskomitee
IBSO	Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling
IB	Institusionele Bestuur
IE	Intellektuele Eiendom
IER	Intellektuele Eiendomsregte
IF	Institusionele Forum
IIGVOF	Institusionele Indiësnemingsgelykheid- en Vaardigheidsontwikkelingsforum
IKAS	Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde
IKND	Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente
IKNI	Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie

IKT	Inligtings- en Kommunikasietegnologie
IKS	Inheemse Kennisstelsels
IP	Institusionele Plan
ITIB	Inligtingstechnologie-infra- struktuurbiblioteek
ITNU	Institusionele Toekenning vir Navorsingsuitnemendheid
ITOU	Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid
IVSR	Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad
KMB	Korporatiewe Maatskaplike Belegging
KSV	Korporatiewe Sake en Verhoudinge
KVSR	Kampus- Verteenwoordigende Studenteraad
LKA	Lewenskosteaanpassing
LibQUAL	Die suite van dienste wat biblioteke gebruik om gebruikers se menings oor dienskwaliteit te verkry, te volg, te gebruik en daarvolgens op te tree.
MATCH	MATCH EVENTS SERVICES (PTY) Ltd (Registrasienuommer 2006/003884/07) is die enigste amptelike maatskappy wat aangestel is om alle kaartjie-, akkommodasie- en geleentheidsinligting namens FIFA vir die 2010 FIFA -Sokkerwêreldbeker te voorsien.
MBA	Meestersgraad in Besigheidsadministrasie
MHIG	Komitee vir Mensehulpbronne en Indiësnemingsgelykheid
MIV	Menslike Immunitetsgebrekvirus
MUSA	Medisyneverbruik in Suid-Afrika
MKBR	Modulêre Korrelbedreaktor
MRK	Menseregtekommissee
MTN	Hierdie instansie is 'n wêreldwye kommunikasievennoot en wêreldklas- sellulêre netwerk.
MULOA	Munisipale Leierskaps- en Opleidingsakademie
NASA	National Aeronautics and Space Administration
NGOS	Nagraadse Onderwysertifikaat
NGDB	Nagraadse Diploma in Bestuur
NRO	Nieregeringsorganisasie

NNS	Nasionale Navorsingstigting
NSFAS	Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente
NWNKK	Noordwes-navorsingskoördineringskomitee
NWWP	Noordwes-Wetenskapspark
NWU	Noordwes-Universiteit
OE	Organisatoriese Entiteit
OHB	Ondernemingshulpbronbeplanning
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
OKTVVO	Omvattende Kerntoetsverbodverdrag-organisasie
OOOP SETA	Onderwys & Opleiding-ontwikkelingspraktyke – Sektorowerheid vir Onderwys en Opleiding
Oracle-ERP	Oracle Enterprise Resource Planning
OVSA	Onderwysvereniging van Suid-Afrika
PALAMA	Akademie vir Leierskap in Publieke Administrasie en Bestuur
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PEPFAR	Presidensiële Projek vir VIGS-verligting
PR	Persoonlike rekenaar
PRSETA	Plaaslike Regering-Sektorowerheid vir Onderwys en Opleiding
PURE-studie	"Prospective Urban and Rural Epidemiological"-studie
SABBA	Simpatiese Aktiwiteit en Bewegende Bloeddruk van Afrikane
SAIEI	Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektroniese Ingenieurswese
SAKAI	Hierdie is 'n gemeenskapsbronprojek en honderde universiteite (insluitende die NWU) neem daaraan deel. Dit behels die ontwikkeling van 'n leerderbestuurstelsel.
SANPAD	Suid-Afrikaans-Nederlandse Navorsingsprogram oor Alternatiewe in Ontwikkeling

SANRB	Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes
SAOG	Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap
Sasol	Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie
SASSU	Suid-Afrikaanse Studentesportunie
SASU	Suid-Afrikaanse Studente-unie
SEACON	Hierdie is 'n ondersese optiesevesel-kommunikasiekabel.
SEB	Swart Ekonomiese Bemagtiging
SHBP	Sentrum vir Hoëprestasie-berekening
SI	Aanvullende Onderrig
STSWT	Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -Tegnologie
SUT	Sentrale Universiteit van Tegnologie
SUV	Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding
THRIP	Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne in die Nywerheid
TOK	Transformasie-Oorsigkomitee
UJ	Universiteit van Johannesburg
UK	Universiteit van Kaapstad
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
UP	Universiteit van Pretoria
USSA	Universiteitsport Suid-Afrika
VBT	Vrywillige Berading en Toetsing
VE	Voltydse Ekwivalent
VIGS	Verworwe Immunitetsgebreksindroom
VOO	Verdere Onderwysersopleiding
VSR	Verteenwoordigende Studenteraad
VSS	Varsité-studentestelsel
WIT	Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie
WITS	Universiteit van die Witwatersrand

ERKENNING

Navrae en kontakbesonderhede

NWU Institusionele Kantoor

Privaatsak 1290, Potchefstroom, 2520, Republiek van Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 299 4931

Faks: +27 (18) 299 4938

E-pos: phumzile.mmope@nwu.ac.za

Webwerf: www.nwu.ac.za

Mafikengkampus

Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 389 2144

Faks: +27 (18) 389 2375

E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

Potchefstroomkampus

Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 299 2769

Faks: +27 (18) 299 2767

E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

Vaaldriehoekkampus

Posbus 1174, Vanderbijlpark, 1900, Suid-Afrika

Tel: +27 (16) 910 3180

Faks: +27 (16) 910 3326

E-pos: solly.legodi@nwu.ac.za

Jaarverslag-taakspan

Mee E de Beer, A de Waal, N Engelbrecht, J Jansen van Vuuren, P Mmope, A van der Merwe,
L Wagner, en mnre L Jacobs en D Walker

Fotografie

Maclez Studio, Eddie Alberts, Adriaan van der Walt

Redigeerder

Me Clairwyn van der Merwe

Ontwerp, uitleg en drukwerk

Infoworks

Tel: +27 (18) 468 2716

Faks: +27 (18) 468 7782

Webwerf: www.infoworks.biz

Die 2008-Jaarverslag is deur die Institusionele Kantoor vir Korporatiewe Sake en Verhoudinge gepubliseer.
Hierdie publikasie is ook in Engels beskikbaar.

